

4. AKTUEEL - FUNKSIONEEL

KERKREG EN KERKORDE

4.1 VERKENNING

'n Skrifbepaalde beskouing oor kerkreg en kerkorde is eerstens afhanklik van 'n visie op die Bepaler en Bedienaar van die reg en die orde vir die kerk (kyk 2.1 en 2.9). Tweedens is só 'n Skrifbepaalde beskouing logies gebonde aan die kerk wat God as die georganiseerde gestalte van die nuwe mensheid in aansyn geroep het (kyk 3.2.2). Derdens is God se reg en orde vir sy kerk van integrale betekenis vir die ontplooiing van 'n Skrifbepaalde kerkreg- en kerkordebeskouing.

In hierdie afdeling word die kring voltrek. Die gevolgtrekkings uit die ekumenies-prinsipiële afdeling het tot die posisiekeuse gelei, naamlik dat God die Bepaler en Bedienaar van die reg en die orde vir die kerk is. Die betekenis van die begrip 'kerk', sowel as die inhoud van God se reg en orde vir sy kerk is in die prinsipieel-aktuele afdeling nagevors. In hierdie afdeling, Aktueel-Funksioneel, word die konsekwensies uit die ondersoek verdiskonteer. Hier moet kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk besien word.

Omdat beide, kerkreg en kerkorde, nie 'n onderafdeling van die staatlike reg is nie (vgl. 2.9), moet die grondslae daarvan nie in die sfeer van die algemene regsleer, oftewel die regsfilosofie gesoek word nie. Die grondslae van die kerkreg en die kerkorde is in God se geopenbaarde wil te vinde (vgl. 1.1), en meer in die besonder in sy reg en orde vir sy kerk, soos dit in die voorafgaande deel van die studie onder die afdeling 'Prinsipieel-Aktueel' ontplooi is. Dit beteken egter nie dat die regsfilosofie nie gebruik moet word vir die plek- en posisiebepaling van die

kerkreg teenoor die algemene reg nie. Trouens, die regsfilosofie is noodsaaklik om byvoorbeeld die verhouding reg-kerkreg-staatlike reg in 'n juiste perspektief te plaas, én om ook uit dié benaderingshoek 'n perspektief op die reg te kry, juis ter wille van 'n gefundeerde teologiese beskouing.¹⁾

Kerkreg, en derhalwe ook die daaruit bepaalde kerkorde, moet vanweë die werklikheid waarin ons lewe teen die donker agtergrond van Genesis 3 besien word: opstand, eiesinnigheid, vervreemding van God, en die mens se dwase maar dwingende ambisie om homself as die bepaler en bedienaar van die reg en die orde te sien. Maar kerkreg en kerkorde moet óók in perspektief van Golgota besien word, waar die Son van Geregtigheid in die middel van die eeue ondergegaan het en weer opgekom het om nooit weer op te hou skyn nie.

Vir die ontplooiing van 'n kerkregbeskouing in die lig van God se reg vir sy kerk moet die betekenisaspekte van God se reg en geregtigheid steeds in ag geneem word (kyk 3.3.4). Hierdie betekenisaspekte fokus soms op die sentrum, maar dikwels (ongenoemd) vanuit die periferie, bepalend op die onderwerp. Vanweë die Christologiese sentreerpunt in God se reg en geregtigheid vir sy kerk, moet dit steeds in gedagte gehou word dat 'n mens in 'n ondersoek na die betekenis en die draagwydte van kerkreg te staan kom voor die konkrete gestalte van God se *liefde* (beliggaam in sy heerskappy in en deur Christus) en sy *genade* (beliggaam in die oorwinning oor Satan in en deur Christus), asook die *regverdiging* van die sondaar (soos beliggaam in Christus se soenoffer) (vgl. 3.3.4). Dit stel 'n mens voor die versoeking om 'n kerkregbeskouing òf as 'n 'liefdesreg' uit te bou (bv. soos Johannes Heckel se "*Lex charitatis*"; vgl. Heckel 1964:10,137; 1973:229), òf as 'n 'genadereg' (bv. soos Hans Dombois se "*Das Recht der Gnade*", bde 1,2,3; vgl. Dombois 1969, 1974, 1983), òf as 'n 'regverdigingsreg' (bv. soos Wilhelm Dantine se "*Recht aus Rechtfertigung*"; vgl. Dantine 1982).

In die lig van die wyd geskakeerdheid van God se reg en geregtigheid vir sy kerk, blyk genoemde kerkregstiperinge (hoe beduidend ook al) slegs aspekte van die waarheid te wees. Die kerkregbeskouing wat hier ontplooi word, fokus op die wye openbaringsinhoud van God se reg *as dit wat ooreenkomstig sy wil goed in sy oog is*, sowel as op sy geregtigheid *wat die realisering van sy reg in sy handelinge met en vir die mens behels* (kyk 3.3.4).

Vir die ontplooiing van 'n kerkordebeskouing in die lig van God se orde vir sy kerk dien die betekenisaspekte van God se orde (kyk 3.4.2.3; 3,4,3,3) eweneens meer as agtergronddekor. Trouens, hierdie betekenisaspekte is die raamwerk waarbinne die kerkordebeskouing 'n bepaalde beslag verkry. Want God se orde vir sy kerk is volstrek normatief en inhoudelik bepalend vir die inhoud, wese en doel van die kerkorde. God se orde as 'die pad van die lewe', 'die lewensreël van gehoorsaamheid', 'die pad van die reg', en-sovoort (kyk 3.4.2.2.), moet in die kerkorde weergegee word.

In die eerste hoofstuk van hierdie afdeling word reg en kerkreg in verhouding tot mekaar besien, waaruit algaande 'n eie, Skrifbepaalde beskouing ontwikkel word. Daarna word kerkreg in enkele kontekste geplaas om 'n aantal grondliggende lyne ten aansien van die kerkregbeskouing verder te ontplooi. Daar is ook 'n oorsigtelike differensiasie nodig om kerkreg se plek en funksie teenoor die staatlike reg te omlin, waardeur die wese en die aard van die kerkreg nog duideliker aan die lig kom.

In die tweede hoofstuk van hierdie afdeling word die kerkorde in onderskeid met God se orde vir sy kerk nagegaan. Wesensaspekte en die dienskarakter van die kerkorde word blootgelê. 'Sleutels' wat nodig is vir die hantering van die kerkorde tot opbouing van die kerk, word aan die hand gedoen. Die kerkorde word ook by wyse van 'n kort kontrastering met die wet (statuut) in pers-

pektief gestel. Die lyne trek in 'n oorsigtelike beligting van die kerkorde se sekondêre funksie saam.

Aan die einde van die afdeling word onder die noemer 'Balans' die verhouding kerkreg en kerkorde bepaal, sowel as die betekenis van die verhouding vir die verskillende kerkregeringstelsels. Daarmee word die kring voltooi, sodat die 'Besluit' as die laaste hoofstuk aangebied kan word.

4.2 KERKREG IN DIE LIG VAN GOD SE REG VIR SY KERK

4.2.1 *Reg en kerkreg*

4.2.1.1 Inleiding

Vanweë die onmiskenbare belang van 'n Skrifgebonde regsbegrip vir die ontwikkeling van 'n kerkregbeskouing (vgl. Rutgers 1894:17vv), word kerkreg in hierdie deel van die ondersoek in konteks met die reg gestel. Uiteraard kan die Christelike regsfilosofie daartoe diensbaar wees. Met behulp van 'n Skrifgebonde regsbegrip kan die inhoud, die funksie en die begrensing van kerkreg - teen die agtergrond van 'n Skrifgebonde kerkbegrip (kyk 3.2.3) - in onderskeid met die staatlike reg bepaal word.

Eensyds kan op dié wyse voorkom word dat 'n staatlike regsbegrip sonder meer as uitgangspunt geneem word en met kerkregtelike inhoude gelaai word. Om staatlike regsnorme sonder meer op die kerkreg van toepassing te maak, is om die kerk se unieke, eie aard in onderskeid met die staat te misken.

Kerkreg moet vanuit 'n Skrifbepaalde regs- en kerkbegrip gedefinieer word (vgl. in hierdie verband Luf 1983:24vv).

Andersyds kan voorkom word dat 'n kerkregbeskouing ontplooi word wat nie verder ontwikkel as die daarstelling van 'n aantal godsdienstige beginsels wat op die Skrif gebaseer is vir die kerklike lewe nie. Godsdienstige beginsels vir die georganiseerde kerklike lewe vorm nie *per se* die inhoud van die kerkreg nie (vgl. Van Zyl & Van der Vyver 1982:146).

Onder die noemers 'Reg en oorsprong van die reg' en 'Reg en kerk' word 'n verskeidenheid strominge en beskouings behandel. Onder die noemers 'Reg en sondeval', 'Wese van die reg' en 'Kerkreg' word teties op die onderwerp gekonsentreer ten einde 'n eie beskouing te ontwikkel.

Hoewel die versoeking daartoe groot is, kan onder die eersgenoemde noemers nie breedvoerig op die vermelde strominge en beskouings ingegaan word nie, vanweë die beperkings wat op 'n studie soos hierdie gelê moet word. Daarom sal ek in elke geval trag om die essensie weer te gee.

4.2.1.2 Reg en oorsprong van die reg

4.2.1.2.1 Die Griekse filosowe

Die vraagstuk na die oorsprong van die reg het die denke oor die reg deur die eeue geboei. Reeds by die ou Griekse filosowe het dit geblyk dat dit in die reg gaan om die reëls vir die menslike gedrag in die lig van die wil van die gode daar te stel. Die diepste oorsprong van die regsídee¹⁾ het dus hier buite die mens, in die wil van die gode gesetel. Omdat die gode egter stomme mensemaaksels was, het die regsíbegrip sy oorsprong aan die menslike wil ontleen. Ondanks die Sofiste se uiteenlopende gedagterigtings kom hulle grotendeels ooreen in die beskouing dat die oorsprong van die reg in die mens setel. Vir hulle is die reg in hoofsaak die *modus vivendi* tussen mense onderling, wat deur onderlinge oorleg tot stand kom (Langemeijer 1970:23v; vgl. Van der Linde 1965:13).

Die eerste indringend geformuleerde natuurregsbeskouing het sy oorsprong by Aristoteles (384-322 v.C). Die natuurreg is vir hom altyd en orals geldend. Die onderhorigheid wat die burgers aan die staatlike reg moet betoon, is aan die natuurreg toe te skryf wat ook in die staatlike reg (as mensewerk) figureer. Die natuurreg vloei as onveranderlike reg uit die menslike natuur voort. Die regtelike posisie van die vors, oftewel die staatsowerheid, word uit die natuurreg afgelei. Die reg wat deur die staatsowerheid gestig word, is die *ius positivum*. Uit dié gedagtegang dat die oorsprong van die positiewe reg natuurregtelik in die staatsowerheid geleë is,

het die latere soewereiniteitsgedagte ontwikkel (Rehm 1896:157v).

Plato (427-347 v.C) het die gedagte van die regsoorsprong buite die mens gekombineer met die natuurregtelike idee van die regsoorsprong vanuit die mens. Hy het geleer dat die menslike siel (*nous*) 'n vroeëre bestaan in 'n ideë-wêreld gevoer het waar alles volmaak volgens die ewige beginsels van waarheid, goedheid en skoonheid is. Nou is die siel in die liggaam ingekerk-er, maar hy dra nog herinneringsbeelde van die ideë-wêreld in hom om. So het die reg sy oorsprong eerstens in die ideë-wêreld. Die reg word eg-ter deur die mens se natuurregtelike herinnering aan die ideë-wêreld ge-vestig (Van Zyl & Van der Vyver 1982:57; Corecco 1983:12v).

Die Griekse denkers het die basis gelê van waaruit 'n verskeidenheid teorieë oor die oorsprong van die reg vertak het. Die teorieë word vervolgens bondig weergegee.

4.2.1.2.2 Teorieë

4.2.1.2.2.1 Die natuurregsleer

Die *naturalistiese* beskouing, oftewel die skool van die natuurreg, stel die menslike rede as die grondslag van die reg. Op hierdie grondslag figu-reer twee hoofbeskouings: enersyds word die natuurreg as 'n *opperreg* be-skou, andersyds as 'n *ideale* reg. Die heersende gedagte in die natuurreg is die inherente goedheid van die mens. Deur te dink kan 'n mens vasstel wat die reëls van die natuurreg is. Dié reëls is deur die natuur gegee en bevat die volgende *essentialia*²⁾ (Verloren van Themaat 1956:5-7; Van Zyl & Van der Vyver 1982:50):

- (i) Die natuurreg is *oorspronklik* en dit geld *per se* (van nature, of vanself), ongeag die positivering daarvan deur 'n regsvoormende or-gaan.

- (ii) Die natuurreg is alomgeldend, *universeel*.
- (iii) Die natuurreg geld *onveranderlik*.
- (iv) Die natuurreg is *goed* en *redelik kenbaar*.
- (v) Die natuurreg is *ongeskrewe*, as 'n stel regsnorme stem dit ooreen met die *regsidee*.

Die hedendaagse natuurregsbegrip wyk in die één belangrike opsig van die oorspronklike betekenis af: Daar is afgesien van die idee van 'n *universeel geldende* en *onveranderlike* natuurreg. Die inhoud van die natuurreg kan van tyd tot tyd en van plek tot plek verskil na gelang van die natuurlike, sosiale en juridiese omstandighede wat die wetgewer op 'n bepaalde tyd en plek voorhande vind en waaraan hy sy regsvoorskrifte moet onderwerp (Van Zyl & Van der Vyver 1982:51). Die natuurregsleer verklaar en omskryf die reg aan die hand van 'n stel nie-gepositiverde regsbeginsele. Daardie regsbeginsele is 'natuurreg' genoem, omdat tradisioneel van die veronderstelling uitgegaan is dat hulle in die natuur veranker is en dat hulle, net soos natuurwette, sonder menslike positivering (en dus vanself) geld (Van Zyl & Van der Vyver 1982:49). Hiervolgens sê Schüle (1926:15): "Das Recht besitzt immer den Charakter der Selbstherrlichkeit".

Die natuurreg se karakter van *ideale* reg wat in die mens setel, het na 'n *opperreg* verander toe dit met die teokratiese opvatting van God as Wetgewer vermeng is. Hiertoe het Augustinus (354-430 n.C) 'n bydrae gemaak in sy beskouing dat die natuurreg bo die positiewe reg staan. Thomas van Aquino (1225-1274 n.C) het aan dié leer verdere momentum gegee met sy beskouing dat die natuurreg die ewige onveranderlike reg is wat God in die mens se hart gelê het. Die natuurreg is dus regstreeks in elke mens ingebore. Covarruvias (1512-1577) het geleer dat die natuurreg indirek van God afkomstig is en dus goddelike reg is. Hierop het die beroemde Nederlandse juris, Hugo de Groot (1583-1645) voortgebou. Volgens hom sou die natuurreg selfs ook gegeld het

al was daar nie 'n God nie. Die natuurreg is volgens hom so onveranderlik dat God self dit nie sou kon verander nie (Verloren van Themaat 1956:8).

Aan die natuurreg het onder meer ook die *soewereiniteitsleer* sy ontstaan te danke. Bodinus, 'n belangrike eksponent van hierdie rigting, het geleer dat soewereiniteit die bevoegdheid is om die hoogste gesag uit te oefen. Hierdie soewereiniteit het, kragtens die natuurreg, die staat toegekom. Maar hoewel die soewerein oppermagtig was, was hy tog ondergeskik aan die *ius divinum* en die *ius naturale*. In die praktyk het hierdie ondergeskiktheid egter weinig beteken. In ooreenstemming met die soewereiniteitsleer kon koning Lodewyk XIV van Frankryk 'n eeu na Bodinus uitroep: "L'etat c'est moi!" ("Ek is die staat!") (Verloren van Themaat 1956:27).

Sedert die helfte van die sewentiende eeu het die natuurreg momentum opgebou. Staat en kerk is in hierdie beskouing nie as goddelike instellings gesien nie, maar op voetspoor van Marsilius van Padua en Willem van Occam as instellings wat uit die vrye wil, vanweë die verstandelike oorlegginge van die mens, ontstaan het (kyk 2.5.3): " ... genauer aus einem Gesellschaftsvertrage und einem Unterordnungsvertrage (*pactum unionis*, *pactum subiectionis*)" (Sehling 1914:35).

Die natuurreg het die septer in die regswetenskappe haas onbestrede tot in die negentiende eeu geswaai. Daardeur is Jean-Jacques Rousseau se "Contrat social ou principes du droit public" (1762) tot 'n hoogtepunt gevoer (Sehling 1914:35). Mede onder invloed van die natuurreg se soewereiniteitsgedagte het die kerkbegrip ook wesenlike verandering ondergaan. Die kerk het 'n vereniging geword, 'n geselskap wat deur ooreenkoms van die lede tot stand kom: "Hier drängt sich der Gedanke der 'Souveränität' in den Vordergrund; alle Gewalt im Staate ist im Landesherrn konzentriert, und die souveräne Staatsgewalt kennt keine andere potestas neben sich an, also sind auch die

Kirchen als Vereine im Staate der Staatsgewalt untertan und diese Staatsgewalt, in bezug auf die Kirche, heisst *ius circa sacra*" (Sehling 1914:35).

Hommies (1961:55) definieer die natuurreg soos volg: "Het natuurrecht in tradisionele zin is het geheel van bovenpositiewe (niet door menselike rechtsvormende wilsverklaring tot standgebrachte) onveranderlike, universele en per se geldende rechtsnorme en eventueel subjektiewe natuurlike rechte met daarmee correlate plichte, die rusten in een al of niet op goddelike oorsprong teruggevoerde natuurlike orde en door de mens op aprioriese wijze uit die natuurlike orde met behulp van de natuurlike rede kunnen worden afgeleid".

Hoewel die oorsprong van die reg volgens die natuurregsleer ook in God kan rus, setel die reg prakties in die (ook menslike) natuur van waaruit die mens dit met sy rede onderken (vgl. Mörsdorf 1964:22v).

4.2.1.2.2.2 Die positiwisme

Dooyeweerd (s.j.:270) tipeer hierdie beskouing soos volg: "Onder positiviese rechtsbeskouing zijn samen te vatten al die rechtsopvattinge, welke het *positiviteitselement*, het *menselike vormingselement* in het rechtsbegrip verabsoluteeren (vandaar de naam: positivisme) en dus den materieele inhoud van het recht *los van alle boven-willekeurige principia* als *louter willekeurig vatten*." Hiervolgens word reg beskou as 'n stelsel van norme of reëls wat deur 'n gesaghebbende persoon of liggaam daargestel word. As sodanig is 'n reël wat nie deur gesag afgedwing kan word nie, nie 'n regsreël nie (Verloren van Themaat 1956:10).

Die kern van die wetsoorsprong in hierdie beskouing is die "sovereign will" as bron van die reg. Die bron is bepalend vir die wese van die reg (Allen 1930:1): indien dit 'n erkende regsbron is, is die reg daarmee

as reg gekwalifiseer (o'B. Geldenhuys 1951:4). Die regsbron kom uit die menslike wil en moet afdwingbaar wees, met geweld, indien nodig. Hiervolgens is reg mag en mag is reg (vgl. o'B. Geldenhuys 1951:5).

o'B. Geldenhuys definieer die reg as " ... geldende bindende reëls vir die menslike samelewing" (1951:14).³⁾ Tereg vra Van der Linde (1965:14): "Watter reëls?" Die positiwistiese antwoord is die reëls wat uit die menslike samelewing kom, die reëls wat uiteindelik hulle oorsprong in die menslike rede en die menslike wil het. In dié verband maak Nembach (1979: 13) die ter sake stelling dat die positiwisme uit die natuurreg voortkom.

Vanweë die verabsoluttering van die menslike vormingselement in die reg, beland die positiwisme in onhoudbare eensydighede. Wanneer 'n bepaalde aspek van die werklikheid (byvoorbeeld die historiese, of die ekonomiese, of die sosiale aspek) as die belangrikste vertakking van die werklikheid aangesien word, word dié aspek tot die grondnoemer verhef in terme waarvan die hele werklikheid geïnterpreteer en omskryf word (Van Zyl & Van der Vyver 1982:64).

Die volgende skole, of beskouingsgroeperinge, kan binne die positiwisme onderskei word:

- (i) *Die utilitarisme* het die *nuttigheidsbeginsel* as kern. Hiervolgens is die positiëwe reg 'n instrument wat die grootste mate van geluk vir die maksimum hoeveelheid mense moet verseker (Van Zyl & Van der Vyver 1982:267). In hierdie beskouing word die reg teleologies veral as 'n middel beskou om die staatsdoel te bereik. Wette is die bevels van die hoogste regeermag. Die doel van hierdie bevels is die grootste mate van tevredenheid onder die grootste aantal onderhoriges. 'n Newedoel van die reg is ook om die menslike vermoëns ten volle te ontwikkel (Verloren van Themaat 1956:12). Die oorsprong van die reg setel, óók volgens hierdie beskouing, in die mens.
- (ii) *Die sosiologiese skool*, wat as kern die *maatskaplike lewe* het.

Reg is volkome afhanklik van die maghebbers. Die maghebbers skryf na willekeur die regsreëls vir die maatskaplike lewe voor, met die voorbehoud dat hulle die lewering van sosiale dienste as 'n primêre taak beskou. Die reg bestaan ook in die teweegbring van ewewig tussen teenstrydige belange, om aldus die maksimum behoeftes met die minimum wrywing te bevredig (Verloren van Themaat 1956:12v). Die oorsprong van die reg setel volgens hierdie beskouing in die staatsowerheid.

- (iii) Die *nasionaliste* of die *historiese skool* (soms ook die *ewolusionisties-historiese skool* genoem) het die *volksgees* as kern. Die voorloper van die skool is die Engelsman David Hume (1711-1776). Maar die eintlike stigter van die skool in die negentiende eeu is die beroemde Duitse regsgeleerde, Von Savigny (1779-1861) (Allen 1930: 16vv; Verloren van Themaat 1956:13). Von Savigny het die ontstaan van die reg in die volk gesoek; op 'n onwaarneembare, onverklaarbare wyse kom die reg uit die volk op. Die volk is die eenheid wat die reg voortbring. Die reg groei saam met die volk. Nie die heerser nie, maar die volk genereer die reg; dus word reg nie van buite af opgelê nie, sy oorsprong lê inherent in die volkslewe (o'B.Geldenhuis 1951:9v). Hierdie beskouing het die oorsprong van die reg in die gemeenskapsbewussyn gesoek, naamlik in die aangebore besef van reg en onreg in die gemeenskap (o'B.Geldenhuis 1951:12).
- (iv) Die *kommunistiese regsfilosofie* van Karl Marx (1818-1883) en Friedrich Engels (1820-1895) beskou die *ekonomiese* bestemming as die kern van die positiewe reg. Ekonomiese feite word nie deur die reg bepaal nie, maar gaan die reg vooraf. Die reg is in die hande van die kapitalisme 'n instrument vir die uitbuiting en onderdrukking van die werkersklas. Na die rewolusie van die werkers word die reg deur die diktatuur van die proletariaat aangewend om steeds die ekonomiese prosesse te reguleer met die doel om die ekonomiese stande-onderskeid uit te wis (Van Zyl & Van der Vyver 1982:70v,268). In hierdie beskouing het die reg sy oorsprong uit die mens en is die mens (materialisties) ekonomies tot diens.

Perspektief: Uit hierdie bondige uiteensetting van die belangrikste beskouingsrigtings oor die ontstaan van die reg, is dit duidelik dat die

mens se soeke na 'n bron van die reg, buite die openbaring van God, uiteindelik telkens in homself eindig. Met verskeie variasies op die tema, met verskillende klemlegginge, is dit die mens wat homself op een of ander wyse met een of ander rasonale motivering op die regstroon plaas, waar hyself as die toegeëinde of gemandateerde bepaler en bedienaar van die reg beskou word. Hiermee bevind die mens hom steeds in die greep van die paradysleuen van Satan (Gn 3), waaruit hy nie vanself kan ontsnap nie (kyk 3.2.2.1). Hierteenoor moet 'n *Skrifgebonde* beskouing gestel word.

4.2.1.2.3 'n Skrifgebonde beskouing

Die invloed wat Calvyn, vanweë sy Skrifgefundeerde teologie ook op hierdie gebied gehad het, en stéeds het, is uit die talle gepubliseerde beskouings daaroor te bereken (kyk Du Plessis 1977). Calvyn oordeel dat die reg sy bron en oorsprong in God het. God se reg én sy mag verbind hy aan *die wil van God* (Baur 1965:5vv). Só is die algemene reg, inhoudelik en formeel aan die wil van God gekoppel. Die reg, toegespits op die kerk, het alles met God te make: " ... und da Christus durch seinem Geist und sein Wort wirkt, als Wortrecht und Geistrecht bezeichnet werden kann. Weil es in Christus und seinem Wort verwurzelt ist, so sind alle von ihm geregelten kirchlichen Ordnungen pneumatisch ... Das Ordnungsrecht der Kirche ist daher ... die Regel des organisch-pneumatischen Wollen in der Kirche (Bohatec 1961: 569-571).

Hoewel Calvyn aspekte van 'n natuurregslêre handhaaf (vgl. Van Zyl & Van der Vyver 1982:55,61), in die sin dat God se wet volgens Romeine 1:20 en 2:14v van nature in alle mense ingegrif is, bly God vir hom die onbetwyfelbare oorsprong van die reg. Waar Calvyn byvoorbeeld sekere natuurregslêre van die dekalog aflei (Van Zyl & Van der Vyver 1982:55), ontkoppel hy dié norme nooit van die Oorsprong nie. Calvyn het nie die natuurreg verself-

standig nie. Hy het ook nie die inherente goedheid van die mens aangehang en geleer dat die natuurreg 'n ewige, onveranderlike reg is wat God in die mens se hart gelê het nie. Calvyn het die totale bedorwenheid van die mens geleer. God se beeld het slegs by wyse van enkele 'vonke' (*scintillae*) en 'saad' (*semina*) in die mens oorgebly (Calvyn se eksegeese van Rm 2:14v (OC 49:37v); Calvyn I,iii,iv). Trouens, Calvyn was 'n besliste teenstander van die tradisionele natuurregsleer (Lang 1909:22v). Waar Calvyn aspekte van die natuurreg implementeer, moet in onderskeid met die tradisionele natuurregsleer eerder van aspekte van 'n *teonome* natuurregsbeskouing by hom gepraat word.

In dieselfde denkklimaat stel Rutgers (1894:34v) dat die reg regstreeks uit God voortvloei, en wel in al die dele en toepassings daarvan. Die reg, "komende ten diepste uit God se gedagtes", kan uit die Heilige Skrif nagespoor word, uit God se werk op die gebied van die natuur en uit sy leiding in die ganse geskiedenis; kortom, die reg kan nagespoor word deur God se ordinansies na te vors. Rutgers (1894:34v) verbind die reg wat van God uitgaan en deur Hom bepaal word by implikasie enersyds aan die *skeppingsorde* (die komponent waaromheen H.G. Stoker sy wysbegeerte - én sy regsfilosofie - sou bou) en andersyds aan die *wetsorde* (die komponent waaromheen H. Dooyeweerd sy wysbegeerte - én sy regsfilosofie - sou bou). Die grondlyne van die menslike samelewing is fundamenteel aan beide komponente gekoppel, dus is die verskeidenheid-in-eie-kring, sowel as die bevoegdheid-in-eie-kring, ook ten opsigte van die gedragsreëls in die samelewing, uit sowel die skeppingsorde as die wetsorde herleibaar (Van Zyl & Van der Vyver 1982:21,26, 27,29).

Dooyeweerd ontken die bestaan van ewigdurende en onveranderlike natuurregtelike beginsels. Volgens hom is die "humanistiese natuurregsleer" onjuridies.

Selfgeldende reg bestaan nie. Reg geld eers wanneer dit deur menslike werkdadigheid gepositiveer is. Hy beklemtoon dat daar sekere Godgegewe beginsels bestaan. Regsreëls is die positivering van daardie Godgegewe beginsels.

Die vereiste wat Dooyeweerd dus vir die positiewe reg stel, is dat dit 'n positivering van Godgegewe beginsels moet wees (Verloren van Themaat 1956: 14v).

Stoker (1970:8-10,29) praat van die *ontiese reg* wat sy oorsprong in die skeppingswil van God het, waaraan die positiewe (menslike) reg getoets moet word. Hierdie ontiese reg behels die regsbeginnels waarsonder menslike regshandeling in humanisme opgaan. Die ontiese reg is behalwe *toetsingsgrond* ook die *ontstaansgrond* van die positiewe reg. Alhoewel die ontiese reg die positiewe reg voorafgaan, beteken dit nie dat die ontiese reg ideël en die positiewe reg reël is nie. Die ontiese reg is wél met die menswees van die mens deur God gegee, terwyl die positiewe reg na aanleiding daarvan deur die mens gevorm is (vgl. Stoker 1967:113v).

In 'n ooreenstemmende standpunt, wat die oorsprong van die reg betref, sê Fabius (1895:15) dat alle reg van God af kom. Daarom is dit moontlik om vir die reg, en derhalwe vir elke geleding van die reg (byvoorbeeld staatslike reg, verenigingsreg, ekonomiese reg, eiendomsreg, mensereg, ensovoort) die beginsels uit die Woord van God op te diep. Daarom kan ook die (kerk)reg slegs van goddelike oorsprong wees.

Perspektief: Op grond van die posisiekeuse dat God die Bepaler en Bedienaar van die reg vir die kerk is (kyk 2.9), kies hierdie studie vir die standpunt *dat die oorsprong van die reg uit God is*, en téén die standpunt dat die reg uit die mens is.

Die beskouing dat die oorsprong van die reg in God setel, in die lig van wat God se reg is - naamlik dit wat ooreenkomstig sy wil goed in sy oog is

(kyk 3.3.4) - lei daartoe dat die positiewe reg met God se reg moet korreleer. Dit beteken dat die reg sy wesensaard, sy kerninhoud en sy geldigheid aan God ontleen, of Hy erken word of nie.

Op die vraagstuk of 'reg' wat vanuit nie-Christelike beskouingshoeke gepositiveer word, ook met God se reg kan korreleer, en dus ook geldende reg kan wees, word onder meer in die volgende subafdeling ingegaan (kyk 4.2.1.3, in die besonder 4.2.1.3.3).

4.2.1.2.4 Samevatting

Die beskouing dat die reg sy oorsprong aan die mens ontleen en derhalwe ook in die mens setel, se grondlyne lê reeds by die *Griekse filosowe*. Hulle het die basis gelê vir sowel die natuurregsleer as die positiwisme.

Die *natuurregsleer* behels die beskouing dat die mens, vanweë sy inherente regsvermoë, denkende die reëls van die natuurreg kan vasstel. Die regsbeginsels is volgens die natuurreg in die natuur veranker. Sonder menslike positivering, net soos die natuurwette, geld dié regsbeginnsels vanself.

Die soewereiniteitsleer, waarvolgens die regsoewerein gewoonlik die staat is, spruit uit die natuurregsleer.

Die *positiwisme* is die regsleer waarvolgens die menslike vormingselement in die regsbegrip verabsoluteer word. Die kern van die regs- en die wets-oorsprong is die 'soewereine wil' van die mens. Onder die regspositiwisme sorteer die volgende beskouingsgroeperinge:

- (i) Die *utilitarisme* wat van die *nuttigheidsbeginsel* uitgaan.
- (ii) Die *sosiologiese skool* wat van die *maatskaplike lewe* uitgaan.
- (iii) Die *(ewolusionisties-)historiese skool* wat van die *volksgees* uitgaan.
- (iv) Die *kommunistiese regsfilosofie* wat van die *ekonomiese* uitgaan.

In hierdie beskouinge wat as die regspositiwisme bekend staan, sowel as in die natuurregsleer, ag die mens homself die oorsprong en bepaler van die

reg. Hierteenoor word God in 'n *Skrifgebonde beskouing* erken as die oorsprong en die setel van die reg. Dié beskouing lei daartoe dat die positiewe reg met God se reg moet korreleer.

4.2.1.3 Reg en sondeval

4.2.1.3.1 Voor die sondeval

Voor die katastrofale gebeure in Genesis 3, toe die mens die leuen van Satan geglo het dat hy soos God sou word (en derhalwe oor die reg sou beskik), was daar geen uiterlike regsorde nodig nie. Dit beteken nie dat daar toe geen (ingeskape) wet was nie; dit beteken wel dat die formele wet en alle uiterlike regsreëls vir die ordening van 'n samelewing toe nie nodig was nie. Die regsorde wat toe geheers het, was 'n innerlike regsorde wat in die volkome harmonie tussen Skepper en skepsel bestaan het (vgl. Fabius 1895:16). Omdat daar volkome vrede geheers het, was daar volkome orde (vgl. 3.4.3.2.2, iv). Voor die sondeval was dié orde die beheersende kwaliteit van die hele werklikheid.

Die orde was volkome. Daar was geen onreg nie, slegs reg. Die volmaakte regsorde het bestaan in God se onverhinderde reg op sy skepping, én in die onbelemmerde regsband tussen God en die mens, maar ook in die ongeskonde reg wat die mens op die aarde ontvang het. God het aan die mens heerskappy gegee, waarin die mens se reg ontplooi het. Daar was ook 'n ongeskonde regsverhouding tussen die mense onderling. Daarvan is die huwelik, vóór die val, 'n sprekende voorbeeld. Ook dié regsbetrekking het geen formele regsreëls en bepalinge nodig gehad nie. Vanweë die ongeskondenheid van die verhouding waarin die vrou as hulp vir die man gestel is, was dit 'n innerlike, volkome harmonieuse regsbetrekking (vgl. Fabius 1895:15).

Aan die regsorde voor die sondeval moenie gedink word in terme van ons formele

regsorde waardeur die kwaad bedwing moet word nie. Aan daardie regsorde moet gedink word in terme van God se ongeskrewe reg op die totaliteit van die mens en die mens se onbelemmerde ooreenstemming met God se wil.

Uit die reg wat reeds van voor die sondeval geld, kan gekonkludeer word dat die reg *an sich* tot die skeppingsorde behoort. Die reg is deur God in die voor-sondevalse skepping ingeskape. Hoewel Satan se aanslag in die paradys juis op die reg van God gemik is, is die ingeskape (ontiese) reg nie vernietig nie: die reg het rég gebly. Die 'menslike reg', as die deur die mens gepositiveerde reg, het egter vanweë die verduistering deur die sonde terdeë in die slag gebly. Die onteenseglike gevolge van die sondeval op dié gebied hou onder meer in dat die mens òf nie die positiewe reg goed (op 'n juiste wyse) vorm nie - vanweë sy onvolmaaktheid en gebreke, òf hy kan onreg in die gedaante van reg positiver - eweneens vanweë sy onvolmaaktheid en gebreke (Stoker 1967:113v; 1970:9v).

4.2.1.3.2 Die wet

Onder die begrip 'wet' moet die middel verstaan word wat God reeds voor die sondeval (met die skepping) ingestel het om sy skepping te orden en in stand te hou. Vir die doel van 'n noodsaaklike onderskeid in die wetsleer bied die wysbegeerte van die wetsidee 'n bruikbare insig. Hiervolgens moet die wet in drieërlei verskyningsvorms onderskei word (Van Zyl & Van der Vyver 1982: 18vv):

- (i) *Die religieuse wet:* Hieronder moet God se wet(te) verstaan word, soos wat Hy dit in sy Woord gegee het en verbesonder het in die dekalog wat weer in die liefdesgebod saamgevat is. Die religieuse wet kan vir die doel van hierdie studie, in onderskeid met God se kosmiese struktuurwet en God se modale wet, God se *positiewe wet* genoem word.
- (ii) *Die kosmiese struktuurwet:* Hieronder moet die wet(te) verstaan word

waardeur die vaste struktuur van God se skepping beheers word.

"Elke geskape ding (stof, plant, dier en mens) het as individuele entiteit maar ook in 'n groepsverband (die boom én die bos, die blom én die tuin, die skaap én die kudde, die enkele mens én die vereniging van mense) 'n onveranderlike struktuur ooreenkomstig die wet(te) wat God daarvoor gestel het. Ooreenkomstig die bedoelde struktuurwet(te) bly 'n dier altyd 'n dier en kan dit nooit 'n mens word nie, en is die staat 'n staat en nie 'n kerk nie" (Van Zyl & Van der Vyver 1982:19).

- (iii) *Die modale wet:* Hieronder moet die wet(te) waarvolgens die dinge en strukture in die skepping fungeer, verstaan word. Die funksies van stof, plant, dier en mens (as indiwidue én in 'n groepsverband) word georden deur die modale wet(te). Kragtens die struktuurwet *is* 'n ding wat hy is, maar ooreenkomstig die modale wet *fungeer* die ding ooreenkomstig die aard van sy struktuur. Die modale wette wat God self gevorm en in die skepping gelê het om vir die funksies van die skepsele te geld, word *natuurwette* genoem. Daar is ook ander modale wette wat God *slegs in beginsel* voorsien het, met die opdrag aan die mens om dié bedoelde beginsels tot geldende (gepositiveerde) wette te vorm. Sulke wette word in hulle gepositiveerde vorm 'norme' genoem (Van Zyl & Van der Vyver 1982:20). Hiervolgens bepaal 'n natuurwet wat *is*, en 'n norm bepaal wat *behoort te wees*. Natuurwette word nie deur die mens gemaak nie, hoewel hulle deur die mens ontdek moet word. Maar norme word deur die mens gevorm, uit bepaalde beginsels wat God neergelê het, kragtens sy opdrag aan die mens. Natuurwette geld vanself sonder die toedoen van die mens; norme geld alleen as dit deur die mens as geldende wet gevorm (gepositiveer) is. Sekere wette (die natuurwette) het God gegee, vir ander wette het Hy met die skepping slegs *in beginsel* voorsiening gemaak, en dit aan die mens opgedra om na die eis van sy plek en tydsituasie daardie beginsels tot geldende norme te positiver (Gn 1:28) (Van Zyl & Van der Vyver 1982:37v).

Na die sondeval en die gevolglike slawerny van die sonde, soos afgebeeld deur die Egiptiese slawehuis, sou die dekaloo (as God se positiewe wet) voortaan bekend maak wat die mens voor die sondeval suiwer met innerlike

kennis verstaan het. Hierdie innerlike kennis het die mens kragtens sy innerlike beeltenis van God gehad, as gevolg waarvan die ongeskonde verhouding met God in volkome harmonie tot uitdrukking kon kom (vgl. Hk, Son. 3, vr. 6). Hieruit kan gekonkludeer word dat die formele wet (God se positiewe wet, en die mens se gepositiveerde wet(te) in soverre dit as norm met die godgegewe juridiese beginsels ooreenkom) die wetlike én wettige reëling van die reg na die sondeval is. Trouens, die formele wet het *as gevolg van* die sondeval noodsaaklik geword om die kwaad te bedwing (Fabius 1895:34v).

4.2.1.3.3 Na die sondeval

Deur die sonde is die *kennis* van die reg verduister. En deur die sonde het ook die mens se wil in vyandskap teenoor God omgeslaan (Fabius 1895:38v). Die mens se verstand is ernstig gekortwiek, sy insigte tot eensydighede versplinter en sy wil gedegenerereer tot sagte, vervormbare klei in die hande van Satan (vgl. Rm 1:21; 3:9-20). Want die mens het sy verhouding met sy Maker vernietig; die kind het sy naelstring deurgekap.

Die gevolge van die sondeval is onjuiste orde en wanorde in die mens se beste pogings tot ordening, skynreg en onreg in die mens se deurtastendste poging om reg te vorm. Die feit dat daar egter tog in 'n mate *reg* in die mens se regsforming te vind is, en *orde* in die mens se ordening, is te danke aan die "klein oorblyfsels" (NGB, art. 14) van die paradystoestand (én van die beeltenis van God) wat nog in hom oorgebly het (DLR III en IV, 4).

Dit beteken dat alhoewel die mens sy innerlike *regskennis* verloor het, het hy nie sy innerlike *regsbeseef* verloor nie (vgl. Rm 1:18-21; 2:14v; Calvin OC 49:22-25, 37v; Bouwman I 1970:8; Polman s.j. 103-106 oor NGB, art 14).

Die oorspronklike geregtigheid en moraal het met die sondeval verdwyn:

"... non tamen ita in universum in homnibus extinctus fuit aut mentis vigor aut virtutis sensus, quin scintillae quaedam principiorum justi

& honesti superfuerint, quafi rudera egregiae domus, aut tabulae ex naufragio subductae; atque adeo cordibus insculptae divinitus & innatae remanserint nonnullae iustitiae & aequitatis regulae, quid licitum illicitum re, quae agenda, quae fugienda sint ..." (Voet CP I,i,1).⁴⁾

Calvyn sê in sy kommentaar op Romeine 2:14 dat "... nonnullam se habere iustitia regulam ... Habent ergo legem sine lege: quia utcunque scriptam Mosis legem non habeant, notitia tamen recti et aequi nequaquam prorsus carent" (OC 49:37v).⁵⁾ En in sy kommentaar op Romeine 2:15 druk Calvyn hom so uit: "Praeterea nec ex eo colligendum est, hominibus inesse plenam legis cognitionem, sed quaedam duntaxat iustitiae semina esse indita ipsorum ingenio ..." (OC 49:38).⁶⁾ Dieselfde gedagte verwerk hy in sy Institusie (I,iv,4) waar hy leer dat daar van nature 'n *Godsbesef* in die mens se hart ingegrif is, maar dat 'n mens nie van nature tot *Godskennis* kan kom nie, vanweë die verduistering deur die sonde. Juis vanweë dié verderf, interpreteer die mens sy Godsbesef van nature verkeerd, dit lei dan tot afgodsdienste en valse godsdienste (Rom 1:21-23; vgl. ook weer OC 49:38).

Die konklusie kan gemaak word dat vanweë die oorblywende *regsbesef* in die deur die sonde verwronge mens, ook die ongelowige mensheid terdeë bewus is van die grondliggende betekenis van die reg, waarsonder die (ordelike) voortbestaan van die mens onmoontlik sou wees. Vir die heiden is dit wel moontlik om 'van nature' 'n mate van reg, ooreenkomstig die wet, te bedryf omdat "die wet in hulle hart geskrywe staan" (Rm 2:15; Bouwman I 1970:8; Fabius 1890:6v). Ook die ongelowige kan dus vanweë sy regsbesef *juridiese beginsels* (wat deur God ingeskape is) tot geldende norme (waarin God se reg weerspieël word) positiver. Maar die ongelowige kan ook vanweë sy regsbesef op grond van Godgegewe *natuurwette*, geldende norme positiver wat ondanks die sondeval aan die betekenis van die woord *reg* voldoen.

Die volgende voorbeelde kan ter illustrasie van bogenoemde gedagtegang voorgelê word: Ook 'n ongelowige owerheid sou vanweë sy regsbesef 'n *juridiese beginsel* daarin herken dat die kinders van die volk 'n gelyke geleentheid vir skoolonderwys moet kry. Uit die juridiese beginsel sal hy 'n aantal geldende norme (as 'ordinansies' en 'wette') positiewe waardeur die toelating tot skole, die inrigting van skole, die opleiding van onderwysers, ensovoort gereël word. Eweso sou 'n ongelowige owerheid vanweë sy regsbesef ook die *natuurwet* daarin herken dat daar tekorte aan lewensnoodsaaklike voedselsoorte sou ontstaan indien alle boere dieselfde voedselsoort sou verbou. Op grond van hierdie natuurwet sal die owerheid 'n aantal geldende norme positiewe waarvolgens voedselverbouing beheer word.

Die ander kant van die munt is egter dat die ongelowige (maar ook die gelowige) (Rm 3:10) norme kan positiewe wat geheel en al strydig met die liefdesgebod in God se Woord is. Sulke norme stryd teen God se gepositiewe wet. In die naam van die *reg* voer *onreg* dan 'n skrikbewind. Die 'reg' wat sy oorsprong en sy regsnorm in die mens het, kan maklik tot sulke skynreg ontaard. Die gelowiges sal egter, omdat hulle God se positiewe wet as 'n reël vir hulle dankbaarheidslewe onderhou, die genade ontvang om tussen reg en skynreg te kan onderskei (Mt 24:24). Waar die wêreld se regstrukture vrede op aarde belowe, op grond van die mensgebonde (humanistiese) reg waarin alle geloofsrigtings 'n grootste gemene deler vind, word dikwels *onreg* met die skyn van *reg* gepositiewe. Die hoofdoel is die eenheid van 'n wêreldbroederskap, waaraan kerke ook vrymoedig (om nie 'uitbundig' te sê nie) dwarsoor die wêreld meedoen. Behep met die idee van 'menseregte' en 'demokratisering' handhaaf die mens homself as 'regsbepaler'. Sedert die paradysleuen speel hy steeds in die hand van Satan. So word die wêreld reeds voorberei vir die tyd waarin die ou slang wat die duiwel en die Satan is, losgelaat word om die nasies te verlei (vgl. Op 20:7-10 in konteks met Mt 24:22).

In die begin het die geskiedenis van verleiding in die paradys plaasgevind, en die mens, wat geswig het, is na die woestyn toe uitgedryf. Aan die einde van die geskiedenis sal die verleiding in dié woestynbedeling plaasvind, en die mens wat staande bly sal die paradys ingelei word. Van der Linde (1980/81:25) sê dat Satan se loslating reeds daarin voorberei word dat die onreg onder die voorwendsel van die reg die kerk ingedra word deur die valse profeet, selfs met die hulp van (tydelik) verblinde ware kinders van God: "So sal die wedloop om die reg (soos die wêreld dit sien: uit die mens en tot die mens) uitloop op die verskriklike chaos van die eindtye. Die mens glo die leuen al hoe meer. God het hulle oorgegee om dit te glo omdat hulle 'n behae in die ongeregtigheid het (vgl. 2 Ts 2:8vv)."

Uiteindelik kom Jesus Christus weer, dán as regter, om in die eindoordeel die reg uit die mens in die lig van God se reg te beoordeel. Dan word God se reg finaal herstel. Dit is die hóóp van elkeen wat nou reeds in Christus leef in die verwagting van nuwe hemele en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waarin geregtigheid sal heers (2 Pt 3:13).

4.2.1.3.4 Samevatting

Voor die sondeval was daar geen uiterlike regsorde nodig nie. Die reg het as 'n innerlike volkome harmonieuse orde gegeld. Daar was volkome vrede tussen God en mens en tussen mens en mens. Die reg was 'n onbelemmerde handhawing van God se wil. Hieruit blyk dat die reg 'n skeppingsgegewe is.

Die wet wat deur God gegee is, hoort eweseer tot die skeppingsorde. Voor die sondeval het die wet nie-geskrewe, nie-formeel op 'n innerlike ingeskape wyse gegeld. Tóé nie om die kwaad te bedwing nie, maar om die harmonie te vergestalt. Die wet moet in drieërlei verskyningsvorms onderskei word:

- (i) *Die religieuse wet*, oftewel God se positiewe wet, soos wat dit in die dekalooë verbesonder en in die liefdesgebod saamgevat is.

- (ii) *Die kosmiese struktuurwet* waardeur die vaste struktuur van God se skepping beheers word.
- (iii) *Die modale wet* waardeur die funksies van stof, plant, dier, mens (as individue en in 'n groepsverband) georden word. Die modale wette word onderskei in natuurwette en beginsels. Laasgenoemde word deur die mens tot norme gepositiveer. 'n Natuurwet bepaal wat *is* en 'n norm bepaal wat *behoort te wees*. Natuurwette geld vanself, norme geld slegs as dit deur die mens tot geldende wette gepositiveer word.

Na die sondeval is die mens se kennis van die reg verduister, maar sy beseis van die reg het hy nie verloor nie. Vanweë die verduistering deur die sonde interpreteer die mens sy Godsbesef van nature verkeerd, dit lei dan tot afgodediens en valse godsdienste. Maar vanweë die mens se regsbesef is dit ook vir 'n ongelowige moontlik om juridiese beginsels in die modale wet te herken en tot norme te positiver (waarin God se 'ingeskape' reg dus weerspieël word). Die ander kant van die munt is dat die mensheid, wat die reg in die mens soek en homself die bepaler van die reg ag, onreg in die naam van reg kan positiver en afdwing.

4.2.1.4 Wese van die reg

4.2.1.4.1 Raamwerk

Om die reg in sy juiste plek as skeppingsgegewe te sien, doen Van Zyl & Van der Vyver (1982:92) die volgende raamwerk uit die wysbegeerte van die wetsidee aan die hand:

Daar moet in die eerste plek duidelik onderskei word tussen:

- * *God*; en
- * *Sy skepping*.

Die reg vorm deel van die skepping

In die skepping kan onderskei word tussen:

- * *die konkrete dinge* (stoflike dinge, plante, diere en mense);

- * *sosiale strukture* (waaronder die staat, kerk, gesin, bedryf en dies meer);
- * *gebeurtenisse* (waaronder natuurlike gebeurtenisse, menslike handelinge en heersende toestande);
- * *modaliteite* van daardie konkrete dinge, sosiale strukture en gebeurtenisse (dit wil sê, aspekte van dinge, strukture en gebeurtenisse, soos hoeveelheid, lewe, skaarsheid, skoonheid, en so meer); en
- * *wette* wat die modaliteite waarvan konkrete dinge, sosiale strukture en gebeurtenisse die draers is, orden (byvoorbeeld die aritiese, biologiese, ekonomiese en estetiese wette).

Die reg hoort in die eerste plek by die kring van modaliteite tuis.

Omdat 'n modaliteit egter nooit op sigself kan bestaan nie, maar altyd deur konkrete dinge tot uiting kom, kom die reg as modaliteit altyd in een of ander konkrete werklikheidsaspek as 'n draer van die juridiese modaliteit tot uiting.

Volgens dié wysbegeerte kan die hele skepping in verskillende werklikheidsaspekte onderskei word. Elke aspek van die werklikheid bestaan ooreenkomstig die verordeninge wat God skeppingsmatig daarvoor daargestel het. Om onderskeid in die werklikheidsaspekte te maak is nie 'n willekeurige aangeleentheid nie, maar dit kan slegs gedoen word volgens wetmatighede in die skepping self, waarvolgens die hele werklikheid as 'n eenheid in verskeidenheid bestaan (Stoker 1933:16vv; Spier 1950:43vv).

As 'n 'modaliteit' wat in konkrete werklikheidsaspekte fungeer, het die reg sy eie wesensaard in onderskeid met die ander modaliteite. Hierdie wesensaard van die reg kan besonderlik in die lig van God se reg en geregtigheid, soos geopenbaar in die Heilige Skrif, onderken word (kyk 4.2.1.2.3).

4.2.1.4.2 In die lig van God se reg

In die eerste plek leer die Heilige Skrif ons dat die reg nie van nature

uit die harte van mense voortvloei nie (kyk 4.2.1.2). Maar vanweë die *regsbeseef* wat kragtens God se beeltenis na die sondeval steeds in die mens oorgebly het, tender die mens individueel in sy persoonlike lewe en kollektief in sy georganiseerde verbandslewe na reg en orde (kyk 4.2.1.3.3).

Die bevoegde regsorgane het egter nie histories (ewolusionisties) gegroei vanweë die mens se innerlike geneigdheid tot reg en orde nie (kyk 4.2.1.2). Die bevoegde regsorgane (byvoorbeeld vir die *staat* die owerheid, vir 'n *vereniging* die bestuur, ensovoort) is Godgegewe instellings, kragtens sy skeppingsordinansies. Vanweë die mens se oorgeblewe regsbesef erken hy die regsbevoegdheid van die gegewe regsorgane (as gevolg van die verduistering deur die sonde soms teen wil en dank), waarsonder enige regsorde geheel en al onmoontlik sou wees.

Waar die reg nie as 'modaliteit' op sy juiste plek binne God se skeppingsorde gesien word nie en bloot *an sich* beoordeel word, word dit wat die mens as 'reg' voortbring noodwendig verselfstandig tot die "Selbstherrlichkeit" van die reg (vgl. Dreier 1972:25; Schüle 1926:15). Maar waar die reg in die lig van God se regshandelinge met sy volk as sy *positiewe reg*, en in die lig van God se *positiewe wet* (sy geskrewe wet in onderskeid met sy ingeskaapte kosmiese struktuurwet) gesien word, kan die mens se positiewe reg in 'n mate God se reg in die mens weerspieël (kyk 4.2.1.2.3). So kan die reg aan sy hoogste doel beantwoord, naamlik die verheerliking van God.

Wat vir God *reg* is (ook *God se reg* genoem), is dit wat met sy *wil* ooreenkom en in sy oog *goed*⁷⁾ is (kyk 3.3.4). Die reg, in watter juridiese regsdraer of -geleding ook al (byvoorbeeld objektief as ekonomiese reg, estetiese reg, strafreg, mediese reg, kerkreg; en subjektief as mensereg(te), ensovoort), word derhalwe wesenlik bepaal deur dit wat vir God goed is en met sy wil vir die besondere regsgeleding ooreenstem.

Wat vir God goed is, ooreenkomstig sy wil, word in sy Woord geopenbaar. Uit God se *positiewe reg* blyk dat dit vir Hom goed is dat sy volk *herstel* word en dat die sonde *vergeld* word. God se regshandelinge trek *herstellend* en *vergeldend* op die heuwel van Golgota saam waar sy Seun tot vryspraak vir sy volk en tot oordeel vir sy vyande gesterf het (kyk 3.3.2.2.5 en 3.3.3.2.2). Uit God se *positiewe wet*, soos saamgevat in die *liefdesgebod* (Mt 22:37-39), blyk dat die *Sollensprinzip* (die regulatiewe behorenses) deur die liefde bepaal word: Doen wat goed is in God se oog, ag Hom in liefde met jou hele hart, met jou hele verstand, met jou hele krag, met jou hele lewe; en ag jou naaste in liefde soos jouself - dit is *reg* teenoor Hom en *reg* teenoor jou naaste.

Die mens se regshandelinge moet aan God se positiewe wet getoets word wat as *regsnorm* nie deur die mens gevorm is nie, en ofskoon oortreebaar, nie verbreekbaar of ophefbaar is nie (Du Plessis 1978:748). Onder die 'regshandelinge' van die mens wat aan die gestelde regsnorm toetsbaar is, word hier sowel die *regspositivering* (vir én regsordes én regsinstellings) as die *regstoepassing* (én institusioneel én individueel) verstaan, maar ook die *regsnavolging*: met ander woorde die hele proses van *regsordening* en *regsgehoorsaming*.

Uit God se positiewe reg is sy wil om sy volk te herstel en die sonde te vergeld duidelik af te lei en uit sy positiewe wet kan die wyse waarop Hy die menslike gedrag reël eweneens duidelik afgelei word. Hieruit blyk dat die inhoud van die regsbegrip verder uit die verhouding God-en-mens bepaal moet word.

4.2.1.4.3 'n Verhoudingsbegrip

Die hele proses van regsordening en regsgehoorsaming, trouens die regsbe-

grip self het wesenlik met die verhouding tussen God en mens te make.

Vanweë die sondeval is dié verhouding grondliggend belemmer. Satan het die mens deur die paradysleuen daartoe gebring om self soos God te wil wees, om derhalwe self te wil bepaal wat reg is. Vanweë hierdie gebeure is die hele werklikheid bedorwe (kyk 4.2.1.3). Maar God laat dit nie só nie. Wat *reg* was, maar nou *on-reg* is, wil God weer *reg*-maak. Daarom herskep Hy in Christus weer die werklikheid (kyk 3.3.3.2.2).

Juis die herskepping laat blyk dat God ten doel het om dit *reg* te maak wat *on-reg* geword het. Ooreenkomstig sy wil is dit vir God goed en derhalwe sy *reg* om die *on-reg* (die kwaad, die sonde) te straf (Hk, Son.4), maar sy barmhartigheid en sy liefde eis van Hom om dit te gee wat die mens nodig het om in die goddelike gerig vry uit te gaan, naamlik sy Seun, Jesus Christus. Dit is God se geregtighedsdaad ooreenkomstig sy *reg* (kyk 3.3.3.2.1; 3.3.4). Hierdie *reg*-maak van God sentreer dus in die versoening in en deur Jesus Christus en vind sy neerslag as 'n *herstellingsdaad* in die verbondsverhouding met sy volk (kyk 4.2.2.2). In Christus word die vrede herstel en 'n nuwe (regs)orde neergelê, te wete die *kerk* as die domein van sy heerskappy.

Uit die prinsipiële *herstelde* verhouding tussen God en sy volk, blyk dat die *reg* op 'n deur God bepaalde gesagsverhouding rus, soos dit in die *herskepping* aan die lig kom. Vanweë die herstelling (in prinsipe) van die Vader-kind-verhouding moet die kind in alle samelewingsverbande die Vader gehoorsaam deur te doen wat *goed* is in sy oog ooreenkomstig sy *wil* (vgl. Van der Linde 1980/81:25). Vanweë die (in prinsipe) herstelling van die verhouding wat God deur sy Gees en sy Woord bewerkstellig, is dit vir die herstelde mensheid nou moontlik om die *juridiese beginsels* in die geskape werklikheid (in die lig van die Woord) duideliker te onderken. Dit is

nou ook moontlik om God se wil (uit sy positiewe wet en sy positiewe reg) beter te verstaan, en vanweë die werkinge van die Gees (deur die Woord) is dit veral weer moontlik om na sy wil te handel. So het dit veral vir die gelowiges moontlik geword om God se reg in hulle regshandelinge te weer-
spieël: egter nooit volkome in hierdie bedeling nie, as't ware steeds in beginsel, maar tog wél (vgl. Rm 3:10v).

Die prinsipieel herstelde God-mens-verhouding bring ook 'n prinsipieel herstelde mens-mens-verhouding te weeg. Juis die gelowige kan nou "de ewenwichtige harmonisering van een menigvuldigheid van belangen" as 'n sinryke, Godgerigte regsdaad bokant die vlak van mensgerigte humanisme uitlig (vgl. . Spier 1950:93).

Van der Linde (1965:17) konkludeer tereg dat dit, uit 'n Christelike oogpunt gesien, daarop neerkom dat die geldende bindende reëls vir die menslike samelewing slegs as ware reg (ooreenkomstig God se reg) gekwalifiseer kan word as dit reëls is wat uit die God gestelde beginsels gepositiveer is deur die bevoegde regsorgane van die verskillende samelewingskringe.

4.2.1.4.4 Die sinkern

Die bepalende faktor (waarin 'n verskeidenheid faktore saamtrek) van 'n bepaalde wetskring wat hom van alle ander wetskringe onderskei, word die *sinkern* van die wetskring genoem. Die uniekheid of eiesoortigheid van elke wetskring word in sy sinkern verteenwoordig. Hierdie uniekheid veroorsaak dat die een werklikheidspek nie met 'n ander een vervloei of verwar kan word nie. Alles wat eie aan 'n bepaalde wetskring is, word in sy sinkern verteenwoordig (Van Zyl & Van der Vyver 1982:29).⁸⁾ Dusver is op die *wesensaard* van die reg ingegaan. Om 'n basis te lê van waaruit die eiesoortigheid van die reg bepaal kan word, moet vervolgens ook op die *toepassingsaard* van die reg ingegaan word.

Grondliggend aan alle sosiale verhoudingsordeninge lê die motief tot verhoudingstabilisering (Dreier 1972:41). Daarom moet die regssubjekte se gedrag in die samelewing deur die gepositiveerde reg (norme, reëls of wette) gereguleer word (Van der Linde 1965:18). Dit bring mee dat die reg as positiewe reg en die toepassing daarvan *formeel* van aard is (vgl. Sohm 1892:23; Rutgers 1894:19). Regstoepassing kan nie anders geskied nie as by wyse van regsreëls waardeur 'n situasie aan die regsnorm getoets moet word deur regsbepalings en ordinansies (vgl. Rutgers 1894:17v; Sohm 1892:23).

Daar moet egter nie by voorbaat aanvaar word dat reg en dwang ekwivalente begrippe is nie.⁹⁾ Reg as sodanig eis geen dwang nie - die *toepassing* daarvan op 'n bepaalde regsgebied deur 'n bevoegde regsorgaan kán egter dwang noodsaak (Rutgers 1894:22). Reg bly *reg*, of dit afdwing word en of dit vrywillig aanvaar word. Die *toepassing* van die reg bepaal nie die *wese* daarvan nie. Waar die reg uit liefde nagevolg word, bly die reg eweseer 'n heersende mag; trouens, éérder so as waar die reg slegs uit plig nagevolg word (omdat dit afdwingbaar is). Want waar die reg uit liefde gehoorsaam word, heers die reg oor die *hart* en waar die reg uit 'n bot pligsgevoel nagevolg word, heers die reg formeel, dwingend oor die *handelinge* van die mens, teen wil en dank en ondanks die hart (vgl. Rutgers 1894:22v, 24v).

Sowel uit die *wesensaard* as uit die *toepassingsaard* van die reg is verskeie tiperings uit verskeie beskouingsrigtings van die eiesoortigheid van die reg aan die hand gedoen. Sonder om hoegenaamd 'n verteenwoordigende bundel tiperings te probeer weergee, word slegs op enkele uitstaandes gewys.

Vir Neumann (1978:8vv) is die eiesoortigheid van die reg geleë in *beveiliging* en *beskerming*. Hiervolgens is die reg nie 'n manipuleringsinstrument van die heersers nie; die soewereiniteit van die reg moet juis so hanteer word dat die reg die heersers bedwing. Die reg is in diens van die samele-

wing juis daarin dat dit die subjektiewe regte van die individu verseker:

"Es ist gerade nicht Herrschaftsinstrument, sondern dient dem friedlichen Zusammen leben der Menschen dadurch, dass es die Rechte des einzelnen sichert." Neumann (1981:4) sê dat reg deur geregtigheid orde wil skep, dit wil ener- syds die bestendige magsverhoudinge beveilig en andersyds mense teen onbillike willekeur beveilig om sodoende vrede te bewaar. Maar Neumann gaan daarvan uit dat "Die idee des Rechts gründet in der menschlichen Person" (1981:5), derhalwe grond hy die eiesoortigheid van die reg horisontalisties mensgerig: uit die mens en tot die mens.

Hoewel uit 'n ander beskouingshoek, kom Du Plessis tot dié tipering van die eiesoortigheid van die reg: "Die wesensaard van die reg as 'n ervarings- of belewingswyse op 'n modale vlak kan as *ampsgeborgtheid* - die normatiewe be- skerming van menslike status in die konteks van 'n spesifieke orde - aangedui word" (1980:76; vgl. 1980:70-76 en 1979:344). Die begrip *ampsgeborgtheid* wat Du Plessis as die sinkern van die reg aanbied kan inderwaarheid as 'n supplement in Stoker se *ampsbediening* as 'roepingsvervulling' gesien word. *ampsgeborgtheid* moet egter meer spesifiek as die normatiewe daarstelling van 'veiligheid' en 'sekerheid' vir die mens verstaan word (1981:259)

Dooyeweerd (1969 II:129) sien die eiesoortigheid van die reg in *vergelding*, 'n begrip wat hy definieer as "an irreducible mode of balancing and harmoni- zing individual and social interests". Van Zyl & Van der Vyver (1982:100) omskryf vergelding vollediger as " *die harmonisering van die regtens be- skermbare en beskermingswaardige belange van regsubjekte in hulle onderlinge maatskaps-, gemeenskaps- en verbandsverhoudings binne 'n regsgemeenskap en wel deur middel van die verlening, afbakening, beskerming en beëindiging van juridiese kompetensies, regte en verpligtinge van die subjekte in so 'n ge- meenskap.*"

Stoker (1970:50v) sien die begrip *vergelding* as die antwoord op die relasie tussen *ontiese reg* en *positiewe reg*. *Vergelding* toon vir hom aan dat die ontiese reg nie slegs as 'n *Sollensprinzip* ('n regulatiewe behorensnorm) ten aansien van die positiewe reg dien nie, maar dat dit as die *konstitutiewe grondslag* van die positiewe reg beskou moet word (Stoker 1970:50v). Die ontiese reg is die ingeskape reg wat as *ontstaangrond* en *toetsingsgrond* vir die positiewe reg dien. Die positiewe reg moenie net op die ontiese reg *antwoord* nie, maar daaraan *beantwoord* (Stoker 1970:53v). Hierdie antwoord het Stoker in die begrip *vergelding* gevind, deur die besondere semantiese konnotasie wat hy daaraan heg. Die voorvoegsel 'ver-' gee aan woorde gewoonlik die betekenisaspek van 'laat wéés', of 'máák'; byvoorbeeld *veraangenaam*, *verfraai*, *verchristelik*, *versterk*, ensovoort. So gesien beteken *vergeld* dan *geldend maak*. Hieruit het Stoker afgelei dat die ontiese reg *gêld*, terwyl die positiewe reg *vérgeld*. Juis in die ontiese reg se *gelding* lê sy konstitutiewe aard teenoor die positiewe reg se *vergelding* waarin sy afhanklikheid aan die ontiese reg tot uitdrukking kom (Stoker 1970:52).

Hier is verskeie tiperings van eiesoortigheid van die reg aangetoon. Dit staan egter vas dat in die beoefening van die wysbegeerte van die wetsidee Dooyeweerd se tipering as *vergelding* skering en inslag geword het.

In die lig van God se reg (kyk 4.2.1.4.2) wat in 'n verhoudingsituasie as sy herstellingsdaad deur die versoening tot uitdrukking kom (kyk 4.2.1.4.3), word hier op die begrip *herstelling* gewys. Uit die intensie, die gevolge en die kwaliteit van die herskepping in Christus (in sy sterwe en opstanding) as 'n daad waarin ingrypende *regstelling* plaasgevind het, kan afgelei word dat alle lyne van die regsbeoefening in die lig van God se reg juis in hierdie *regstelling* van die fundamentele God-mens-verhouding hulle knooppunt sal vind. Die eiendomlike van die reg is om te *herstel*, om weer *reg* te maak wat *on-reg* geword het en om te keer dat wat *reg* is *on-reg* word. Die

herstelling vind ook plaas in die *vérgelding* as die ewewigtige harmonisering van 'n menigvuldigheid van indiwiduele en gemeenskaplike belange in elke samelewingsverband (vgl. Du Plessis 1943:6). Die *herstelling* bevat én die 'beveiliging', die 'versekering' van *ampsgeborgenheid*, én die moontlikheid tot die realisering van *ampsbediening* in 'n juridiese konteks.

Herstelling as 'n tipering van die eiesoortigheid van die reg behels *normalisering* en *opheffing*. Die reg het ten doel om die regsbalans daar te stel en te handhaaf. In beide is die element van *herstel* teenwoordig. Deur reg te stig word die regsbalans herstel; deur (vermeende) onreg aan die reg te toets, word die regsbalans eweneens herstel. Deur te *vérgeld*, oefen die reg geen wraak uit nie, maar is hy gemoeid met die *herstelling* en die *normalisering* van die regsbalans (vgl. 3.3.2.2.3.4).

Perspektief: Uit 'n teologiese hoek doen ek die oorweging van die begrip *herstelling* as sinkern vir die reg aan die hand. Hierdie begrip moet nog in al sy betekenisaspekte binne 'n juridiese konnotasie ontsluit word. Met behulp van dié begrip as sinkern kan die reg as 'n *skeppingsgegewe* vanuit die *herskepping* omskrywe word, soos wat dit op die *voleinding* gerig is.

Herstelling moet in konteks met die volgende omskrywing van die reg wat die mens bedryf (in onderskeid met God se reg) gesien word, wat as 'n konklusie uit die voorafgaande geformuleer word: *Menslike reg is die reëling van die mens se gedrag in ooreenstemming met God se wil, waarin indiwiduele en gemeenskaplike belange en elkeen se afsonderlike en gesamentlike bevoegdhede en verpligtinge ten aansien van die handeling waarin ook andere betrokke is, herstel, genormaliseer en geharmoniseer word om 'n ordelike lewenswyse tot eer van sy Naam daar te stel.*

4.2.1.4.5 Samevatting

Tussen God, sy skepping en sy reg wat in sy skepping binne die sfeer van die modaliteite of werklikheidsaspekte fungeer, moet duidelik onderskei word. Waar die reg in die lig van God se Woord beoefen word, kan die mens se positiese reg in 'n mate selfs die weerspieëling van God se reg wees. Die reg, in watter geleding ook al, word wesenlik bepaal deur dit wat vir God goed is en met sy wil ooreenstem.

Uit God se Woord, blykens die openbaring van sy reg, is dit vir Hom goed dat sy volk *herstel* word en dat die sonde *vergeld* word. Op Golgota trek God se regshandelinge met die mens herstellend en vergeldend saam.

Die norm, as die regulatiewe behorenses vir die mens se geregtigheds-handelinge, is die liefdesgebod. Hierdie norm bring die reg in die kader van verhoudinge te staan. Vanweë die herstelde God-mens-verhouding in Christus, word die reg deur die Vader-kind-verhouding (as 'n bepaalde gesagsverhouding) gekwalifiseer.

Die kerntipering van die eiesoortigheid van die reg as 'n ingeskepe werklikheidsaspek wat juis in die lig van God se Woord in sy ware betekenis en funksionering onderken kan word, sentreer rondom dié moontlike sinkerns: *ampsgeborgenhed, ampsbediening en vergelding*. In hierdie studie word *herstelling*, uit 'n teologiese hoek, aan die hand gedoen as die sinkern waardeur die reg as 'n skeppingsgegewe vanuit die herskepping omskrywe kan word, soos wat dit op die voleinding gerig is.

4.2.1.5 Reg en kerk

4.2.1.5.1 Omlysting

Die vraagstuk wat hier aan die orde kom, is die verhouding tussen reg en kerk. Histories het die vraagstuk vanweë bepaalde kerk- en regsbeskouings

ontwikkel, waardeur reg en kerk òf as twee onversoembare pole òf as twee groothede soos twee sirkels langs mekaar met 'n aanduibare raakpunt, gesien word.

Vanweë Luther se twee-regimente-leer, en die daaropvolgende *konsistoriale*- of *territoriale* kerkregeringsstelsel, het die vraag na die verhouding tussen reg en kerk veral in Duitsland 'n langdurige teologiese probleem geword. Hiermee hang die gebruik saam om vanweë die owerheidsregiment burgerregtelike reëlins vir die kerk in te stel, sowel as die neiging om kerkreg as wetenskap onder die juridiese fakulteit te sorteer. Vanweë die "Enttheologisering" van die kerkreg word die kerkregering aan die burgerlike owerheid oorgelaat (Haitjema 1951:9).

Om die verhouding tussen reg en kerk reg te beoordeel, moet enersyds rekening gehou word met 'n Skrifgebonde regsbegrip waarvolgens die reg nie uit die mens opkom nie maar uit God is (kyk 4.2.1.2 en 4.2.1.4), en andersyds moet rekening gehou word met die kerk as God se geroepe volk, die herskape mensheid "wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees" (NGB, art. 27) (kyk 3.2.3). Derhalwe word hier ook daarmee rekening gehou dat dit in die kerk as *verbondsgemeenskap* primêr om die goddelike heerskappy gaan, waarin God se reg en geregtigheid binne die kader van sy orde vir die kerk beslag kry (NGB, art. 28,29; kyk 3.3.4 en 3.4.4).

4.2.1.5.2 Twee pole

R.Sohm het die idee van onversoenbaarheid tussen reg en kerk as twee pole op die spits gedryf. Maar Sohm moet in konteks met sy doelstellinge vanuit sy kerklike *Umwelt* beoordeel word. Uit sy besondere styl spreek sy intensie duidelik:

" Der Sturm bewegt das Meer. Christus schläft. Das Schiff der Kirche muss durch menschliche, weltliche Mittel über Wasser gehalten werden. Hilfe! wir ertrinken! Wo ist der Glaube an das Evangelium? Wo das Bekenntnis, dass die Kirche Christi allein regiert werden kann und soll durch das *Wort Gottes*?"
(Sohm 1892:616).

Sohm staan op die standpunt dat die kerk die liggaam van Christus is, dat Hy alleen Hoof en Here is, altyd inwonend en werkend oral waar mense in sy Naam vergader. Hy verklaar dat die kerk hom geheel en al aan Gods Woord moet onderwerp en geensins deur menslike insettinge gebind mag word nie. Die kerk mag slegs deur die ordinansies van God gebind word. Alle menslike werksaamhede in die kerk moet die doel hê om te *dien*, nie om te heers nie (Sohm 1892:x, 22v, 26, 29, 31, 51vv,105).

Sohm het teen die Lutherse en Roomse kerkbeskouing gefulmineer. Met sy intensie om die Christusregering in die kerk te herstel, kan 'n mens geen fout vind nie. Maar sy antwoord op die probleem, naamlik om die Christusregering téénoor die kerkregering te stel, in plaas van in die kerkregering, berus op én 'n foutiewe kerkbegrip én 'n eensydige regsbegrip. Sy beswaar teen die kerkreg kan indrie kernmomente saamgetrek word (Sohm 1892 in geheel):

- (i) Die reg is wêreldlik; dit is vir die aardse lewe bestem - daarteenoor is die kerk geestelik en sy organisasie berus derhalwe geheel en al op geestelike ordening en nie op institusionele regsordening nie.
- (ii) Die reg is uiteraard formeel geldend - daarteenoor is die regering van die kerk geestelik; die kerk word deur die Woord regeer, en nie deur menslike insettinge en ordinansies nie.
- (iii) Die reg moet geld, daarom is dit afdwingbaar; trouens, dit is die mag van die swaard waaronder almal teen wil en dank móét buig - daarteenoor hoort dwang hoegenaamd nie in die kerk tuis nie; die kerk is 'n liefdesgemeenskap wat op die basis van vrye gehoorzaam funksioneer.

Sohm se beswaar teen die kerkreg berus op 'n foutiewe *kerkbegrip*: Hy sien die kerk spiritualisties en idealisties as 'n geestelike mag wat buite die kring van die aardse lewe staan, ook buite die reg (1892:23). Hy hou nie daarmee rekening dat die kerk óók as 'n samelewingsverband in die aardse lewe gegee is nie en dat dit derhalwe óók ordelik vir die menslike (onvolmaakte) samelewing gereël moet word ten einde in hierdie deur sonde verbrokkelde bedeling te kan voortbestaan. Hy toon weinig insig in die skriftuurlike bepalings vir die institusionele gestalte van die kerk (bv. Hd 6,15; Ef 4:11; 1 Pt 5:2; vgl. Bouwman I 1970:7-10). Hy gaan met betrekking tot die kerk van 'n onhoudbare skeiding tussen *wese* en *vorm* uit, en hy hou nie daarmee rekening dat die vorm 'n noodwendige uitdrukkingswyse van die wese van die kerk is nie (vgl. o'B.Geldenuys 1951:19). Hy oordeel verkeerdlik, soos verskeie teoloë na hom,¹⁰⁾ dat die kerk histories vanweë die reg (en die ontstaan van die kerkreg) van 'n geestelik charismatiese na 'n institusionele regsgemeenskap verander het (Sohm 1892:97vv). Hierdie standpunt van Sohm lei onvermydelik tot kerklike anargie (Dreier 1972:20).

Rutgers (1894:30vv) stel tereg teenoor Sohm dat die kerk nou ten ene male nie 'n bloot geestelike, mistieke sfeer is nie. In hierdie opsig sluit Harnack (1910:148vv) by Rutgers aan met die beskouing dat Sohm se standpunt histories nie geldig is nie. Voorts stel hy eweneens dat die kerk in sy tydelike sosiologiese gestalte noodwendig 'n organisasie nodig het en dat die reg (kerk-reg) onvermydelik vir hierdie organisatoriese ordening nodig is (Harnack 1910:152).

Sohm se beswaar teen die kerkreg berus ook op 'n eensydige *regsbegrip*: As 'n juris wat ten diepste nie aan die positiwistiese regsbeskouing ontkom het nie, is 'n geloofsaak as regsobjek vir hom 'n onaanvaarbare kontradiksie. Vir hom kom die kerk (tereg) van God, maar die reg (foutiewelik) kom uit die mens op. "Das Kirchenrecht steht in Widerspruch mit dem Wesen der Kirche

Die wahre Kirche, die Kirche Christi kennt kein Kirchenrecht. Aus diesem Grunde hat die Entwicklung eines Kirchenrechts für die Kirche Christi (die Ekklesia), welche nur durch das Mittel der Erdichtung eines göttlich geoffenbarten Kirchenrechts möglich war, das Christentum in Katholizismus verwandelt" (Sohm 1892:459). Die menslike drang na uiterlike formele ordening, óók omrede kerklike besittings en die daarmee gepaardgaande (noodwendige) regsverkeer, het volgens hom (Sohm 1892:102v) die menslike gesag in die kerk, ten koste van God se gesag, laat toeneem. Die mag waarmee Christus sy kerk wel beklee, die *potestas clavium*, is Woordmag. Sohm se verset teen die Rooms Katolieke kerkregeringstelsel kom tot uiting in sy beskouing dat die sleutelmag 'n *regsvorm* in die juridies georganiseerde Roomse kerk verkry het, só dat selfs pastorale sorg ("sielsorg") met dwang gepaard kan gaan. Op hierdie weg het die *potestas clavium* as 'n *contradictio in terminis* tot 'n swaard ontwikkel (Bakhuizen van den Brink 1968:36v). Sohm oordeel dat alle aansprake op mag (*potestas*) in die geskiedenis van die Rooms Katolieke Kerk konsekwensies van sy juridiese bestaanswyse is: "Es gibt nach katholischer Lehre ein göttliches Recht, eine von Gott der Christenheit mitgegebene kirchliche Rechtsordnung, eine Rechtsordnung, welche einen Gegenstand des Glaubens darstellt, deren Beobachtung für das rechte Verhältnis zu Gott entscheiden ist. Auf diesem Satz ruht alles Andere" (1892:160). Die reg is vir Sohm die selfgenoegsame ordening van 'n uitwendige, wêreldlike gemeenskap (Dreier 1972:25); meer nog, die reg is vir hom geheel en al menslik, feilbaar en tydelik, juis omdat dit uit die mens opkom en deur die mens se 'natuurlike' behoefte tot orde bepaal word (Rutgers 1894:34).

Hoewel Harnack trag om Sohm se beskouing te betwis, deur die reg as noodsaaklik vir die ordening van die kerklike organisasie aan te voer (Harnack 1910:148vv), vind hy soos Sohm die religieuse bepaaldheid van die reg onhoudbaar. Hiervolgens is kerkreg, kerke in verband met mekaar, 'amp', en alles wat

institusioneel bepaald is, vir hom wel noodsaaklik, maar nie te vereenselwig met die innerlike wese van die kerk nie. Die institusionele gestalte van die kerk beskou hy van blote administratiewe belang (Harnack 1910:151vv).

4.2.1.5.3 Twee groothede

In onderskeid met die beskouing dat die reg en die kerk twee onversoembare pole teenoor mekaar is, is daar ook die beskouing dat reg en kerk twee groothede langs mekaar is. Hierdie beskouing is in feite reeds behandel, daarom word dit nie hier breedvoerig aangesny nie (kyk 2.3.4; 2.3.5; 2.4.4; 2.5.2).

Met mindere variasies kom hierdie gedagtegang veral vanuit die breë Lutherse raamwerk na vore. Hiervolgens word die reg as 'n grootheid langs die kerk erken, waaraan die kerk noodwendig vanweë sy 'uiterlike' institusionele bestaanswyse, onderhewig is. Kerkreg word nie grondig van die staatlike reg onderskei nie, maar funksioneer as 'n onderafdeling daarvan. Die institusionele (regs)aspekte van die kerk sorteer onder die (staatlike) reg, soos wat dit deur die staatsowerheid geïmplementeer word (kyk 2.3.4; 2.3.5).

Die bepalende uitgangspunt in hierdie beskouing is die radikale skeiding tussen die onsigbare en die sigbare kerk. Die onsigbare kerk, as die gemeenskap van die ware Christusgelowiges en derhalwe die liggaam van Christus, word deur die Woord gedra (Holstein 1928:213v). Sodoende funksioneer God se verlossingsorde as die reg vir die onsigbare kerk. Die sigbare kerk, andersyds, word deur die genootskaplike wilsuiting van die lidmate daargestel. Sodoende word die sigbare kerk deur die staatlike reg, waarvan die kerkreg 'n onderdeel vorm, gereguleer. Die regsorde, wat die kerk as skeppingsordening vereis, val dus tweevoudig uiteen. Daardeur moet tussen 'geesteskerk' en 'regskerk' onderskei word (Holstein 1928: 220vv).

'n Pertinente variasie in hierdie beskouing wat vermelding verdien, is die waarin 'n onderskeid tussen die reg van die kerk en die reg van die staat vanuit 'n tweërlei soewereiniteitsbegrip (God en staatsowerheid) gemaak word (vgl. Schüle 1926:213). Hier funksioneer die reg as twee verskillende regs-kategorieë onder die bepaling van twee soewereiniteite, elkeen oor 'n bepaalde gebied. Hierdie beskouing rus op die (reeds behandelde) uitgangspunt dat die reg vir die kerk bo-wêreldlik is en deur God bepaal word en dat die reg vir die wêreldlike samelewing wêreldlik is en deur die mens bepaal word (kyk 2.4.5; bv. Harnack 1910:151vv).

4.2.1.5.4 Op soek na 'n versoening

In die Duitse kerkregwêreld is veral vanaf die dertigerjare getrag om reg en kerk te versoen deur die grense tussen die sigbare en die onsigbare kerk te open. Veral na die Tweede Wêreldoorlog is die poging verskerp (vgl. Coertzen 1984:179vv).

Liermann (1933:22,24) het die moontlikheid van 'n versoening tussen kerk en reg daarin gesien dat die algemene regsleer "formgebend" van toepassing op die kerkreg gemaak word. Hy grond die kerkreg op religieuse norme wat deur (algemene) regsnorme begrens word. So word die kerkreg dan deur die beginsels van die algemene reg gelei. Die resultaat hiervan is die kerk as 'n regsorganisasie in 'n genootskaplike sin (Liermann 1933:17). Liermann het hom getroos aan die gedagte dat die eintlike ordening van die kerk die belydenis is (1954:8), maar hy het nie voldoende daarmee rekening gehou dat waar die algemene regsbegrip òf deur die meerderheid, òf deur die bevoegde regsorgaan se regsbesef bepaal word, die kerkreg op die wyse spoedig in kerklike regspositiwisme versink nie.

Asmussen (1934:19) wou reg en kerk versoen deur die geloof as die uitgangs-

punt vir die kerkreg te stel. Die geloof bring die eintlike reg mee, want deur die geloof word alles in die kerk 'reg'gestel. Daarom is die belydenis vir hom die uitgangspunt en die doel van die reg in die kerk. Hierdie diensfunksie van die kerkreg en die kerkorde ten aansien van die geloof is ook die *leitmotiv* by Fiedler (1934:32), Bonhoeffer (1959:270 en Bethge 1970:590vv), H. Holstein (1937:7), en andere. Haller (1963:17,20vv) verklaar in hierdie verband dat "das Recht in der Kirche wird durch den Glauben bestimmt" (p.20) en dat die kerkorde sodoende deel van die belydenisskrifte, dit wil sê self aktuele belydenis, is.

Die regsimplikasie van die verkondigde Woord as wet en evangelie is ook as sintese tussen reg en kerk gesien. Dit bring mee dat die *grond*, die *grense* en die *norm* van die kerkorde in die Verkondiging van die Woord, in die sakramentsbediening en in die belydenis gevind word. So verkry kerkreg en kerkorde hulle dienende funksie, en word die dualisme tussen sigbare en onsigbare kerk, asook kerkorde en belydenis, oorkom (Plathow 1982:199).

Die regsimplikasie van die verkondigde Woord kom tot uiting in die "kirchen-zuchtliche Funktion der Schlüsselgewalt" waarin die kerkorde gewortel is. Die sleutelmag is wesenlik 'n regsfunksie, so kom die kerkreg dus eintlik deur Woordverkondiging tot stand (Schlink 1948:339v; Wehrhahn 1956:140vv).

Schlaich (1983:338) meen dat daar afgestap moet word van die spanning ten aansien van die dubbele regsbegrip (kerkreg en wêreldlike reg) en dat meer gefokus moet word op die vraag hoedat die kerklike regsnorme in die praktyk betrek kan word "Heute leiten wir das Recht nicht mehr aus der Staatsautorität ab ... Recht ist nicht notwendig staatliches Recht" (Schlaich 1983:345). Hy lê klem op die 'antwoordkarakter' van die kerkreg (p.357):

"Insofern spreche ich ja vom 'antwortenden Kirchenrecht' ..." (p.363).

Dáárin moet die regsorde wat Christus vir sy kerk gegee het, gerealiseer

word tot in die verste hoeke van die praktyk.

Die poging tot 'n versoening tussen reg en kerk is egter veral deur Johannes Heckel, Erik Wolf en Hans Dombois diepte en omvang gegee (vgl. Steinmüller 1968). Hierby mag egter óók S. Meurer, én R. Dreier én S. Grundmann sekerlik nie buite rekening gelaat word nie.

Meurer (1972:29) sien die reg in konteks met God se geregtigheid. In dié betekenis moet hy gelees word: "Es liegt im Wesen des Rechts begründet, dass es nach Gerechtigkeit fragt und sich als Ausdruck derselben versteht". Sodoende is die reg vir die kerk nie vir hom regspositiwisme nie, ook nie aangepaste algemene reg nie, maar 'n reg waarin God se geregtigheid weerspieël moet word en juis daarom 'n reg in diens van die versoening en die vrede. Reg is vir hom dit wat in die Bybelse sin goed (agathos) is (Meurer 1972:41). Meurer slaag in hooftrekke daarin om nie alleen reg en kerk met 'n Skrifbe-gronde regsbeskouing te versoen nie, maar hy bied selfs vir die algemene regsleer Bybelse uitgangspunte. Hy lewer 'n behartigenswaardige bydrae in die Belydende Kerkreg om gestalte aan Augustinus se beskouing te gee (Meurer 1972:187): "*Vera iustitia non est nisi in ea re publica, cuius conditor rectorque Christus est*".¹¹⁾

Dreier lewer sy bydrae in die vraagstuk na die verhouding tussen reg en kerk aan die hand van die beskouing dat nóg reg en mag, nóg reg en rede teenstellinge is. Reg is vir hom "die toestand van 'beteuelde mag', en dit is gerealiseerde rede na die maat van die redelikheid van die regsge-note en onder hulle in besonder diegene wat vir die daarstelling en hand-hawing van die reg geroep is" (1972:60). Hy stel die vraag of die kerkreg as wetenskap hoegenaamd 'n regswetenskap is en of dit nie eerder 'n teologiese dissipline met 'n juristiese metode is nie (1972:61). Met die aanname dat die kerkreg sowel empiriese reg (1972:61vv) as geestelike reg is (1972:64vv)

doen hy afstand van die staatlike reg as geldende reg vir die kerk: die kerkreg hoort vir hom tot die kategorie nie-heersende (=nie soewereine) geestelike reg in onderskeid met die afdwingbare staatlike reg (Dreier 1972: 63). Geestelike reg is vir hom die reg wat deur mense as "Geistträger" (*homines spirituales*) daargestel en gehoorsaam word (Dreier 1972:69).

Hoewel Dreier 'n beduidende bydrae in die Belydende Kerkreg tot die uitbouing van kerkreg as 'n kerklike dissipline gemaak het, kon hy vanweë sy regs-begrip (1972:60) en sy fundering van die regspersoonlikheid van die kerk (1972:233vv) nie die invloed van die staatlike reg op die kerkreg geheel en al ontkom nie. Trouens, dit mag ook blyk dat hy die staatlike reg met betrekking tot die kerk vir 'n mate van regspositiwisme ingeruil het (kyk Dreier 1972:61vv).

Grundmann (1969b:58) stel kerkreg en kerkbegrip in die nouste samehang met mekaar. Kerkreg mag nie los van die kerk as 'n liefdesgemeenskap gesien word nie. God se 'regswil' is daarop gerig om tussen Hom en die mense onderling liefde (*charitas*) daar te stel. Die liefdesgebod, konform God se wil, kom in die plek van die staatlike dwang. In hierdie sin is Christus vir die gelowige die end van die wet (Grundmann 1969b:62-64). Die kerkreg is vir hom in onderskeid met die staatlike reg, geen wêreldlike reg nie, hoewel dit *menslike reg* is. 'Kerkwet' is derhalwe 'n produk van die menslike rede (Grundmann 1969b:64v). Grundmann kom nog nie van die kerkorde as 'n positiewe wet los nie (1969b:65vv), hy redeneer vanuit 'n mensgevormde idee van reg, daarom is sy kerkregbegrip nie geheel en al vry te spreek van regspositiwisme nie.

Johannes Heckel versoen reg en kerk op grond van die *lex charitatis spiritualis*. Met Luther se twee-ryke-leer as basis, verdeel Heckel die mensheid in twee groepe, enersyds die gelowiges en andersyds die wat die Here ver-

werp. Die gelowiges leef onder die *lex charitatis*, oftewel die *lex Christi* (1973:175vv). Die kerkreg is as *lex charitatis* wel 'n menslike reg, maar nie 'n wêreldlike reg nie. Alle reg in die kerk, wat wel regering van Christus is, stel dus die geestelike liefdeswet daar. By wyse van die *ius positivum ecclesiasticum* funksioneer die kerkreg in die Woordverkondiging én in die sakramentsbediening én in die sleutelmag (1964:167). Heckel onderskei 'heteronome' en 'outonome' kerkreg van mekaar. Die heteronome kerkreg is die goddelike natuurwet, die wet van Christus en die *lex fidei*. Die outonome kerkreg is die Christelike broederskap, selfs die Christelike gelykheid en die Christelike vryheid wat in die kerkorde veranker is (1964:168,231; 1973:163vv,229). Plathow (1982:195) oordeel tereg dat Heckel in sy poging om reg en kerk te versoen, sterk natuurregtelik geïoriënteer is.

Erik Wolf hanteer die teorie van die Belydende Kerkreg as 'n belydende reg in diepte. Deur die eenheid van kerkorde en belydenis te stel, oorkom hy die dualisme tussen 'wesenskerk' en 'regskerk' (Wolf 1948:65vv; vgl. Plathow 1982:162). Met kerkreg as belydende reg bedoel Wolf dat kerkreg nie onafhanklik van die belydenis kan bestaan nie, trouens dit rus geheel en al daarop. Voorts is dit die taak van die kerkreg om die belydenis prakties te realiseer. Deur die kerkreg word die kerkorde gekonstitueer, maar "... nur als Zeugnis der Christokratie und der Bruderschaft ..." (Wolf 1961:508).

Hans Dombois (1969:39vv) sluit by Karl Barth (KD, IV / 2, 67,4:787vv) aan in sy beskouing dat kerkreg 'n liturgiese reg is. Maar liturgie en belydenis is onskiedbaar, gesamentlik vorm dié twee komponente die basis vir die antwoord wat die kerkreg uit die kerk se "Sitz im Leben" moet gee - en hierin lê die oorsprong van die kerkorde. Die grondslae van die kerkreg lê vir hom in Christus se viervoudige opdrag, naamlik die sending-

opdrag, die doopopdrag, die nagmaalsopdrag en die sleutelopdrag. Hierin sien hy die verbinding van die institusionele en jurisdiksionele regstipes, saamgevat in die regsteologie van die genade (kyk Steinmüller 1968:699v). Hoewel die genadereg in die godsdiens veranker is, besit dit regs-kwaliteit en is derhalwe regsgeldig vir regstrukture (kyk Steinmüller 1968:755). Maar die basis van die reg lê in die onderlinge verhoudinge van mense. Sodoende is die reg 'n relasionele begrip (Dombois 1969:164). Die reg het egter 'n normatiewe karakter, dit is bepalend vir verhoudinge. Verhoudinge tussen mense dui op handeling. Hieruit ontwikkel Dombois sy "handelingsteorie". Die reg vir die kerk kom in die kerklike handeling tot uiting (Dombois 1969:13v, 815vv; 1974:15; 1983:22, 313). *Handelinge*, nie regtelike norme soos in die tradisionele kerkregsleer nie, is die hoofsaak in Dombois se kerkregsteorie. Dombois neem as vertrekpunt nie die 'wese' (*esse*) nie, maar die handeling (*operari*). Hiervolgens is die handeling vir hom bepalend vir die wese, en nie andersom nie (vgl. Van der Linde 1985b:2vv; 1985c:2vv). Regsteoreties rus hierdie teorie op die begrippe van *regsaanspraak* (*eis*) en die *erkenning* daarvan, sowel as die *aanwending* en die *aanwendingsaanname* daarvan (Dreier 1984:408). Dombois se navorsing is juristies, dit wil sê die teorie van kerklike handeling is 'n regsteorie wat uit 'n regsoogpunt ondersoek word (Dreier 1984:408v). Sy kerkregsbegrip is 'n onderafdeling van sy algemene regs-begrip (p. 412). Die kerkregsleer is volgens Dombois "eine systematische Disziplin, welche alles, was in der Kirche geschieht, in der Dimension des Rechts nachzudenken und kritisch zu prüfen hat" (1969:13).

Volgens Dombois word objektiewe reg, dit wil sê die reg wat die menslike handeling kontroleer, gevorm wanneer die eise (vir die menslike handeling) gestel word en erken word. Reg is die gevolglike 'erkende aansprake'

(1969:164v). Daar is dus 'n sterk sosiaal-empiriese trek in Dombois se kerkregbeskouing teenwoordig.

Die juridiese aspek van die kerklike handeling vorm die objek van die kerkreg. Die kerklike handeling word as regsvestigende en deur die reg gereguleerde handeling ondersoek (Dreier 1984:408v). Dombois gaan van die veronderstelling uit dat die kerklike handeling geestelik is, dit wil sê as *geesteswerk* geïnterpreteer moet word. God se Gees handel deur die mens, en so kom die reg deur die mens se erkenning van die regs aanspraak tot stand (Dombois 1969:815).

Dreier oordeel dat Dombois se regs begrip, ondanks die tese van "Anspruch und Anerkennung" vaag bly (1984:413). Verder oordeel hy dat dit blyk of Dombois se teorie op die normatiewisties-positiewistiese regs begrip neerkom, waar reg en wet ekwivalente is (Dreier 1984:412). Dombois se kerkregteorie rus op die fondament dat kerkreg wesenlik genadereg is, omdat dit die vorm is waarin die genadehandeling van God aan die mense in ruimte en tyd geskenk word (p.415).

Dombois stel sy opvatting oor God se reg vir die kerk herhaaldelik: "Wir haben das *ius divinum* immer nur in Gestalt des *ius humanum*" (1969:511, 1009). Hiervolgens lyk Van der Linde (1985c:9) se oordeel tiperend, naamlik dat Dombois die geskiedenis tot norm vir die kerkreg verhef. Wat in die geskiedenis van die kerk geëis en waaraan toegegee is, is 'reg'. Kerkreg is vir Dombois kortliks dit wat van die Woordverkondiging en sakramentsbediening aanvaar is, waardeur die instituering van die kerk tot stand gekom het. Hiermee maak Dombois 'n toewyding aan én die historisme én die positiewisme.

Dombois het duidelik 'n eie koers ingeslaan. Die versoening tussen kerk en reg lê vir hom daarin dat die kerk 'n plek in die wêreld ontvang het en

derhalwe aan die strukture van die wêreld deel moet hê. Daarom moet die kerk, met behoud van sy bo-wêreldlike oorsprong in Christus, tog opgeneem word in en onderwerp word aan die kring van die regslewe. Die kerk doen dit deur erkennend te antwoord op die regs aansprake of eise wat tot hom kom (vgl. Nauta 1976:39vv).

4.2.1.5.5 'n Skrifbepaalde beskouing: geen tweespalt

Eerstens moet die vraagstuk 'reg en kerk', wat die blote bestaan van die vraagstuk betref, aan 'n onnoukeurige plasing van reg en kerk in verhouding met mekaar, beide as goddelike gegewes, gewyt word. Omdat ten grondslag van hierdie vraagstuk die reg as die eksklusiewe eiendomlikheid van die staat geag word (kyk 4.2.1.5.2), moet hier kortliks op die staat en die kerk in dié verband gewys word.

Alhoewel kerk en staat enkapties vervleg is, is daar tog 'n kennelike eiesoortigheid in elkeen van hulle onderskeibaar. Die staat is 'n *skeppingsgegewe* en fungeer kragtens die *skeppingsorde* as een van die werklikheidsaspekte (vgl. 4.2.1.4.1 en 4.2.1.4.2). Maar die kerk is 'n *herskeppingsgegewe* en fungeer kragtens die *herskepping* waarvolgens Christus die vrede herstel het en 'n nuwe (regs)orde as die domein van sy heerskappy, naamlik die kerk, neergelê het (kyk 4.2.1.4.3). As 'n gemeenskap van mense is die kerk nie 'n *skeppingsamelewingsverband* nie, maar 'n *herskeppingsamelewingsverband*, dit wil sê 'n samelewingsverband wat uit herskape mense bestaan. Omdat die herskepping egter nie 'n naasaan-skepping is nie, maar 'n herstellende ingryping op die skepping is, is die goddelike eis wat vir samelewingsverbande kragtens die skepping geld, nie ten opsigte van die herskeppingsamelewingsverband opgehef nie. Hiervolgens bly die kerk onderworpe aan die wetmatighede vir samelewingsverbande. Soos wat 'n dier byvoorbeeld altyd 'n dier bly en nooit 'n mens kan word nie, is 'n kerk ook kragtens

die wetmatighede waarvolgens hy fungeer 'n kerk en kan hy nooit 'n staat word nie (kyk 4.2.1.3.2).

Soos elke skeppingssamelewingsverband beskik ook die herskeppingsamelewingsverband die bevoegdheid om kragtens sy eie wetmatighede, waarvolgens hy fungeer, vir hom 'n interne verbandsreg daar te stel wat slegs op hom van toepassing is. En as dié herskeppingsamelewingsverband moet die kerk juis 'n voorbeeld vir alle ander samelewingsverbande wees hoedat God dit bedoel het dat sy reg in elke samelewingsverband, op die wyse van die eiesoortigheid van elke samelewingsverband, moet fungeer (vgl. 4.2.1.4.1).

Die sondeval het juis die regskenis verlore laat raak (kyk 4.2.1.3.3). As 'n herstelling op die sondeval is die kerk as dié herstelde samelewingsverband juis die gemeenskap waarbinne die reg van God weer geken en gehoorsaam kan word (kyk 4.2.1.4.3). Derhalwe is dit ewe ondenkbaar om reg en kerk van mekaar te skei as wat dit is om lig en dag van mekaar te skei. Dit is begrippe wat *wesenlik* by mekaar hoort.

Tweedens moet die vraagstuk na die verhouding tussen reg en kerk aan 'n *onjuiste kerkbegrip* gewyt word. Indien die kerk se onsigbare en sigbare gestaltes onderskei, maar nie van mekaar geskei word nie, kan dit nie anders as dat die beskouing gehandhaaf word dat die (ware) kerk op aarde in 'n sigbare gestalte sal verskyn nie. Die sigbare, of institusionele gestalte van die kerk noodsaak regsordening. Waar mense, in watter samelewingsverband ook al versamel word, moet 'n gesamentlike lewenswyse georden word om dié samelewing hoegenaamd moontlik te maak (kyk 3.2.3, kyk ook aantekening 8). Vir die kerk is daar, benewens herkenbare juridiese beginsels (dit is byvoorbeeld 'n juridiese beginsel dat as 'n groep mense aan dieselfde openbare diens wil deelneem, hulle tegelyk op die plek van die diens moet wees; hieruit positiewe die kerkraad vasgestelde tye vir die kerkdienste),

ook herkenbare kosmiese struktuurwette (dit is byvoorbeeld 'n kosmiese struktuurwet dat mense aan wind, son en reën blootgestel word as hulle in die buitelug vergader; hieruit positiver die kerkraad die norm dat 'n kerkgebou opgerig en onderhou word) maar veral herkenbare bepalinge in Gods Woord (dit is byvoorbeeld volgens 1 Korintiërs 14:40 'n goddelike bepaling dat daar orde in die kerk moet wees; kragtens die bepaling stel die kerkrade 'n kerkorde daar) op grond waarvan hy sy interne verbandsreg (kerkreg) orden. Die kerkreg moet 'n weerspieëling van God se reg vir die kerk wees, daarom het die staat nie die bevoegdheid om die kerk deur staatlike statute te vorm en te reël nie: "Die kerk heeft een eigen recht dat niet door de aardse macht kan worden vervreemd" (Hoedemaker 1904:13; vgl. p.8). In die kerk voltrek God sy regs- en geregtigheidshandeling: *heil* (redding, verlossing, genade), *heerskappy*, *oorwinning*, *herstel* (normalisering, opheffing), *oordeel* (regspraak) (kyk 3.3.2.2.3). Hy doen dit kragtens sy geregtigheidsienskappe: sy *betroubaarheid*, *getrouheid*, *regverdigheid*, *goedertierenheid* (liefde) en sy *barmhartigheid* (ontferming) (kyk 3.3.2.2.2). God se regs- en geregtigheidshandeling het ten gevolge: 'n *juridiese (heil)sfeer*, 'n *heil-sfeer* en 'n *orde* wat in sy kerk 'n neerslag vind (kyk 3.3.2.2.4).

Maar wat is die kerk werklik? Die kerk is 'n *geloofsgemeenskap* en 'n *liefdegemeenskap* (kyk 3.2.3). Hierdie twee gemeenskapsaspekte van die kerk realiseer in die *verbonds-* en *koninkryksbetrekking* waarin die kerk staan (kyk 3.2.3). As 'n *verbondsgemeenskap* is die kerk God se volk, sy "Versammlung", draers van die goddelike beloftes. In die *verbondsgemeenskap* word die gedagte verteenwoordig dat God nie sy skepping aan Satan prysgee het nie, maar dat Hy vir Hom 'n 'oorblyfsel' uit die mensheid tot 'n voortgesette bestaan geroep het (kyk 3.2.2.1 en 3.2.2.3). As 'n *koninkryks-gemeenskap* is die kerk die domein van die koninkryk, die *nuwe* Israel (vgl. Rm 9:6-8; Gl 2:29). Die koninkryk is nie 'n wesenlik ander konsep as die

verbond nie, trouens dit is 'n toespitsing, 'n presisering van die verbondsgedagte (kyk 3.2.2.3).

Die kerk is die *herstelde gemeenskap* wat regsordelik rondom die Woord-, sakraments- en tugbediening versamel word. Die kerk, as God se regtelik geregverdigde gemeenskap, se regsorde wortel ten diepste in God se reg en geregtigheid. Die *vorm* van die kerk mag nie strydig met die *wese* daarvan wees nie.¹²⁾ Daarom is die kerk alleen bevoeg om sy regsordening te behartig - in gehoorsaamheid aan die Woord van God. Die staat het geen bevoegdheid om die kerk deur statute te vorm nie, en ook nie om die interne regshandelinge van die kerk te bepaal nie (kyk 4.2.1.4.1 en 4.2.1.4.2; vgl. Du Plessis 1943:6). Ook hieruit blyk die onlosmaaklike samehorigheid van reg en kerk.

Derdens moet die vraagstuk na die plek van reg en kerk 'teenoor mekaar' aan 'n *ontoereikende regsbegrip* gewyt word. As reg uit die mens sou voortkom, sou dit die aanvaarbare standpunt wees om die regsordening na een, oorkoepelende (soewereine) regsorgaan te verwys, wat derhalwe die reg vir *alle* samelewingsverbande positiver. Hierdie standpunt is eie aan die natuurregseleer en bevat ook elemente van die regspositiwisme (kyk 4.2.1.22). Hierteenoor moet gestel word dat die reg tot die skeppingsorde behoort. Hoewel die sondeval juis 'n gevolg van Satan se aanslag op God se reg was, het die reg as 'n 'modaliteit' ongeskonde gebly. Dit beteken dat reg in hierdie sondebedeling steeds *rég* bly, ondanks die oorwoekerende onreg en kwaad. Wel het die mens se interpretasie en derhalwe sy positivering van die reg die sonde nie ontsnap nie, daarom word die reg nie op die juiste wyse (volkome goed) gevorm, én toegepas nie (kyk 4.2.1.3 en 4.2.1.4).

In sy wese is die reg in die lig van God se reg, soos wat die reg as 'n verhoudingsbegrip geopenbaar word, volkome normatief (kyk 4.2.1.4.2 en 4.2.1.4.3). Daarom moet die standpunt dat die toepassing van die reg

die wese daarvan bepaal, afgewys word (bv. Dombois 1969:13v, 815vv; 1974:15; 1983:22,313). Reg bly *rég*, of die eis daarvan in bepaalde tye en omstandighede deur die mens erken word of nie. (Die mens se erkenning van die reg is in elk geval ten dele, eensydig en onvolkome). Die reg mag nie afhanklik gestel word van die mens se beskouing daarvan of van die mens se positivering daarvan nie, maar van die *regsnorm*. Die regsnorm vind sy beslag in God se positiewe wet (God se wet en verordeninge soos verbesonder in die dekalooë en saamgevat in die liefdesgebed) (kyk 4.2.1.3.2; 4.2.1.4.2 en 4.2.1.4.3).

God bly trou aan sy Woord. Al sy *regshandelinge* (gerig: vryspraak en oordeel) teenoor die mens, én al sy *geregtigheidshandelinge* (die toepassing van sy reg: sy genadegewende en oordelende bemoeienis in die geskiedenis) met die mens, staan in konteks met die *regsnorm* wat Hy aan die mens gestel het. Omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Jh 4:10), eis Hy ons liefde. Sy liefde blyk uit sy regshandelinge en sy geregtigheidshandelinge wat in geheel saamtrek in die offer van sy Seun, Jesus Christus (kyk 3.3.2.2.5 en 3.3.3.2.2). In Jesus Christus word God se reg en sy geregtigheid 'n liefdesreg en 'n liefdesgeregtigheid vir sy volk, maar 'n oordelende geregtigheid vir die wat Hom verwerp. God se reg en geregtigheid as sy liefdesopenbaring vir sy volk, soos geopenbaar in sy Woord en saamgevat in sy *positiewe wet*, is die grond vir die regsnorm. 'n Sametrekking van die regsnorm is kenbaar en toepasbaar in die liefdesgebed van Christus vergestalt: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag. Dit is die eerste en die groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Mt 22:37-39). Reg is normatief die eis om God se liefde te beantwoord deur te doen wat goed in sy oog is, met ander woorde, deur volgens sy wil te lewe (kyk 4.2.1.4.2). Reg is enersyds

op die *herstelling* van die verhouding met God gerig en vloei andersyds daaruit voort. Dit beteken dat die mens se regsordening gerig word deur God se reg van herstelling, tegelyk loop die mens se positiewe reg op herstelling (oftewel normalisering) van die on-reg uit, sowel as die herstelling van die mensereg (op God se beeltenis) en die herstelling van die Vader-kind-verhouding (kyk 4.2.1.4.3 en 4.2.1.4.4). Die gevolg van die 'herstellingsreg' is vrede met God en met mekaar, waaruit 'n nuwe (regs)-orde die gevolg is (kyk 3.4.3.2.2,iv en 3.4.3.2.3). Hierdie nuwe orde trek uit die wêreld saam en word sigbaar in *die kerk* as die versameling van die herskape mensheid (kyk 3.2.3 en 3.4.4).

Die kerk as die herskape mensheid word deur God self deur middel van die Woordbediening, sakramentsbediening en tugbediening gekonstitueer. Nie slegs as 'n aspek binne die modaliteitsorde van die werklikheid nie, maar spesifiek in opdrag van God moet die kerk sy regsorde ooreenkomstig die Woord inklee. En as die herstelde, welgeordende en sigbare samelewingsverband het die kerk ook die bevoegdheid om binne die bepalinge van die staatlike reg aan die regsverkeer deel te neem. Dit doen die kerk nie as 'n statutêr-bepaalde liggaam binne die staatshuishouding nie, maar wel as die unieke liggaam van Christus binne sy eie regsbevoegdheid (vgl. Haijtema 1951:13v). Hierdie regsbevoegdheid word, soos dit reeds duidelik geword het, hoegenaamd nie deur die staatsowerheid aan die kerk verleen nie. Die kerk het dié kompetensie kragtens sy ordening as die liggaam van Christus wat in die werklikheid as een van die samelewingsverbande, die herstelde een, na vore tree (Pienaar 1982:271vv; 1984:2vv).

God se wil om die verworde skepping te herstel, is op die hele werklikheid gerig. As sy dienaars gebruik hy die vrygekoopte mensheid, sy kerk, wat as't ware die hele geskape werklikheid deur hulle Godsgehoorsame arbeid vir Hóm moet terugwen en in sy Naam moet annekseer. Daarom moet die

gelowige se regshandelinge Gód se reg proklameer en sý wil bekend maak.

In die Godvervreemde wêreld word die elemente van die positiewe reg wat met God se wil ooreenkom (vanweë die verskynsel dat die mens op sterkte van sy regsbesef wel ingeskepe kosmiese struktuurwette en juridiese-beginsels herken (kyk 4.2.1.3.2 en 4.2.1.3.3)) nie as sy wil erken nie, maar aan die menslike regsvermoë toegeskryf. In die nuwe mensheid, die kerk van die Here, word egter gevra na sy wil en wat vir Hom reg is. Wat vir God reg en goed is, verbly die wedergebore mens se hart. Hoewel die sonde die kerk dikwels daarvan verhinder (Rm 3:10) om sy regsopdrag intern en na buite uit te voer, is dit deel van sy roeping om die nuwe orde te vestig en uit te dra.

Hieruit blyk dat daar wesenlik geen tweespalt tussen reg en kerk is nie. Trouens, die reg hoort tot die wese van die kerk. Rutgers het dié gedagte soos volg verwoord: "Juist doordat het de kerk met het recht in verband brengt, wordt het wezen der kerk en het wezen des rechts daarin als het ware vereenigd; beide blijven bewaard, maar dan zóó, dat het eene tevens invloed heeft op het andere. Het is ook formeel, maar dan zóó, dat het altijd wordt gehandhaafd zonder dwang; en het is ook institutair, maar dan zóó, dat het altijd dienst doet voor een geestelijk organisme" (1894:17).

4.2.1.5.6 Samevatting

Die historiese spanning tussen reg en kerk moet gewyt word aan 'n onnoukeurige plasing van reg en kerk teenoor mekaar, 'n onjuiste kerkbegrip en 'n ontoereikende regsbegrip.

Vanuit hierdie agtergrond fungeer die beskouing byvoorbeeld van Rudolph Sohm, waarvolgens reg met die wese van die kerk in stryd is. Volgens Sohm is die reg wêreldlik, formeel en afdwingbaar; daarenteen is die kerk gees-

telik en as 'n liefdesgemeenskap het dit slegs beskikking oor Woordgesag. Vir Sohm is reg en kerk twee pole teenoor mekaar.

Daar is ook die beskouing waarvolgens reg en kerk raakvlakke het, soos twee sirkels langs mekaar waarvan die buitelyne mekaar op 'n bepaalde vlak ontmoet. Die bepalende uitgangspunt in hierdie beskouing is die skeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk. Die onsigbare kerk is die ware kerk wat deur die Woord gedra word; die sigbare kerk is die uiterlike vorm wat deur die genootskaplike wilsuiving van die lidmate daargestel word. Die (staatlike) kerk reguleer die sigbare kerk en die onsigbare kerk word deur die Woord gereguleer.

Die soektog na 'n versoening tussen reg en kerk het steeds 'n stroom kerkregtelike publikasies uit die Duitse Belydende Kerkreg ten gevolg. Hieronder het veral Johannes Heckel met sy teologie van kerkreg as 'liefdesreg', Erik Wolf met sy teologie van kerkreg as 'belydende reg' en Hans Dombois met sy teologie van kerkreg as 'genadereg' 'n formidabele bydrae gemaak.

Uit 'n Skrifbepaalde beskouing beoordeel, is daar geen tweespalt tussen kerk en reg nie. Trouens, kerk en reg hoort wesenlik bymekaar, omdat die kerk juis God se nuwe regsorde onder die mensheid is, vanweë die herstelling in Jesus Christus. Juis in die kerk kan die menslike reg met God se reg korreleer.

4.2.1.6 Kerkreg¹³⁾

4.2.1.6.1 Oriëntering

Die ondersoek dusver het dit reeds aan die lig gebring dat kerkreg 'n nie-staatlike verbandsreg is. Die 'verband' wat hier ter sprake is, is die kerk. Die kerk is 'n unieke, uit die herskepping deur God daargestelde samelewingsverband, wat Hy op 'n bepaalde wyse wil onderhou. Dit beteken

dat die kerk ook op 'n bepaalde wyse binne die konteks van die ander samelewingsverbande moet fungeer.

Deur die unieke aard van die kerk word die kerkreg as 'n unieke regs wetenskap bepaal. Die kerk is as *die verbondsgemeenskap* én *die koninkryksdomein* die herstelde mensheid wat as die liggaam van Jesus Christus in hierdie bedeling tot uitdrukking kom. Die begrippe 'verbondsgemeenskap' en 'koninkryksdomein' bring die besondere verhouding tussen God en sy volk (Nuwe Testamenties gepresiseer: tussen Christus en sy liggaam) aan die lig (kyk 3.2.3 en 4.2.1.5.5).

Vir hierdie besondere samelewingsverband bepaal Gód die reg en orde op 'n besondere wyse, bo en behalwe die ingeskaapte wetmatighede vir samelewingsverbande (waaraan ook die kerk onderhewig is) waaruit die natuurwette en regs beginsels herken kan word wat tot die elementêre en periferiese aspekte van die kerkreg aanleiding gee (kyk 4.2.1.5.5). God bepaal die inhoudelike reg en orde vir sy kerk deur sy Woord (kyk 3.3.4 en 3.4.4). Wat in God se oog vir sy kerk ooreenkomstig sy wil *reg* is, maak Hy in sy Woord deur sy regs- en geregtigheidshandelinge, deur sy Wet en deur sy besondere voorskrifte vir sy kerk bekend (kyk 4.2.1.4.2; vgl. Voetius PE IV:119, 129, 832). Maar God se reg en orde is nie 'n juridies uitgewerkte reeds gepositiveerde regsorde vir sy kerk nie (kyk 3.3.4). Uit die neergelegde *beginsels* vir die ontstaan, die bestaan en die voortbestaan van die kerk in die Woord van God, moet 'n kerkorde vir die kerk gevorm word, waardeur die kerkregering Christus se heerskappy in sy kerk kan onderhou en handhaaf. Die kerkreg mag niks anders wees as 'n weerspieëling van God se reg vir sy kerk nie (kyk 4.2.1.5.5).

Hieruit blyk dat kerkreg as die wetenskap waarin God se reg en orde vir sy kerk nagevors, verklaar en vir die kerk toepaslik gemaak word, 'n

bedieningsfunksie moet vervul (vgl. Voetius PE III:865).

4.2.1.6.2 Bedieningsfunksie

Kerkreg is nie die vasstelling van wat vir ons die beste blyk, wat in ons oog goed en wys vir die kerk sou wees nie. Kerkreg is die vraag na die wil van die Here vir sy kerk: hoe sý heerskappy ten beste tot uitvoer gebring kan word (Greijdanus s.j.:4). Wat ten aansien van die kerk gereël moet word; ja, wat die kerk moet wees en wat hy moet doen, word deur die Skrif bepaal (Greijdanus s.j.:5,7v). Daarom is 'n Skrifbepaalde kerkreg wesenlik uitlegging en verkondiging van die Woord van God. Die klem van alle kerkregtelike handeling val op die begrip 'bediening'. In die kerkreg gaan dit om die oog van die kerk steeds op die nabyheid van die Here te vestig, sy heerskappy, sy innige versorging, sy geregtigheid vir sy volk (Greijdanus s.j.:7v).

Die *bedieningsfunksie* van die kerkreg stel kerkreg op 'n heeltemal ander vlak as die algemene reg. Volgens die algemene gangbare beskouing oor *regspositivering* is dit die "kompetente regsvormende orgaan" wat "juridiese inhoud en gelding aan 'n regsbeginnsel verleen" (Van Zyl & Van der Vyver 1982: 246). Hiervolgens verkry regsreëls hulle juridiese inhoud en gelding van die bevoegde regsorgaan.

Die kerkraad (of kerkrade in sinode), as die regsorgaan van die kerk (of kerke in verband met mekaar), verleen nie inhoud en gelding aan die kerkreg nie. Die *beginnels* en *bepalinge* in die Woord ten aansien van die kerk se ontstaan, bestaan en voortbestaan is as God se *positiewe reg* geldend vir die kerk. Dit hoef nie geldend gemaák te word deur 'n menslike instansie nie. (Daarom word in hierdie studie van die begrip *God se positiewe reg* uitgegaan (kyk 4.2.1.4.2)). Hierdie beginsels en bepalinge word wel deur die kerkreg nagevors, verklaar en vir die kerk toepaslik gemaak.

Hieruit blyk die prinsipiële verskil tussen die handeling van 'n "kompetente regsformende orgaan" wat regsreëls uit regsbeginsels *positiver* en 'n kerkraad wat nie kerkregreëls *positiver* nie, maar dit *bedien*.

(Onder 'bediening' word die omvattende aktiwiteit van navorsing, verklaring en toepaslik maak, verstaan.) In werklikheid is God nie alleen die Bepaler van die reg en orde vir die kerk nie, maar Hy is ook die Bedienaar daarvan (kyk 2.8.5 en 2.9). Selfs die bedieningsfunksie van die kerkreg is 'n sekondêre funksie deurdat die kerkraad wat daarmee gemoeid is bloot in gehoorsaamheid, onder opdrag, handel.

Kerkreghandelinge is om eerstens te vra wat God regtelik vir sy kerk wil. Dit raak die bestaan en die voortbestaan van die kerk. Die bedieningsfunksie van die kerkreg behels die navorsing, verklaring en toepaslik maak van reeds geldende verordeninge en bepalinge. Hierdie verordeninge en bepalinge in die Woord is volstrek normatief, dit is God se *wil* vir sy kerk en derhalwe uit wat vir Hom *goed* vir sy kerk is. Daarsonder kan die kerk nie as sy kerk bestaan nie.

Die gevolg van die *bedieningsfunksie* van die kerkreg is dat deur die kerkreg nie wette 'gepositiver' word nie. Deur die kerkreg word nie 'n wet daargestel waaraan 'n kerklike situasie getoets moet word en waardeur die kerklike lewe gereël moet word nie. Deur die kerkreg word God se verordeninge en bepalinge vir sy kerk egter nagevors, verklaar en toepaslik *aan die orde gestel*. Die ordereëling wat as kerkorde op hierdie wyse gevorm word, het dus eweneens geen ander taak as om God se Woord in die kerkregering aan die orde te stel nie. In elke geval wys dié ordereëling slegs op die Wet en Bepalinge (die Woord) van God.

In werklikheid is die kerk se 'bevoegde regsorgaan', naamlik die kerkraad, 'n'geroepe *bedieningsorgaan*' wat oor geen regsbepalende of wetge-

wende mag beskik nie, omdat God alleen die Regsbepaler en Wetgewer van sy kerk is. Die kerkraad beskik egter kragtens sy roeping oor *regsbediende* mag. Dit beteken dat die regsgeldigheid van enige kerklike besluit wesenlik van konformiteit met die Woord van God en die belydenis (die kerk se gelowige na-segging (*homologein*) van die Woord) afhang. Indien die kerkraad (of kerkrade in sinode) 'n besluit sou neem wat strydig met God se Woord en die belydenisskrifte is, sou die besluit dus wesenlik oor geen regsgeldigheid beskik nie; formeel, já, tot tyd en wyl die strydigheid met die Skrif en die belydenisskrifte (deur selfs 'n enkele lidmaat) aangetoon word. Dan sou dit slegs 'n formaliteit wees om die bepaling te wysig of te herroep (vgl. GKSA KO, art. 31). Want " ... van het kerkrecht is juist de grondslag, dat Gods Woord boven alles gaat. Het is zijn beginsel, dat alle ordening met dat Woord overeenstemme; en het is zijn eisch, dat er nooit berust worde in verloochening van dat Woord" (Rutgers 1894:21v).

Die eiesoortige majesteitlikheid van die kerkreg is hoegenaamd nie aan 'n heersersmag toe te skryf nie, maar aan sy bedieningsfunksie. Maar juis omdat die kerkreg Woordbediening is, fungeer die Skrifbepaalde kerkreg met niks minder nie as met Woordgesag.

4.2.1.6.3 Kerk-gerig

Die rede waarom die algemene reg nie in die kerk as kerkreg geldend is nie, lê in die eiesoortigheid van die kerk waardeur die eiesoortigheid van die kerkreg bepaal word (kyk 4.2.1.5.5 en 4.2.1.6.1). Die kerk is nie 'n gewoon menslike vereniging wat op die vrye wil van die mens as 'n *societas* of op die kontraktereg as 'n *collegium* of 'n *universitas* fungeer nie (kyk 2.5.2 veral aantekening 3). Die kerk is 'n unieke, deur God daargestelde aspek van die werklikheid, gekonstitueer op sý uitverkiesende genade en geïnstitueer en versamel deur Christus (deur sy Woord en Gees). Deur al die eeue word die

kerk deur God self (téén menslike verwagtings, oortuigings en aanslae in) onderhou en bewaar (HK, Son. 21, vr. 54; NGB, art. 27; DLR I, 7).

Sodra die kerkreg se wortels na die algemene reg verplant sou word, sou kerkreg nie meer ekklesiologie wees nie. Dan sou kerkreg 'humaniologie' word (vgl. Van der Linde 1980/81:7vv; Bouwman I 1970:13). In die kerkreg gaan dit om God se reg wat aan die liggaam van Christus bedien moet word. Daarom kan die kerkreg nooit los van die kerk bedryf word nie, dit is wesenlik 'n kerkgerigte bedieningswetenskap (kyk 4.2.1.6.2).

Die kerk is die vrug van die herskepping in en deur Jesus Christus (kyk 3.2.3). As die herskape mensheid kan God se reg juis deur die kerk herken word (vgl. Flp 3:8vv, 12). Ondanks die verduistering van die mens se verstand deur die sondeval, herken die skape die stem van hulle Herder (vgl. 4.2.1.3.3) deur die wederbarende werk van die Heilige Gees (Jh 10:4v, 16 in konteks met Mt 16:17). As God se heilige volk en koninklike priesterdom wat Hy uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Pt 2:9) onderwerp die kerk hom gelowig aan God se reg. Hulle herken God se wil (vgl. Mt 13:16v).

Die bediening van God se reg deur die kerkreg is wesensnoodsaaklik vir die bestaan en voortbestaan van die kerk, dit wil sê vir sy *roepingsaanvaarding* en sy *roepingsvervulling* in die wêreld (vgl. Van der Linde 1980/81:31vv). Die wesensnoodsaaklikheid van die kerkreg vir die kerk bestaan daarin dat die kerkreg vir die bediening van God se reg in die kerk in die *genade* veranker is en op die *geloof* gerig is (vgl. Schniewind 1949:203). As Woord - bediening is kerkreg 'n *genadereg* en as bevestiger van die geloofslawe is kerkreg 'n *geloofsreg*.

Hierdie gedagte hou in dat God se genade in die kerkreg sigbaar word en wel tot beveiliging van die geloofslawe. Dit is byvoorbeeld 'n regsdaad om dienaars as voorgangers in die kerk te bevestig (en te onthef van hulle

roeping). Hierdie aspek, waarrondom die kerk se institusionele gestalte sy beslag kry, is in God se genade veranker, sy genade, wat op die onderhouding en bewaring van sy kerk gerig is (wat die kerk se georganiseerde bestaan sowel as sy geloofslewe betref). Die deur God geroepe dienaars in die kerk (vgl. o.a. Jr 1; Jes 6; 2 Kor 2:14-17; Rm 1:1; 10:13v) moet immers die Woordverkondiging in stand hou, waardeur die kerk as 'n *geloofsgemeenskap* opgebou word.

Die kerkreg se kerk-gerigtheid kom derhalwe ook in die kerkregering tot uitdrukking. Kerkreg en kerkregering is nie van mekaar te skei nie. Kerkregering is die toepassing van kerkreg in die kerklike lewe. Uit die kerkregering blyk werklik in watter mate die kerkreg kerk-gerig is:

Deurdat die tug as die derde merkteken van die ware kerk gehandhaaf word (NGB, art. 29), het sowel die kerkregering as die kerkreg met die handhawing van die ware kerk te make (vgl. Hoedemaker 1904:48). Deur sy betrokkenheid by die tugbediening is die kerkreg ook by die tweede merkteken (*nota*) van die ware kerk betrokke, deurdat die afhouding van die sakramente - en by implikasie ook die toegang daartoe - kerkregtelik gereël word (GKSA KO, art. 76 en 77). Maar deurdat die kerkreg self wesenlik Woordverkondiging is (kyk 4.2.1.6.2) wat in die kerkregering sy beslag kry, is die kerkreg derhalwe ook betrek by die vergestaltung van die eerste en fundamentele *nota ecclesiae* waardeur die ware kerk sy beslag kry.

Uit die kerkreg se betrokkenheid by die *notae ecclesiae* blyk die wesenlike belang van die kerkreg vir die kerk

Die kerk is die gemeenskap waarop God *reg* het, in en deur die soenverdienste van Jesus Christus. As "geroepenes van Jesus Christus" (Rm 1:6) en "uitverkorenes van God" (Kol 3:12) is die kerk nie slegs onderhewig aan God se reg nie, maar volkome afhanklik daarvan. Die regtelike eis van God se heerskappy is in die regverdiging as 'n forensiese daad gewortel. Daarom

is God die enigste Regsbepaler, in die betekenis van Regsverskaffer, vir sy kerk. Trouens, deur sy regsverskaffing kom sy kerk as 'n heel nuwe regsorde deur die werkinge van sy Woord en Gees tot stand (vgl. Calvin I, vi en vii; Milner 1980:4). Christus het God se volk (sy liggaam) bevry van die ban van die paradysleuen waarvolgens die mens glo dat hyself die regs-bepaler is (kyk 3.2.2.1).

Kerkreg, as die wetenskap waardeur God se reg vir sy kerk nagevors, verklaar en bedien word, is derhalwe geheel en al op die kerk gerig, trouens, op die wese van die kerk, sy bestaan én sy voortbestaan.

4.2.1.6.4 Formele reg

Kerkreg het 'n formele aspek. Die kerk is immers die liggaam van Christus wat deur Hom besiel, deur Hom gelei en deur Hom beheers word. Daarom kan dit nie anders nie as dat die kerk se hele inrigting en organisasie, die kerk se hele lewe, ook regsordelik bepaal is, op 'n wyse waarin Christus se heerskappy ooreenkomstig die Woord formeel sigbaar word (Rutgers 1894: 18; kyk 4.2.1.4.3).

Omdat God self die Bepaler van die reg en die orde vir die kerk is, maar ook die Bedienaar daarvan deur die diensknegte wat Hy daartoe bekwaam en roep, mag daar geen stryd tussen die *vorm* en die *wese*, die uiterlike aspek van die kerk as *instituut* en die innerlike aspek van die kerk as *geloofsgemeenskap*, wees nie. Die innerlike aard van die kerk as die wedergebore nuwe mensheid, God se herstelde kinders, moet korrelerend tot uiting kom in die uiterlike wyse van kerkwees. Daarom het God in sy Woord die beginsels gegee waardeur die formele gestalte van die kerk daargestel word - juis om die innerlike gestalte te beveilig en tot volle uitdrukking te laat kom (vgl. Rutgers 1894:18v). Vanselfsprekend kan sommige aspekte

van die uiterlike uitdrukkingswyse van kerkwees vanweë plek-, tyd- en kulturele omstandighede verskil, sonder dat die wese van die kerk hoegenaamd in die gedrang kom (Calvyn IV,x,30). Binne die formele aspek van kerkwees, en *mutatis mutandis* ten opsigte van die kerkreg, is daar derhalwe ruimte vir verskil wat die vormlike betref. Die ruimte van verskil ten opsigte van die vorm-like aspekte word daardeur begrens dat die uitdrukking van die wese van die kerk in die vorm-like wel *differensiërend* maar nie wesenlik *kontrasterend* vergestalt word nie.

Die formele aspek van die kerkreg kom sprekend in die *wyse* waarop die kerkreg se bedieningsfunksie uitgevoer word, tot uitdrukking. Die diensknegte wat deur Christus daartoe bekwaam en geroep is, bedien as kerkraad (en kerkrade in sinode) God se reg en orde vir die kerk (en kerke in verband met mekaar) by wyse van formele besluite en formele ordereëlins vir die gedrag van die kerk. Laasgenoemde geskied in die kerkorde (Van der Linde 1980/81:32).

Hierdie formele bepalinge het wel *bindingskrag*, vanweë God se wil (uit sy Woord) wat daarin bedien word. Maar dit is nie 'n juridies-wetlik afdwingbare bindingskrag nie (kyk 4.2.1.4.4). Die bindingskrag daarvan word deur faktore soos *geloof* en *liefde* bepaal. Die kerkreg hou nooit 'n juridiese dwangstelsel in die Naam van die Here voor nie, maar bedien God se reg en orde in liefde en die kerk aanvaar dit in geloof op grond van die Woord. Nie die *swaardmag* nie maar die *Woordmag* heers in die kerk. Die volgende voorbeelde kan ter illustrasie dien:

Voorbeeld 1: Indien wesenlike ordereëlins soos die *quod* en die *quo* van die dienste, die kerklike vergaderings, die leer en sakramente en die kerklike tug, verwerp word, stel so iemand hom prinsipiëel buite die gemeenskap van die kerk en derhalwe is hy tugwaardig. Die tug is egter geen juridiese dwangmaatregel nie, maar

'n liefdeshandeling om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem (GKSA KO, art. 71; vgl. Visser 1979:50-63).

Voorbeeld 2: Indien 'n kerk hom verset teen 'n *Skryfgebonde besluit* van die kerke gesamentlik in sinode (bv. dat die kinderdoop gehandhaaf word), verbreek so 'n kerk die belydenis en stel homself daarmee reeds prinsipieel buite die kerkverband. Daardie kerk kan egter nie wetlik aangekla en juridies strafbaar gemaak word nie. Hy word wel deur die kerke in verband met mekaar tot verantwoording geroep en hy kan geëkskommunikeer word.

Voorbeeld 3: Indien dit vir 'n kerk nie moontlik is om 'n *praktiese besluit* van die kerke in sinode uit te voer nie (bv die oorbetalings van 'n bepaalde bedrag vir 'n sekere saak waarop ooreengekom is), bevind so 'n kerk hom nie in 'n juridiese beskuldigingsbank nie, maar in 'n verduidelikingshoek.

Die feit dat die kerkreg formeel van aard is maak nie die liefdesmotief in die kerkregering tot niet nie.

4.2.1.6.5 En méér as formele reg

Dat die kerkreg in *liefde* bedien word en in geloof aanvaar word, dui daarop dat die kerkreg ook méér as 'n formele reg is.

Die hele bestaan van die kerk as 'n *geloofsgemeenskap* kan nooit op formele dwang rus nie. Dit rus in die vrye welbehag van God, soos gerealiseer in sy uitverkiesende genade (kyk 3.2.3). Die unieke regsorde van hierdie gemeenskap word deur die liefde en die geloof gekwalifiseer. Formele orde-reëlings en kerklike bepalinge as die bediening van God se reg en orde vir sy kerk is wel noodsaaklik. Dit dien as 'n afbakening van die kerk-as-die-gelowiges in onderskeid met die wêreld-as-die-ongelowiges. Maar die formele

aspek vorm nie die begrensing van die kerkreg se bedieningsfunksie nie. Hierdie bedieningsfunksie tref 'n dieper substraat as die formele.

Die geldingskrag van die kerkreg lê nie in die eerste plek in pligpleging (die bediening én navolging uit formele plig) nie. Die geldingskrag van die kerkreg lê in die eerste plek in die *liefdes*bediening van God se reg en orde vir sy kerk én in die *geloofsaanvaarding* daarvan. Waar reg uit geloof gehoorsaam word, heers dit oor die *hart*, maar waar reg uit blote plig nagevolg word, heers dit slegs oor die uiterlike *handelinge* van mense (kyk 4.2.1.4.4; kyk ook Rutgers 1894:22v,24v).

Omdat kerkreg as die bediening van God se reg en orde vir sy kerk juis 'n bediening van Christus se heerskappy oor die kerk is, is die kerkreg wesenlik gerig op 'n *hartsregering* en nie op 'n juridies-wetlike regering nie. En omdat die kerkreg op die bediening van 'n hartsregering gerig is, vind dit sy realisering binne die pole van *eis* en *beantwoording* (vgl. Dombois se "Anspruch" en "Anerkennung" -gedagte in 4.2.1.5.4). Die kerkreg vors God se reg en orde vir die kerk na en bedien dit as normatiewe gegewens (bv. dát daar bedienaars van die Woord moet wees (o.a. Rm 10:14v; Ef 4:11v; 1 Tm 5:17; 2 Tm 2:15; Tt 1:9); dát daar ouderlinge moet wees (o.a. 1 Tm 5:17; Rm 12:8; 1 Kor 12:28; Tt 1:5); dát daar diakens moet wees (o.a. Hd 6:1-6; 1 Tm 3:8; Rm 8:12; 1 Kor 12:26); dát kerkvergaderinge gehou moet word (o.a. Hd 15; Gl 2); dát die tug toegepas moet word (o.a. Mt 18:15-18); ensovoort).¹⁴⁾ Dit is die goddelike eis. Maar die eis bly nie net 'n voortdurende galming nie. Daar is weerklank. Onder leiding van die Heilige Gees beantwoord die kerk God se eis in gelowige gehoorsaming daarvan. So word die heerskappy van Christus sonder uiterlike dwang, as 'n hartsregering, gerealiseer. In dié sin is kerkreg wel ook 'belydende reg' (Barth KD: 805vv).

Die 'dieper substraat' waaruit die geldingskrag van die kerkreg buite-om formele bepalinge moontlik is, sentreer in die *verhouding* tussen God en sy kerk as die herskape mensheid in en deur Jesus Christus (kyk 4.2.1.4.3; Käsemann II 1964:69vv). Die verhouding word deur die Heilige Gees voltrek. Die Heilige Gees proklameer God se reg en orde by wyse van die Woordbediening waaronder ook die kerkreg sentreer. Trouens, die reg is in die Nuwe Testament onlosmaaklik aan die Gees verbind (Käsemann II 1964:81). Na die katastrofe van Genesis 3 het God in Christus na die gevalle mensheid gekom om weer vir Hom 'n volk te verkry. Juis die herskepping in en deur Jesus Christus laat God se *reg* blyk. Hy het weer kom *reg*-maak wat on-*reg* geword het deur die sondeval. In Christus word die vrede herstel en 'n nuwe (regs)-orde neergelê, waarin God se reg sy neerslag vind, te wete die *kerk* as die domein van sy heerskappy (kyk 4.2.1.4.3). Die basis van die herskape mensheid is die *herstelling* van die God-mens-verhouding. In hierdie herstelde verhouding vind die kerkreg sy bestaansoorsaak en sy bestaansmoontlikheid. Buite-om dié herstelde verhouding sou daar geen moontlikheid gewees het om God se reg as 'n genadereg en 'n liefdesreg aan die mens te bedien nie (kyk 4.2.1.4.3).

Omdat die kerkreg wesenlik die bediening van die herstelde reg tussen God en sy kerk is, is kerkreg niks minder as die werk van die Heilige Gees nie. Dit is Christus wat self deur sy geroepe dienaars sy regering in die kerk uitoefen. Hy doen dit deur die werksaamheid van sy Gees. In die eenheid van Woordbediening en Geesteswerk kry die kerkreg sy beslag (Van't Spijker 1972:12vv). Wie die kerkreg ontpneumatologiseer rig in die kerk 'n menslike regering op en maak van die kerkregering bloot kerkbestuur. Waar kerkreg nie meer Woordbediening en sodoende Geesteswerk is nie, verval die geloofsbasis en verkil die liefdes-gerigtheid daarvan spoedig. Dan is kerkreg niks méér as sy formele aspek nie; trouens, dan bestaan kerkreg slegs binne

die begrensing van sy formele aspek. Dan kan die kerkreg geen bydrae meer tot kerklike *lewe* maak nie. Want op sigself kan die kerkreg nie die kerk laat lewe nie. Die lewe in die kerk kan slegs deur die Heilige Gees gewek word. Vir daardie lewe wat deur die Heilige Gees gewek word, moet die Geesbeheersde kerkreg God se reg bedien, orde en samehang gee, sulke leiding dat die regte Woordverkondiging en die lewe tot God se eer beveilig word, sulke leiding dat die kerk aan sy goddelike lewensdoel kan beantwoord: "Het formeert en het bindt en het regelt, opdat en zoodat alle lede met elkander samenwerken, in gehoorzaamheid aan Gods Woord en tot eer van zijn Naam" (Rutgers 1894:38).

Slegs deur die werk van die Heilige Gees kan kerkreg in *liefde* bedien en in *geloof* aanvaar word, en kan derhalwe binne die pole van *eis* en *beantwoording* 'n *hartsregering* bewerkstellig word. Slegs deur die werk van die Heilige Gees is kerkreg meer, véél meer as formele reg.

4.2.1.6.6 Die kerkregnorm

Die vorige noemer het hierdie ondersoek digby die kerkregnorm, die regulatiewe behorenses, oftewel die *Sollensprinzip* vir die kerkreg gebring. Hier hoef nou slegs enkele lyne weer saamgeknoop te word.

Die kerkreg se bedieningsfunksie is die navorsing, verklaring en toepaslik maak van God se reg vir sy kerk (kyk 4.2.1.6.2). Sodoende is die kerkreg op die wese van die kerk gerig en noodsaaklik vir die bestaan en die voortbestaan (die roepingsaanvaarding en -vervulling) van die kerk (kyk 4.2.1.6.3). Die kerkreg het 'n formele aspek. Regstoepassing kan nie anders geskied as by wyse van 'n regsorde waardeur die situasie aan die regsnorm getoets moet word nie. Die formele aspek van die kerkreg het wel bindingskrag, maar die bindingskrag word deur faktore soos geloof en liefde bepaal (kyk 4.2.1.6.4

en 4.2.1.4.3). Daarom is die kerkreg ook méér as formeel van aard. Omdat die geldingskrag van die kerkreg in die liefdesbediening en in die geloofs-aanvaarding daarvan lê, vorm dit wesenlik 'n hartsregering. En buite-om die werk van die Heilige Gees is dit onmoontlik. Vanweë die herstelde Vader-kind-verhouding in en deur Christus is die kerkreg die bediening van Christus se regering in die kerk deur die werk van die Gees. (kyk 4.2.1.6.5). Maar wat is die *regsnorm* waaraan alle kerkregtelike handeling getoets moet word?

Binne hierdie raamwerk van die aard en die fungering van die kerkreg moet die fokus nou eers weer op die objek van die kerkreg gerig word, naamlik God se reg en orde vir sy kerk. *God se reg en orde vir sy kerk openbaar Hy in sy regs- en geregtigheidshandeling met sy volk, in sy voorskrifte (bepalinge) ook deur die praktyk en die voorbeelde van die apostels se kerk-inrigting en in sy wet soos verbesonder in die dekalogg en saamgetrek in die liefdesgebod* (kyk 4.2.1.3.2; 4.2.1.4.2; 4.2.1.4.3; 4.2.1.5.5; 4.2.1.6.5, veral aantekening 14).

Die aard en die fungering asook die objek van die kerkreg lei tot die konklusie:

Omdat die kerkreg nie 'n ander reg as die algemene reg is nie, maar wel reg in 'n ander unieke verband, verander dit nie daaraan dat die *regsnorm* vir kerkreg dieselfde as vir die algemene reg, ook soos in die staatlike reg gepresiseer, is nie (kyk 4.2.1.4.2). Hierdie *regsnorm* is nie deur die mens gevorm nie, dit is 'n opdrag van God: *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaar, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"* (Mt 22:37-39).

Alle kerkregtelike handeling is aan die liefdesgebod toetsbaar. Die toetsvraag is die onveranderlike liefdesnorm: Is dit God se reg wat uit liefde

vir Hom volgens sy wil bedien word, en geskied die voortgesette bediening daarvan deur die kerkregering *met liefde vir die broeders en die susters?*

Omdat formele ordereëlins nie altyd opsigself vanselfsprekend toetsbaar is aan die liefdeseis nie, moet die formele (voorskriftelike) aspek van die kerkregering van so 'n aard wees dat dit steeds in elke situasie wat mag voorkom op God se Woord kan appelleer (vgl. Von Campenhausen 1957:34,36). Ordereëlins waardeur die kerkreg toegepas moet word, kan vanweë die eksakte formaliteit daarvan vir 'n bepaalde situasie heeltemal ontoereikend wees: veral waar dit ten diepste om verhoudinge en gesindhede gaan (Rutgers 1894:18v). Indien die kerkorde dus so hanteer word dat dit nie 'n formele regsreël opsigself word nie, maar die kanaal na die Woord van God toe, dan kom die liefdeseis as kerkregnorm vanself in werking (vgl. Rutgers 1894:18-20). Om die kerkregnorm waardeur die Heilige Gees in die kerkregsbediening en in die kerkregering normatief toetsend werkzaam is, werklik te laat fungeer, mag die regstoepassing vir die kerk nie aan die hand van 'n stel reëls en voorskrifte gedoen word waaraan wetlike gesag toegeken word nie, maar aan die hand van 'n orde wat geen gesag opsigself het nie, en slegs die gesag van God se Woord aan die woord wil stel. Selfs die enkele praktiese ordereëlins (die *circumstantiae*) wat daarin voorkom, moet met die Woord ooreenkom en die toepassing daarvan moet steeds aan die liefdeseis getoets word. In die lig van die liefdeseis as die kerkregnorm mag die *circumstantiae* nie (reglementêr) afgedwing word nie: ook dit moet aan die regering van Christus diensbaar bly in die bediening van die kerkreg vir 'n vrye, verlore gemeenskap, sodat dié gemeenskap nie aan menslike instellinge verkneeg word nie (vgl. Rutgers 1894:18-20). Ook die *circumstantiae* moet dus in alle gevalle aan die liefdesmotief in die kerkregnorm toetsbaar wees (Calvyn IV,x,30). Op dié wyse word deur die implementering van die kerkregnorm die volstrekke heerskappy van God se Woord ook in

die formele aspek van die kerk se regsorde opgeneem (Rutgers 1894:20).

4.2.1.6.7 Reg vanweë die herstelling

Die kerkregnorm spruit uit die integrale *herstelling* as die vrug van God se daad van herstel in en deur Jesus Christus, en terselfdertyd rig die kerkregnorm die kerkreg steeds op die herstelde verhouding met God. Die kerkreg se bedieningsfunksie is ten diepste op die *normalisering* van die herskape mensheid se verhouding met God gerig. Dié normalisering hou in dat God weer teenoor sondaars optree soos teenoor eie kinders (soos voor die sondeval), en dat mense weer teenoor God optree soos teenoor 'n eie Vader. Die harmonie met God vind sy neerslag in die verhouding van die vrygekoopte mense onderling waar hulle weer as broeders en susters van mekaar mag lewe omdat hulle kinders van dieselfde Vader is (kyk 4.2.1.4.3 en 4.2.1.4.4).

Gerig deur die liefdeseis as die kerkregnorm het die kerkreg alles met *normalisering*, *herstel* te make (vgl. Von Campenhausen 1957:12). *Die kerkreg kan egter nie die normalisering bewerk nie; die kerkreg verklaar en bedien slegs die normalisering wat deur Christus bewerk is.*

Die begrip kerkreg moet dus vanuit die *herskepping* verstaan word. Soos wat die kerkreg 'n *genadereg* (kyk 4.2.1.6.3) én 'n *geloofsreg* (kyk 4.2.1.6.3 en 4.2.1.6.5) én 'n *liefdesreg* (kyk 4.2.1.6.5) is, is dit inderdaad ook 'n *herstellingsreg* (vgl. 4.2.1.4.4). Daarom raak dit 'n *deel* van die waarheid om 'n kerkregsbeskouing vanuit slegs een van hierdie noemers te ontwikkel (vgl. bv. veral Heckel en Dombois in 4.2.1.5.4).

Omdat die kerk die vrug van die herskeppingswerk van God in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees is (Van der Linde 1980/81:8), is die kerkreg 'n *herstellingsreg* in die sin dat dit 'n reg is wat uit die lewende,

verkondigde Woord van God (vgl. Camphausen 1957:34,36) op die herstelde mensheid gerig is (kyk 4.2.1.6.3). So gesien het kerkreg ten doel om in diens van die Heilige Gees die herstelde mensheid deur die Woord kerkregtelik te orden in 'n geïnstitueerde kerk, in ooreenstemming met God se wil deur die bediening van sy reg en orde vir sy kerk.

Kerkreg bedien die herstelling, die normalisering van die wil van God vir sy kerk kerkregtelik binne die kader van die herstelde verhouding en word derhalwe deur die liefdeseis genormeer. Alle kerkregtelike handeling is wesenlik op die herstelling afgestem: kerkinstituering, kerkopbou, sakramentsbediening, tughandhawing, ja, alle kerkregtelike dienswerk in die kerk is *vanweë* die herstelling tot *bediening* van die herstelling en ter *beveiliging* (handhawing) van die herstelling. Hierdie gedagte figureer ook implisiet in die doel van die tughandhawing: " ... om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem" (GKSA KO, art. 71).

As 'n herstellingsreg moet kerkreg ook vanuit die kontekste besien word wat primêr op die herstellingsdaad van God gerig is, of as 'n vrug daarvan voortkom. Daarom word kerkreg ook in konteks met die verbond (kyk 4.2.2.2), die koninkryk (kyk 4.2.2.3) en die eskatologie (kyk 4.2.2.4) besien.

4.2.1.6.8 Ook méér as institusionele reg

Die herstelling wat deur die kerkreg aan die vrygekoopte volk van God bedien word, kring wyer uit as die institusionele grense van die kerk. Dáárom, maar ook omdat die kerkreg meer as 'n formele reg is en derhalwe op die harte van mense aanspraak maak, beslaan die kerkreg se bindingskrag 'n wyer radius as die institusionele verband waarbinne dit fungeer. Buite die institusionele verband van die kerk, in watter werklikheidsaspek of lewens-

geleding ook al, leef die herstelde mensheid steeds uit die herstelde Vader-kind-verhouding. Derhalwe is die herstelde mensheid steeds aan die bediening van God se reg (geloofsmatig) gebonde, ook buite die sfeer van die institusionele verband van die kerk.

Deur die tugbediening word byvoorbeeld die herstel van die sondaar beoog, dwarsdeur al die sondaar se lewensgeledinge waarin die sonde sy verbrokkelende effek het. Waar die sonde van 'n lidmaat buite die institusionele gestalte van die kerk tot uiting kom, byvoorbeeld in sy arbeidskring of in sy sosiale bedryf, òf in watter faset van sy burgerlike aanspreeklikheid ook al, bly hy steeds kerkregtelik aanspreeklik. Die wye radius van die kerkreg se bedieningsbevoegdheid is toe te skryf daaraan dat die kerkreg nie slegs 'n reeks wette vir die institusionele verband van die kerk 'positiveer' nie, maar omdat die kerkreg 'n *bediening* van God se reg op alle lewensterreine vir sy kerk is. Die regtelike betekenis van die herstelling, waaraan die kerkreg gebonde is, is dat die herstelde mens weer voor die heerskappy van God self buig, om weer sy regte plek voor Hom as sy kind in te neem en om sy roeping op elke lewensterrein gehoorsaam uit te voer.

In hierdie sin het kerkreg as *herstellingsreg* 'n profetiese taak teenoor die algemene reg. In sy wydste betekenis vorm die kerkreg 'n inherente deel van die prediking: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mt 3:2). Die kerk as die herstelde gemeenskap in die wêreld moet ook veral ten opsigte van die *reg* 'n sout vir die aarde en 'n lig vir die wêreld wees (vgl. Mt 5:13vv). Die kerk moet die verminking van die regs-begrip in die wêreld waarin die mens steeds onder die ban van die paradysleuen self die regsbepler wil wees, deur die kerkreg aantoon en die juiste regsbegrip na vore bring. Die kerkreg profeteer as't ware in die kerk: hier is God se reg vir die mensheid, hier kan aan God se regsnorm

beantwoord word ooreenkomstig sy geopenbaarde wil! (vgl. Van der Linde 1980/81:31): "Immers, van het kerkrecht is juist de grondslag, dat Gods Woord boven alles gaat. Het is zijn beginsel, dat alle ordening met dat Woord ooreenstemme; en het is zijn eisch, dat er nooit berust worde in verloochening van dat Woord" (Rutgers 1894:21v). Dit beteken nie dat die kerkreg in die plek van die staatlike reg (en elke verbandsreg) moet kom nie. Wyer gesien: dit beteken eweneens nie dat God met die kerk wat Hy in die wêreld gesit het, bedoel dat dit in die plek van die staat moet kom nie. Hy wil juis dat die staat dit word wat Hy hom wil laat wees. Maar juis daarvoor is die kerk onmisbaar. En Hy wil juis dat die staatlike reg (en elke verbandsreg) 'n bediening van sy reg (vir die staat en vir elke ander samelewingsverband) sal wees. Dáárvoor is die kerkreg eweneens onmisbaar (vgl. Van Ruler 1973:129).

Die kerkreg dien om die *heerskappy van Christus* in die wêreld te verwerklik. Waar die burgers van die koninkryk deur die kerkreg aan die Koningswoord gebind word, is hulle die sout van die aarde en die lig in die donkerte (Mt 5:13-15) deurdat hulle God se reg te midde van Satan se onreg uitlewe. Deur hulle lewenswandel in gehoorsaamheid aan Christus word die kwaad bedwing, sodat die heilsraad van God in die wêreld volbring kan word. Maar behalwe in die kerkreg se bedieningsfeer is daar in die kerkreg self 'n kragtige verkondiging begrepe, naamlik dat die menslike samelewing die sin van sy bestaan alleen kan belewe as die ordening daarvan op geregtigheid gerig is. In die kerkreg word die behoudende krag van die ware reg weer ontdek teenoor die wanorde van 'n gevalle wêreld. Van die kerkreg gaan daar 'n verkondiging in die hele wêreld uit. Só is die kerkreg méér as institusionele reg (vgl. Van der Linde 1969:221v).

Samevattend blyk dit dat die wye radius van die kerkreg se bedieningsfunksie deur die omvattende betekenis van die herstellingsdaad van God in

Jesus Christus vir die wêreld bepaal word. Dit word nie deur institusionele grense beperk nie. En dit is van belang vir elke ander regsfeer.

4.2.1.6.9 Goddelike reg?

Die vraagstuk wat hier aan die orde kom, is die verhouding tussen goddelike reg en menslike reg in die kerkreg: Waar eindig goddelike reg en waar begin menslike reg?

Vir die doel van hierdie studie word hier nie weer ingegaan op die Roomse beskouing van goddelike reg en menslike reg in die kerkreg nie (kyk 2.2.2). Hier kan volstaan word deur te sê dat die Roomse beskouing hieroor op 'n ander basis as die protestantse beskouingsrigtings rus. Omdat die Roomse beskouing die kerklike tradisie selfs voor die Heilige Skrif, as die ontstaansgrond van laasgenoemde, plaas (kyk 2.2.2) kan daar 'n *ius divinum* selfs los van die Woord in die Roomse Kerk bestaan. In so 'n mate dat die *sacerdotium* in die middeleeue, met 'n sterk interne- én eksterne kerkreg wat as *ius divinum* gegeld het, met die *imperium* kon wedywer in die stryd om die totalitêre mag (Bakhuizen van den Brink 1968:25).

Van't Spijker het Bucer, moontlik dié kerkregtelike onder die reformatore, se beskouing oor die vraagstuk helder uiteengesit. Die kanonieke reg wat deur Rome met goddelike gesag bekleed word, wys Bucer geheel en al as '*ius divinum*' af, omdat dit in stryd is met die wese van die kerk, met die eiesoortige reg van die kerk en met God se reg vir die kerk (Van't Spijker 1972:11). Vir Bucer is die kerkreg as reg van Christus die reg van die gemeente, en derhalwe goddelike reg (p.11). Christus oefen God se reg deur sy Gees in die gemeente uit, met die doel om die gemeente op te bou (p.12). Juis omdat kerkreg 'n Geestesaktiwiteit is wat in die kerkregtelike handeling van die kerkdienaars gerealiseer word, kan die menslike aktiwiteit nie van die goddelike in die kerkreg geskei word nie.

Hierbenewens is dié beskouing deur die onderhawige vraagstuk ontlok, naamlik dat kerkreg geheel en al menslike reg is. In hoofsaak kom dit daarop neer dat sodra die kerk 'n bepaling formuleer of 'n besluit neem (wél op Skrifgronde) is dit reeds *ius humanum*. Die goddelike reg word op hierdie wyse deur die menslike reg 'oorgeneem' (bv. Barth KD, IV/2, 67,4:810v,818; Neuman & Hermann 1970:39vv; Steinmüller 1968:803v,810v). Hierdie gedagtegang doen nie af aan die erkenning van die goddelike reg nie, en wel as 'n kwalitatief gans ander reg as die menslike reg (bv. Steinmüller 1968:803v,810v). Ridderbos 1965:199v) is van mening dat God se reg by Paulus moeilik sistematies behandel kan word omdat dit slegs insidenteel in sy briewe aan die orde kom. Sowel Erik Wolf as Hans Dombois sien die goddelike reg op so 'n wyse geïnkorporeer in die menslike regshandelinge dat die goddelike reg, geopenbaar in die "biblische Weisung", omgeskakel (gepositiveer) word tot mensereg (vgl. Corecco 1983:18). Grundmann (1969b:58) sê dat die goddelike reg en die goddelike wet juis die begrensing van die kerkreg as 'n menslike handeling is. Die goddelike reg vorm die "Grundverfassung" van die kerk waardeur die opdrag tot Woordverkondiging, sakramentsbediening en die sleutelmag omlin is. Kerkreg is hiervolgens nie wêreldlike reg nie, maar na sy geskiedenis en sy vormstruktuur is dit (tog) menslike reg (Grundmann 1969b:59).

My beskouing sluit by die van Bucer aan, wél met 'n aksentverskil. Ek gee dit hier so bondig moontlik weer. Die menslike en die goddelike aspek in kerkreg mag nie geskei word nie (vgl. Dantine 1982:1-58). Die menslike interpretasiefaktor maak nie van kerkreg sonder meer menslike reg nie; dít sou 'n ontkenning van die werkinge van die Heilige Gees (wat ook déúr menslike interpretasie werk) inhou. Omdat die kerkreg Woordbediening, dit wil sê Geesteswerk is, is dit soms selfs moeilik om die goddelike aspek en die menslike aspek van mekaar te onderskei. Indien 'n foutiewe interpretasie van God se reg in die kerkreg voorkom, is dit omdat die korrelasie

tussen die goddelike en die menslike aspek verbreek is. Sulke kerkreg is puur menslike 'reg' en nie net te onderskei nie, maar ook duidelik geskei van die goddelike reg. Maar indien kerkreg die ware navorsing, verklaring en bediening van God se reg vir sy kerk is, is dit immers goddelike reg wat bedien word, hoewel in menslike vorme en op menslike wyse. Derhalwe is kerkreg myns insiens én goddelike én menslike reg.

4.2.1.6.10 Kernomskrywing

Omdat kerkreg nie 'n *ander* reg as die algemene reg is nie, maar wel reg op 'n ander terrein en op 'n ander wyse bedien, is dit moontlik dat die kern van die kerkreg met die van die reg in 'n algemene sin kan ooreenstem.

Die drie sinkerns wat in 4.2.1.4.4 ten opsigte van die *reg* bespreek is, sowel as die sinkern wat in die studie aan die hand gedoen is, word nou agtereenvolgens oorweeg vir die moontlike kerntipering wat hulle ten opsigte van die eiesoortigheid van kerkreg kan bied:

- (i) *Vergelding*, die sinkern van H. Dooyeweerd, beantwoord volgens Van Zyl & Van der Vyver (1982:100) se omskrywing daarvan nie aan die betekenis van kerkreg soos dit in die ondersoek ontplooi het nie (kyk 4.2.1.4.4). Kerkreg se wesensaard lê nie in "die harmonisering van beskermbare en beskermingswaardige belange van regssubjekte" nie, en dit lê ook nie in die "verkenning, afbakening, beskerming en beëindiging van juridiese kompetensies, regte en verpligtinge" van die herstelde mensheid nie. Kerkreg word ook nie getipeer deur die betekenis wat Stoker aan vergelding gee nie, naamlik *ver-geld* as 'geldend maak' nie. In die kerkreg word God se reg vir sy kerk nie geldend gemaák nie, dit word slegs bedien.
- (ii) *Ampsgeworpenheid*, die sinkern wat deur L.M. Du Plessis voorgestel word, in die betekenis van 'veiligheid' en 'sekerheid', kan met 'n nuwe betekenisomskrywing moontlik as 'n tipering van

die eiesoortigheid van die kerkreg dien. Maar as "die normatiewe beskerming van menslike status in die konteks van 'n spesifieke orde" is die tipering te beperk.

- (iii) *Ampsbediening*, die sinkern wat deur H.G. Stoker voorgestel is, kan in die konteks van die *herstelling* van die God-mens-verhouding en derhalwe die herstelling van die mens se 'amp' as beeltnis van God, as 'n sinkern dien. Die eiesoortigheid van die kerkreg in sy bedieningsfunksie en sy kerk-gerigtheid, maar nie instituut-beperktheid nie, word in 'ampsbediening' (in konteks met die *herstellingsbegrip*) verteenwoordig. Die swakheid van *ampsbediening* as sinkern lê daarin dat dit in terme van 'n ander kernomskrywing verstaan moet word.
- (iv) *Herstelling*, as 'n moontlike sinkern wat in hierdie studie voorgestel is, kan ook as 'n tipering van die eiesoortigheid van die kerkreg dien. 'Herstelling' tipeer die essensie van die bediening van God se reg vanweë die herstelling in Christus aan die herstelde mensheid. Die eensydigheid van hierdie kernomskrywing lê egter daarin dat dit die eiesoortige bedieningsfunksie van die kerkreg nie inaggeneem het nie.

Uit hierdie oorweging van moontlike sinkerns kan die volgende konklusie gemaak word: Uit (iii) en (iv) kan *herstellingsbediening* as die kernomskrywing van die eiesoortigheid van kerkreg aan die hand gedoen word. *Herstelling* is die tipering van God se reg in sy kerk en *bediening* behels die funksie van die kerkreg. Hierdie begrip as die kernomskrywing van kerkreg kan as 'n hulpmiddel daartoe dien om kerkreg vanuit sy wese te begryp.

Meer omskrywend kan kerkreg getipeer word as *die wetenskap waardeur God se reg en orde vir sy kerk, soos geopenbaar in sy Woord, in die kerk bedien word deur dit na te vors, te verklaar en toepaslik vir die kerkregering te maak.*

4.2.1.6.11 Samevatting

Bo en behalwe die elementêre en periferiese aspekte van die kerkreg (kragtens die besondere samelewingsverband van die kerk), openbaar God sy reg en orde vir hierdie besondere samelewingsverband op 'n besondere wyse, naamlik in sy Woord. In sy Woord maak Hy sy regs- en geregtigheidshandeling, sy wet en sy besondere voorskrifte as dit wat ooreenkomstig sy wil vir Hom goed is vir sy kerk bekend. Dit is die Skrifbeginsels vir die kerk se ontstaan, sy bestaan en sy voortbestaan.

Die kerk positiver die Skrifbeginsels nie. Die kerkraad tree ook nie as die 'bevoegde regsorgaan' op wat geldingskrag aan die Skrifbeginsels verleen nie. Nee, die Skrifbeginsels kom as God se positiewe reg in die Skrif voor. Daarom tree die kerkraad as die 'geroepe bedieningsorgaan' op. Hy vervul hierdie taak met behulp van die kerkreg. Die kerkreg se funksie is nie die *positivering* nie, maar die *bediening* van God se positiewe reg vir sy kerk. Hierdie *bedieningsfunksie* van die kerkreg behels die navorsing, verklaring en toepaslik maak van God se positiewe reg (die Skrifbeginsels vir die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die kerk) vir die kerkregering.

Die kerkreg fungeer *kerk-gerig*. Nie uit die algemene reg nie, maar uit die aard en wese van die kerk moet die aard van die kerkreg bepaal word. Die kerk is die herstelde gemeenskap waarop God deur die soenverdienste van Jesus Christus *reg* het. Daarom moet sy reg nie net in die kerk sigbaar word nie, maar geldend in die kerk bedien word. Kerkreg is derhalwe van belang vir die bestaan en die voortbestaan van die kerk; ten opsigte van die kerk hoort die kerkreg tot die '*esse*' en nie tot die kategorie '*bene esse*' nie.

Kerkreg is 'n *formele reg*. Omdat die kerk in 'n formele, institusionele gestalte tot uitdrukking kom, het God in sy Woord die beginsels gegee waardeur die formele gestalte van die kerk bepaal word. Die formele ordereëlings wat vir die kerk geld, het geen juridies-wetlik afdwingbare bindingskrag nie. Die bindingskrag daarvan word deur faktore soos *geloof* en *liefde* bepaal.

Maar kerkreg is ook *méér as formele reg*. Die kerk is 'n geloofsgemeenskap wat nooit op formele dwang kan gebou word nie. Kerkreg is derhalwe 'n *liefdesbediening* van God se reg en orde vir sy kerk wat in die *geloof* aanvaar en gehoorsaam word. Kerkreg maak nie net 'n aanspraak op die herstelde mensheid se *handelinge* nie, maar juis op hulle *harte*. So vorm die kerkregering 'n *hartsregering* waarin Jesus Christus deur sy Gees die heerskappy voer. So-doende is kerkreg niks minder as Geesteswerk nie.

Die *kerkregnorm* is die liefdesgebod. Alle kerkregtelike handelinge is hieraan toetsbaar. Om die kerkreg volgens die liefdeseis in gehoorsaamheid aan God se wil te bedryf, moet die kerkorde as 'n 'kanaal' na die Woord van God toe gehanteer word. Slegs die gesag van God se Woord moet aan die woord gestel word. Op dié wyse word die volstrekte heerskappy van Christus deur die Woord in die kerk aan die lig gebring.

Gerig deur die liefdeseis as die kerkregnorm het kerkreg alles met *herstel* te make. Die kerkreg verklaar en bedien die herstelling, die normalisering wat deur Christus bewerk is. In die sin is kerkreg benewens 'n geloofsreg en 'n liefdesreg ook 'n herstellingsreg.

Daarom is kerkreg ook *méér as 'n institusionele reg*. Soos wat die herstelling in Christus ver buite die grense van die institusionele gestalte van die kerk reik, so ook die bediening van die herstelling. In sy wydste betekenis vorm kerkreg 'n inherente deel van die prediking: "Bekeer julle,

want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Mt 3:2) en vervul so-
doende ook 'n profetiese roeping teenoor die algemene reg.

Hieruit blyk dat kerkreg én *menslike* én *goddelike* reg is. Vanweë die
werking van die Heilige Gees in die kerkreg as Woordbediening, moet
die menslike en die goddelike aspek in die kerkreg korreleer.

As kernomskrywing van die kerkreg word die begrip *herstellingsbediening*
aan die hand gedoen, waardeur die kerkreg vanuit sy eiesoortigheid in sy
wese begryp kan word.

4.2.2 *Kerkreg in konteks*

4.2.2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk wat oor die kerkreg in die lig van God se reg vir sy kerk handel, is nie voltooi sonder enkele kontekstuele perspektiewe wat logies uit die ondersoek na vore gekom het nie.

Die kontekstuele verbande van die reg vir die kerk met die *verbond* en die *koninkryk* (kyk 3.2.2.1 en 3.2.2.3 soos beoordeel in 3.2.3; kyk 3.3.3.2.2 en 3.3.3.2.3 soos beoordeel in 3.3.4; kyk 4.2.1 in sy geheel), én die *eskatologie* (kyk 3.3.3.2.3 soos beoordeel in 3.3.4; kyk 4.21 in sy geheel) loop soos binddraad deur die ondersoek. Die ondersoek vra as't ware vanself 'n verdere ontginning van dié kontekste.

Omdat hierdie kontekstuele perspektiewe elkeen op sigself 'n onderwerp vir 'n volledige studie is, word dit hier slegs aangesny. Net enkele grondlyne word neergelê om deure vir moontlike verdere studies in die rigting oop te maak.

4.2.2.2 In konteks met die verbond

Omdat die kerkreg sy wortels in die bedding van die herstelling met God het, het dit as 'n bediening van God se reg vir die kerk alles te make met die verhouding tussen God en die herstellende mens.

Hoewel die verbond in verskeie presiseringe in die Heilige Skrif tot uitdrukking kom (byvoorbeeld die 'werkverbond', die Abrahamitiese verbond, die Sinaï-verbond, ensovoort) gaan dit nie om 'n verskeidenheid van verbonde nie. In die Skrif gaan dit om die één (meerkantige) trouverbond van God met sy volk, soos wat dit in die geskiedenis ingebed is, en dus self 'n geskiedenis deurmaak (Heyns 1981:200). Daar moet ook met omsigtigheid tussen 'ou' en 'nuwe' verbond onderskei word. Dit is dieselfde verbond

wat in 'n ou en 'n nuwe bedeling tot uitdrukking kom. Die ou verbond kom in die skadu-bedeling tot uitdrukking, die nuwe verbond is die ou verbond wat in Christus vervul word. Omdat dit wesenlik dieselfde verbond in twee bedelings is, word dieselfde verbondswoorde aan Abraham in Gn 17 dwars-deur die Nuwe Testament met variasies aangetref: Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal vir my 'n volk wees (vgl. Gl 3:26; Op 21:3). Die nuwe verbond is die Abrahamverbond wat in 'n nuwe bedeling herbevestig word. Dit word onder meer deur Galasiërs 3:14 bevestig, wat niks anders beteken nie as dat Christus gekom het om die Abrahamverbond na die heidene uit te dra. In hierdie verband word bygevoeg dat ons nie moet dink dat die Abrahamverbond kan verbygaan nie (Gl 3:15). Die Abrahamverbond is net so regsgeldig vir ons in die nuwe bedeling as wat dit vir hulle in die ou bedeling was: "En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God" (Gl 3:29) (Smit 1984c:20v).

Reeds uit die Hebreeuse gebruik van die woord 'verbond', naamlik 'berîth', wat 287 keer in die Ou Testament voorkom, blyk die sentrale plek van die verbond in die Ou Testament. In die Nuwe Testament kom die woord waarmee die verbondsbegrip weergegee word, naamlik $\delta\iota\alpha\theta\eta\kappa\eta$, minder voor, naamlik 33 keer. Maar die *gedagte* loop deur tot op die laaste bladsy van die Nuwe Testament: "Kyk, die woonplek van God is by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God" (Op 21:3) (Smit 1984c:17,19; vgl. Van Rooy 1983:19).

Die verbond, soos gepresiseer in die begrip 'genadeverbond', is die omvattende 'betrekking' in die Heilige Skrif by wyse waarvan God sy verhouding met sy volk aangaan, bekendmaak en onderhou (Ridderbos 1949:290vv). Spoelstra(1984e:51) het ter sake daarop gewys dat die verbond nie 'n objektiewe, op sigselfstaande 'grootheid' buite die mens is nie, maar dat die verbond

juis die dinamiese subjektiewe betrokkenheid van God-en-mens-in-relasie tot uiting bring.

In die verbondsluiting verklaar God Homself as Góð vir die volk wat Hy tot Hom neem (Gn 15,17). Daarmee verklaar God sy geregtigheid wat Hy dinamies (histories) teenoor sy volk gaan ontplooi, waarin Hy sy *betroubaarheid*, sy *getrouheid*, sy *regverdigheid*, sy *goedertierenheid (liefde)*, sy *barmhartigheid (ontferming)* aan sy volk gaan bekend maak (vgl. 3.3.2.2.2). Binne die dinamiese verhouding wat God met sy volk aangegaan het, ontplooi Hy sy geregtigheidshandeling as verbondsdade, toegespits op en in belang van sy volk: sy *verlossing (redding)* sy *heerskappy*, sy *oorwinning*, sy *herstelling (normalisering, opheffing)* en sy *oordeel (regspraak)* (kyk 3.3.2.2.3). Hy stel (binne die verbondsbetrekking) vir sy volk 'n lewensfeer daar wat van *juridiese heil; heil en orde* spreek.

In bogenoemde gegewens is die dékor voltooi, niks ontbreek vir die kerkreg om God se regsbetrekking met sy volk binne die omlysting van God se dinamiese verbondsbetrekking met sy volk na te vors, te verklaar en te bedien nie. Die fundamentele ontdekking wat die kerkreg vir sy diensvervulling in konteks met die verbond te maak het, is die aangrypende waarheid dat God met die gevalle sondaarmens as *mens* wil omgaan. Die kerkreg bedien God se reg aan *herstelde* mense. In Christus word die mens se reg op sy kindskap herstel. En dit is die Vader wat hierdie *reg* van die mens *herstel* en onvoorwaardelik *erken!* Hy doen dit *vergeldend* deur sy eie Seun se kinderreg Hom te ontnem - in ons plek. Deur *vergelding* vind die *herstelling* plaas (vgl. 4.2.1.4.2; 4.2.1.4.3; 4.2.1.4.4). Hierdie gebeure vorm die hart van God se verbondsverhouding met die mens, dit omspan die hele heilsgeskiedenis: Die heilsgeskiedenis loop in twee rigtings: die een rigting gaan van die baie na die Een (Christus), dit is die verbond

in die ou bedeling; die ander rigting gaan van die Een (Christus) na die baie, dit is die verbond in die nuwe bedeling (Cullmann 1941:35v). So vorm Christus die sentrum van God se verbondsverhouding met sy kerk, en derhalwe die hart van die kerkreg: Hy is die liggaamlike vergestaltung van God se reg en geregtigheid vir sy volk wat nooit eindig nie.

Die nuwe *regsposisie* van God se kind word nou met die uitdrukking 'in Christus' weergegee. 'In Christus' is die herstelde kind regtelik verontskuldig en vrygespreek (vgl. Floor 1982:74vv). 'In Christus' word 'n forensiese regsverhouding gerealiseer en dus as 'n historiese (verbonds)-werklikheid in die dinamiek van God se verlossende werk voortgesit (vgl. Kamphuis 1984:91). So word die verbond 'n uitdrukkingswyse van God se aloue en ewig-nuwe geregtigheidshandelinge met sy volk (Oorthuys & Kromsigt 1933:27). Hierdie regsverhouding moet deur die kerkreg regsordelik in die organisasie van die kerk tot uitdrukking gebring word.

Die verbond rus op God se genade, daarom is dit 'n *herstellingsverhouding* van Góð se kant af. Hy is die alleen-oprigter en instandhouder van die verhouding. Nêrens praat Hy in sy Woord byvoorbeeld van 'ons verbond' nie, maar telkens van 'my verbond'. of uit die mond van een van sy knegte van 'sy verbond'. Die volle nadruk word op God se inisiatief gelê: Hý het dit besluit; Hý rig dit met sy volk op; Hý skenk sy beloftes daarin. Daarom word uitdruklike handelende werkwoorde gebruik, waarvan God die handelende party is: byvoorbeeld "oprig" (Gn 17:7,19,21), "sluit"(Gn 17:2), "ingestel" (Ps 119:9) en so meer (Smit 1984c:18).

Maar omdat die verbond 'n bepaalde *verhouding* is, word die dinamiese verkeer nie éénsydig beperk nie, maar tweé Sydig voltrek. Daarom is die verbond wel *monopleuries* na sy oorsprong maar *dupleuries* na sy bestemming (Bavinck 1967 III:486vv; Heyns 1981:202; vgl. Oosthuys & Kromsigt 1933:27vv;

Kamphuis 1984:103). Die *monopleuriese* karakter van die verbond bestaan daarin dat die bepalinge en toesegginge van één kant af kom, dat die eise van één kant af kom, dat die beloftes van één kant af kom, en dat die reg derhalwe soewerein deur één kant bepaal word (vgl. Oorthuys & Kromsigt 1933:33). Die *dupleuriese* karakter van die verbond bestaan daarin dat uit die verbond verbondsregte en verbondsverpligtinge ontspruit wat die bondeling regtens nie kan ontduik nie. Die verbondsregte is die regte van 'n kind wat op grond van die herstelling, vanweë sy vader se trou, op geborgenheid mag reken, hoop mag behou en in sekerheid verwagtinge mag koester. Die verbondsverpligtinge is die beantwoording van die eis tot gehoorsaamheid, dié verpligting van 'n kind teenoor sy vader (kyk 3.4.2.2; wo. veral 3.4.2.2.8).

Die verbondsverantwoordelikhede wat op die herstellende mensheid rus, het geen ontstellende uitwerking nie, juis omdat die *dupleuriese* bestemming van die verbondsverhouding in die *monopleuriese* oorsprong daarvan rus en ook daardeur bepaal word (vgl. Ridderbos 1949:309vv). Per slot van rekening is die verbond, ook Nuwe Testamenties gesien *δίαθκη* (toesegging, testament) en nie *σύνθηκη* (verdrag, kontrak) nie. Die beloftes word gemaak, die toesegginge word gegee, bloot omdat die begunstigdes die *erfgename* is. Die verpligtinge wat daaruit voortvloei is nie *verdiensplig* nie, maar enkel en alleen *dankbaarheidsplig*. Enersyds is God se volk (die kerk) nie 'n vrywillige, gelyke vennoot (op kontrak-vlak) van die Testateur nie, andersyds maak die testament nie van die kerk (die erfgename) passiewe, lewenslose slawe nie. Die kerk word opgeroep tot sy dankbaarheidsplig om die verbond (testament) te bewaar (Gn 17:9,11), daaraan vas te hou (Jes 56:4,6) en na die eis daarvan te handel (2 Kron 34:32). As 'n mens die testament (verbond) sou verwerp en die rug daarop keer, dan is dit so iemand se eie verantwoordelikheid waarvoor hy rekening sal moet gee. As 'n mens van sy erfgoed swerfgoed maak, is hyself die

aanspreeklike (Smit 1984c:18; vgl. Van Rooy 1983:14).

In die verbond as 'n bepaalde verhouding gaan dit uitdruklik om 'n *regsposisie*. God stel 'n bepaalde *regstatus* hier aan die orde wat deur die *herstelling* in Christus bepaal word. Hierdie regsposisie word dus deur God se genade bepaal. Hy openbaar sy reg vir sy kerk, op grond van sy *herstellingsdaad* in en deur Christus, as 'n *genadebedelings-reg*: "Maar *recht* is het toch. Verkregen recht. Geschapen recht. Afgekondigd recht. Vast recht. Door God beschikt recht. Bondsrecht" (Kamphuis 1984:104). Vanweë dié regsposisie tree God in 'n regskader met die mens: Hy 'twis' met hom (vgl. Mg 6), en Hy wág op die mens om aan hom reg te verskaf (Jes 30:18).

Miskien is die bepaalde regsbetrekking in die huwelik die beste voorbeeld nóg waarmee die regskarakter van die verbondsverhouding geïllustreer kan word. Die huwelik bring *voorregte* en *verpligtinge* mee. Die voorregte van die huwelik is die van geborgenheid, veiligheid, herstelling van die ontoreikendheid van alléén-wees. In die huwelik is daar voortgang, visie, daar is 'n toekoms. Maar vir die huweliksgenoot as *beskermd* is daar ook verpligtinge: maar eintlik slegs 'n dankbaarheidsplig (vgl. Hos 2:18v; Jr 31:34). "Zo zijn wij in Hem en in zijn (rèchts)-gemeenschap 'geborgen'" (Kamphuis 1984:105).

Die kerkreg se bedieningsfunksie in konteks met die verbond is om uit die (regs)-verhouding van die verbond die (bonds)-regte aan te dui. Eerstens is daar God se regte. Sy reg is 'n reg op die herstelde mens se *lewe*. Niks minder nie. Hy het alles aan ons geskenk, Hy vra óns. Ons staan nie in 'n formele kontrak waarin ons *ons* deel moet doen nie. Dit is Hý wat die verbond gesluit het, nie ons nie. Ons is daarby betrek, maar dáárdeur ontvang ons 'n *lewensbegunstiging*. God géé ... óók dit wat Hy eis. Juis God se verbondsreg op sy kinders skei die kerk van die wêreld: deur

die verbond het God self die omtrek van die kerk getrek. Hy is Regsbepaler en Verhoudingskepper (Hoedemaker 1904:62, 94; vgl. Oorthuys & Kromsigt 1933:52,54). Dit is 'n genade dat die verbond eensydig tot stand gekom het en tweesydig mag bestaan; dit is 'n troos. Uit die regs karakter van die verbond leer die kerkreg ons: "*uit* God" en "*deur* God", maar ook "*tot* God" (vgl. Rm 11:36) (Kamphuis 1984:105).

Tweedens word die mens se regte in die verbondsverhouding deur die kerkreg aangedui. Die herstelde mens se reg, wat in die verbond vervat en beveilig word, is 'n genadereg op God se beloftes. Die erfgenaam het rég op sy erfenis: nie omdat hy dit verdien nie, maar omdat dit hom regtelik toegesê is (vgl. Oorthuys & Kromsigt 1933:32). Die hele verbondshouding rus wesenlik op die heilsbelofte (Postma 1980:9v): in dié betrekking staan die wedergeborene, omgewe van dié lig lééf hy. En die kerkreg verklaar dié belofte en bedien dit by wyse van 'n regsorde waarin die heilsbelofte kerkordelik beskerm en beveilig word. Die majesteitlikheid van die kerkreg is sy bedieningsfunksie waardeur die lewe geraak word: Gód se reg op ons; óns reg op God.

Maar dit is ook die taak van die kerkreg om binne die kader van die verbond op die mens se (bonds)-verpligtinge te dui. Binne die voorgeskrewe orde van die dienste en die kerklike vergaderinge (kerkregering) is daar die situasie-gerigte eise aan die kerkreg en die kerkregering om die verklaring en bediening van God se reg vir bepaalde praktiese omstandighede (appélle, gravamina, beskrywingspunte). Hierdeur word telkens die (bonds)-verpligtinge van die herbore mensheid, binne die kader van sy (bonds)-reg uitgespel.

Die kerkreg kan nie 'n warm gemeenskapslewe met God, die verbondsverhouding met Hom, bewerkstellig nie. Die kerkreg kan ook nie 'n gemeenskap van

heiliges skep nie. Die Woord kan. En God se Gees kan. Indien die kerkreg nie Woord-reg én Gees-reg is nie, sal die kerkreg sy majesteitlikheid verloor. Dan sal die kerkreg 'n leë wetenskap word, moontlik opgetooi in die versiersels van menslike vindings, moontlik 'n heerser met leengoed uit ander stede, maar 'n kerkdienaar op 'n vreemde troon. As die kerkreg sy bedieningsfunksie verloor, sal menslike reg die kerk oorwoeker, en dan kan die verbondsverhouding oplaas vir die mens 'n verskrikking word.

4.2.2.3 In konteks met die koninkryk

God lê deur sy Woord 'n verbondsverhouding met sy volk vas, en kragtens hierdie verbond dra God die hele volk in sy genade (2 Sm 7; Jes 55:3). Op hierdie wyse oefen God sy koningsheerskappy uit en laat Hy sy *koninkryk* sentreer in sy verbondskring en laat daarvandaan sy invloed verder geld (Helberg 1983:44).

Die reg vir sy kerk het God in sy Woord gegee (kyk 3.3.4; 4.2.1.4; 4.2.1.6). Waar dié reg geld en gehandhaaf word, dáár is die koninkryk van God. Koninkryk en reg is derhalwe onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Die koninkryk is die domein waar God se reg geld, geken en gehoorsaam word; met ander woorde waar na sy wil gevra word en waar dit met vreugde uitgevoer word (Van der Linde 1978a:4; vgl. ook 1984:128).

Uit hierdie uitgangspunt is dit reeds duidelik dat die koninkryk en die kerk hier nie as soortgelyke maar naasmekaar-staande groothede met respektiewelik verskillende 'teikengebiede' op elkeen se afsonderlike werksagenda beskou word nie (vgl. iets van dié siening bv. in Duvenage 1969: 113vv, soos aangetoon deur Spoelstra 1970: 44vv). In die Nuwe Testament word die koninkryk van die hemele nie 'ruimtelik' naas die kerk voorgestel nie, maar 'inhoudelik' as die magsfeer wat juis in die kerk geopenbaar word.

In die koninkryk staan die gedagte van koningskap, regeermag, heerskappy voorop (vgl. Van der Walt 1962:32v; Jäger 1968:16vv; kyk HK, Son.48).

Die koms van die koninkryk is onlosmaaklik aan Jesus Christus verbonde. Sy hoofskap is die sentrum van die koninkryk. As Hoof regeer Hy sy kerk, maar is Hy tegelyk ook die bouer en die instandhouder daarvan (Van der Walt 1976:28vv). In die evangelies staan die begrip 'koninkryk van God' in die sentrum. Maar na Pinkster verdwyn die begrip 'koninkryk' al hoe meer op die agtergrond, hoewel die saak hoe langer hoe meer ontvou - juis in die 'kerk' wat weer al hoe meer as die regeringsdomein van Christus op die voorgrond kom. (vgl. Küng 1971:88v; Snyman & Floor 1969: 49vv).

Dit beteken hoegenaamd nie dat Jesus 'n koninkryk gebring het waarvan die mense 'n kerk gaan maak het nie (vgl. Küng 1971:43; H. Ridderbos 1972:289-291; Conzelmann 1969:32-34). Inteendeel, koninkryk en kerk kom albei van Christus af (Floor 1981:72). Die ontstaan van die kerk vloei logies voort uit sy koms, sy bediening en prediking van die koninkryk (Van der Linde 1965:27). In die sin dat die herstelde volk as geroepenes, as heiliges en as kerk die heerskappy-sfeer van Christus oor God se volk beliggaam, is die kerk die realisering van die koninkryk (vgl. Küng 1971:80; vgl. Spoelstra 1970:47). As realisering van die koninkryk is die kerk 'n teken, maar self ook 'n presisering van die koninkryk (Ridderbos 1972:307; Hendriks 1977:72). Maar die koninkryk-kerk-verhouding is selfs nog meer verwickeld. Enersyds is die kerk die vrug van die koninkryk as Christus se heerskappy oor die herstelde volk, maar andersyds is die kerk ook die instrument waardeur die koninkryk kom. Dit beteken dat die kerk nie net die vergadering van die gelowiges (beter gesê: die burgers van die koninkryk) as vrug van Christus se diens is nie, maar tegelyk ook die werktuig in sy hand waardeur Hy sy diens (en sy heerskappy) voortsit en voltooi. Die kerk as gerealiseerde koninkryk word enersyds deur Christus geregeer en

moet andersyds saam met Hom die wêreld regeer (Van der Linde 1969:220). Hiermee word kerk en koninkryk nie vereenselwig nie, en allermens geskei (vgl. Hoedemaker : 1904:63v). Die kerk is by wyse van spreke die mobilisering, selfs die stormtroepe, van die koninkryk. Die verhouding kerk-koninkryk-kerkreg is só deur Van der Linde (1980/81:31) saamgevat: "Die kerk is die vergadering van die burgers van die koninkryk van die hemele en moet daarom saamgestel, ingerig en geregeer word ooreenkomstig die wil van God soos geopenbaar in die Heilige Skrif". (Hier moet in berekening gebring word dat in dié gedagtegang van die 'ware kerk', soos in die be-lydenisskrifte (bv. HK, Son.21; NGB, art.27; DLR,I,7), uitgegaan word.) Die empiriese kerk waarin én ware gelowiges én hipokriete versamel is, sal dus breër as die koninkryk van die hemele wees (Spoelstra 1970:55)).

Ter aanvang is die verhouding koninkryk-verbond kortliks weergegee. Dié lyn moet nou verder deurgetrek word. Hoewel die koninkryk nie so sterk op die voorgrond in die Ou Testament tree nie, is die koninkryksgedagte tog onmiskenbaar ingebou (vgl. Helberg 1983:44; Van Rooy 1976:6v). In die Nuwe Testament is die koninkryk weer in 'n groot mate die sentrale begrip (eksplisiet in die evangelies en by implikasie in die briewe), terwyl die verbond oënskynlik meer op die agtergrond tree. Tog moet hieruit nie afgelei word dat die verbond in die koninkryk oorgaan nie. Daarvoor is die verbond nog té pertinent in die Nuwe Testament teenwoordig. Die woord *δῆμιον* kom 33 keer voor, maar die gedagte loop deur tot op die laaste bladsye (Op 21:3) (kyk 4.2.2.2). Dit blyk dat die koninkryk van God niks anders as die keersy van die genadeverbond is nie. Vereenvoudig gesien gaan dit in die verbond om die *verhouding* tussen God en sy volk, en in die koninkryk van God gaan dit om die *heerskappy* van God oor sy volk. Presies dieselfde saak, net van twee kante af gesien: "Die Verbond is 'n Koninkryksverbond en die Koninkryk is 'n Verbondskoninkryk"

(Van Rooy 1976:7). Die apostel kan dus van die kerk - die domein van die koninkryk - as 'die nuwe Israel' praat, omdat 'die ou Israel' die domein van die verbond was. Die begrip 'die koninkryk van God' is dus 'n inhoudelike toespitsing, 'n presisering van die verbond - sóós wat die kerk weer 'n presisering van die koninkryk is (Smit 1984c:19).

Die verhoudinge koninkryk-kerk en koninkryk-verbond veronderstel die regs-karakter van die koninkryk. Die regs-karakter rus op die gesag van die Koning van die koninkryk. Dit kan ook nie anders nie, want elke gesags-verhouding het die reg as grondslag. Hy wat oor die gesag beskik, bepaal die reg; en as regs-bepaler bepaal hy ook die wette waaraan diegene oor wie hy heers, onderworpe is. Hieruit blyk dat die regs-bepaler (formeel) die gedrag van sy onderhoriges bepaal (Van der Linde 1969:215v). In die geval van dié Koning van die koninkryk van die hemele is sy regs-verordeninge méér as bloot formeel van aard. Juis omdat sy reg as 'n herstellingsreg in liefde bedien word en in geloof aanvaar word, bepaal Hy deur sy verordeninge inderdaad sy onderhoriges se lewens. Hy doen dit deur die werkinge van sy Gees by wyse van die Woordbediening (kyk 4.2.1.6.5).

Die pneumatologiese regs-karakter van die koninkryk blyk duidelik uit die Skrif, onder andere byvoorbeeld uit Romeine 14:17 waar die apostel skryf dat die koninkryk van God nie spys en drank is nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap *in die Heilige Gees*. Met 'geregtigheid' word hier (soos bv. in Rm 5:1) die geregtigheid bedoel wat God deur die verlossingswerk van Jesus Christus skenk. Dit bewerk vrede in die hart en dit gee blydskap. Geregtigheid is hier die hoofnoemer: daaruit volg vrede (vertikaal met God) en blydskap (horisontaal: onder mekaar) (vgl. Ridderbos 1959: 312v). God se geregtigheidshandeling met sy volk loop op die historiese daad van die *herstelling* af, op Golgota, waar sy Seun vir ons ingestaan

het en die versoening bewerkstellig het: dit bewerk inderdaad vrede en dit gee sonder twyfel blydschap (kyk 4.2.1.6.7). Die regsorde van die koninkryk van God wat sodoende tot stand kom, is 'n regsorde van vrede met God en blydschap met mekaar *in die Heilige Gees*. Primêr is die regsorde van die koninkryk 'n Geestesorde, gebasseer op die liefde en gerealiseer deur die geloof (vgl. Floor 1981:46v).

Vanweë die nou-verwikkelde verhouding tussen koninkryk en kerk, val die reg van die koninkryk (as regeringsgebied en regeringsinhoud (vgl. Van der Walt 1962:32v)) saam met die reg vir die kerk. Omdat die koninkryk primêr *regering* behels, en omdat die koninkryk (as die Christusregering) as't ware in die kerk gerealiseer word, mag die reg van die koninkryk en die reg vir die kerk nie geskei word nie. Dit is wesenlik dieselfde begrip. God se reg vir sy kerk is juis *koninkryksreg* (vgl. Spoelstra 1970:55).

Die kerkreg as die navorsing, verklaring en toepaslik maak van God se reg (oftewel die *bediening* daarvan) is dus wesenlik ook die bediening van die koninkryksreg. Kerkreg verklaar en verkondig die Koningsreg van Jesus Christus in sy kerk as 'n reg op die harte van mense. Ook die formele bepalinge wat uit die Skrifbeginsels opgediep word vir die kerkinstituering en die onderhouding van die kerk op aarde het ten doel om God se reg vir sy kerk te bedien. So word Christus se heerskappy óók by wyse van formele ordereëlins verwesenlik.

Die konsekwensie van hierdie bevinding is die volgende:

Die formele orde vir kerkinstituering werk na die harte toe deur. Dit is Jesus Christus wat sy eiendom proklameer en begrens. Die formele orde vir die roeping en bevestiging van *kerkdienaars*, soos uit die Skrif bedien, gryp in die hartelewe van mense: Hier roep Christus, hier hoor die geroepene sy stem en hier buig hy onder sy eis. Die formele orde vir die

kerkvergaderings: raak die lewe van die gelowiges: hier moet geluister word na sy uitsprake oor die aktualiteite van die kerklike lewe, hier moet die lig van die ou beginsels op nuwe omstandighede skyn, hier moet die kerklike lewe in geheel weer op die waterpas van die Woord te staan kom. Die formele orde oor *kerklike seremonies*, die *sakramente* en die *kerklike leer* raak die lewenskern van elke gelowige: hier moet na Christus geluister word, sy heerskappy moet uit die kerklike orde spreek. Die formele orde oor die *tugbediening*, volgens die eise en die bepalings van die Skrif, het álles oor elke gelowige se gehoorsaamheidslewe te sê: Christus wys die pad mét Hom aan; Hy wys ook die pad terug na Hom toe aan; Hy help die vermoeide struikelaar en die hardnekkige dwaler op die pad aan – deur sy diensknegte wat sy Woord bedien; en Hy maak die pad vir die onwaaragtige mens, die medewerker van die ánder ryk, toe.

Hy doen dit alles aan die hand van 'n bepaalde orde, die regsorde van sy koninkryk wat deur die kerkreg bedien word. Deur die kerkreg word dus nie nét op 'n formele wyse formele reëls en bepalings uit die Woord bedien nie. Die kerkreg het geen formalistiese taak nie. Deur die navorsing van God se reg en orde vir sy kerk, én deur die bepaling van ordereëls vir die kerk, beoefen kerkreg die hoë taak om die kerk kerkregtelik te beveilig as téken van die koninkryk én as realisering van die koninkryk. Dit beteken dat die kerkreg daar moet wees om te help dat die kerk kerk bly en so sy koninkryksroeping in die wêreld kan uitvoer. Derhalwe kom kerkreg digby die raad-sale van God te staan. Kerkreg is Koningsreg.

4.2.2.4 In konteks met die eskatologie

Buite-om die Woord van God het die kerkreg geen bestaansreg nie. Die kerkreg se eerste en sy laaste taak is Woordbediening. Kerkreg is dus geheel en al op openbaringsgegewe afgestem. En omdat die Openbaring as historiese gegewe ook eskatologiese gegewe is, kom die kerkreg binne die spanningsveld van die 'reeds' en die 'nog nie' van die heilsgeskiedenis

tereg (vgl. Ridderbos 1971:174v).

Sonder eskatologiese gerigtheid sou die kerkreg sy historiese (én heils-historiese) fondament kwytraak; want die toekoms én die geskiedenis, die eskatologiese én die historiese, bepaal mekaar wederkerig. Sonder eskaton is daar geen storie nie: "Het eschaton is het trekpunt, dat de historie in beweging houdt en er een lijn doorheen trekt" (Van Ruler 1969:219).

As die eskatologie (die groot toekoms as die voleinding waarin al die lyne uit die storie op 'n onvoorstelbare wyse saamgevat word) sou wegval, dan val die trekpunt van die storie weg, dán val ook die storie weg. Maar die storie is ook noodsaaklik vir die eskaton: sonder storie kan daar geen eskatologie, geen vóltooiing, geen vólbrenging wees nie. Daarom is die storie die inhoud van die eskaton (Van Ruler 1969:219).

Dat die kerkreg ook op 'n besondere wyse draer van die eskaton is, moet teen bogenoemde agtergrond begryp word.

Uit die Ou Testament dui die begrip 'reg (en geregtigheid) van God' op 'n *genetivus subjectivus* of *possesivus* (vgl. 3.3.2.3) en uit die Nuwe Testament dui die begrip op 'n *genetivus relationis* of *auctoris*.

(kyk 3.3.3.2.3). Hiervolgens het die kerkreg te make met die navorsing en verklaring van God se reg (en geregtigheid) en orde vir sy kerk binne die kader van die *toerekening* van dié geregtigheid (kyk 3.3.3.2.2); op grond van die herstelde verhouding (kyk 4.2.1.4.3). Juis hierdie aspek stel kerkreg midde-in die eskatologiese spanningsveld.

Op grond van die goddelike *herstelling* wat histories in die middel van die eeue plaasgevind het, moet kerkreg in sy navorsing, verklaring en toepaslik maak van God se reg en orde vir sy kerk terdeë met die eskatologiese "reeds" rekening hou. Die kerkregtelike instituering van die

kerk, die roeping en bevestiging van kerkdienaars, die kerklike vergaderinge in besluitnemingsprosesse, die handhawing van die regte leer, die tugbediening, kortom die hele kerkregtelike agenda, word uitgevoer vanweë die toegerekende geregtigheid en is inhoudelik op die bediening van die toegerekende geregtigheid gerig. Alle kerkregtelike handeling is immers op God se herstelde volk gerig in konteks met sy reg en geregtigheid vir dié volk.

Kerkreg staan ook volkome onder die onvolkomenheid van die eskatologiese "nog nie". In elke aspek van sy bedieningsfunksie moet die kerkreg ook terdeë rekening hou met sy eie onvoltooidheid en met die voorlopige karakter van sy bedieningsterrein. Die kerkreg word deur mense bedien. In hierdie bedeling het ook die herskape mensheid slegs " 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid" (HK, Son. 44, vr. 114). Ook die herskape mens moet nog altyd rekening hou met sy oue mens waarin die 'nog nie' van die eskatologie afgestempel is. Daarom dra kerkregtelike uitsprake en handeling óók die stempel van die eskatologiese 'nog nie' en dáárom is kerkregwerk, al is dit die bediening van God se reg en orde vir sy kerk, steeds aan hersiening in die lig van die Skrif, onderhewig.

In dié spanningsveld fungeer die kerkreg: Die rééds van die reg van vryspreek, die rééds van 'n regsordening wat die chaos orden en die onreg bedwing, die rééds van die herstelde mensheid se *reg* op God se beloftes, die rééds van die herstelde mensheid se *reg* op God wat as Vader vir die hede sorg en die toekoms borg. Hieruit blyk die taak van die kerkreg om die regsorde van die kerk, as die verteenwoordiging van die nuwe mensheid op die aarde, te bedien, te beveilig en te handhaaf. Maar daarteenoor die 'nog nie' van die *voltooiing* ten aansien van die geregtigheids-toerekening, ten aansien van die liefdesbediening en die geloofsgehoor-

saming, dus ten aansien van 'n voltooide regsorde. Hieruit blyk die taak van die kerkreg om die kerk ook regsordelik na die voltooiing te laat tendeer. En dit kan slegs gedoen word deur alle kerkregtelike handeling vanuit die Woord te rig, omdat die voltooiing, die volkommenheid, reeds vanuit die toekoms in die teenwoordige tyd van die Woord deurspeel.

Die kerkreg moet deur die hele kerkregering daarop wys dat die lig van die dag wat reeds op 'n ver gevorderde nag wag (Rm 13:12) nie slegs toekomstig is nie. Dan word die tugbediening die dringende wekroep van verontruste liefde: word wakker, die dag kom! Die kerk van die Here realiseer nie eers d n as nuutgebore mensheid nie, maar reeds nou. Die perfektum en die futurum-aspekte van Christus se koms gryp telkens en deurlopend op mekaar in. In hierdie bedeling is die een die onmisbare komplement van die ander (Ridderbos 1971:551; vgl. Van der Walt 1962:208vv).

Die regsorde wat deur die kerkreg gehandhaaf moet word, se hoogste doel l  in die *beveiliging* van die Woordbediening waardeur die m re wat in sy dagsterkte kom in elke gelowige se hart mag aanbreek. So help die kerkreg dat die kerk sy sin as die verlore mensheid beleef en dat die kerkgeskiedenis die eskaton wat hy omdra ook regsordelik mag realiseer. Op di  wyse word die kerk daartoe gebring om ook in sy kerkordelike bestaan uit die deurkliewende inslag van God se verlossingsdaad in die geskiedenis te l  f, om moed vir die w reld te h  waarin hy sy weg verkondigend, lerend, dopend en tuguitoefenend moet bewandel (vgl. Van Ruler 1969: 217).

Maar die kerk moet ook in sy regsorde iets van die eskaton aan die w reld bekend maak (kyk 4.2.1.6.8) sodat die wat aan God behoort, maar wat nog in die w reld is, kan s : "Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is" (Sg 8:23). In 'n w reld wat nog in die mag

van die bese lē (1 Jh 2:15-17; 5:19), maar steeds God se wêreld is (Ps 24:1; Ps 124:8), in God se wêreld waarin onreg as reg aangedui word, moet God se reg helder in die lewe van die kerk skyn om deur te skyn buite-toe, want die kerk moet reeds in beginsel toon hoe die wêreld (Gód se wêreld) sonder die gevolge van die paradysleue sal wees.

In die lig van hierdie gedagtegang is dit die kerkreg se taak om 'n prinsipiële basis vir die kerkregering daar te stel waarvolgens die 'reeds' van die heils-eskaton in 'n *orde* verwerklik kan word, waarvolgens die kerk tot God se eer mag leef: "Gods daadwerklike bewind skeep een orde die zijn gelijk beveiliget en tevens Israëls redding garandeert, - dit laaste echter niet ten koste der volken maar ook tot hun heil (vgl. Jes 45:8,23).

... Er gaat een nieuw bestel van Hem uit, waarin Israël en de volken gelijkelijk zijn redding en zege zullen ervaren in een rechtsorde die op zijn lering gebaseerd is (Beuken 1983:115, oor Jes. 51:4v).

Die orde is toetsbaar aan die beginsels wat God in sy Woord gee en wat deur die kerkreg nagevors, verklaar en toepaslik gemaak moet word. Dié orde is diensbaar aan die verhouding wat die Here met sy volk wil onderhou (kyk 3.3.2.2.4). Maar die orde is nog nie volkome nie, staan nog onder die eskatologiese stempel 'nog nie', en sal ook, as die bediening van 'n onvolkome wetenskap, nog onder eensydige beklemtoninge én tweespaltly (vgl. 3.4.3.2.3).

4.2.2.5 Samevatting

Kerkreg *in konteks met die verbond* is dié reg wat God se reg en orde vir sy kerk in die kader van 'n herstelde verhouding bedien. 'In Christus' word 'n forensiese regsverhouding gerealiseer en dus as 'n historiese (verbonds)werklikheid in die dinamiek van God se verlossende werk voort-

gesit. In die *monopleuriese oorsprong* van die verbond lê die troos van sy *dupleuriese bestemming*: God gee vir sy kind dit wat Hy van hom eis. Die regtelike verpligtinge wat uit die verbond voortvloei, is derhalwe *dankbaarheidspligte*, in teenstelling met die begrip van 'n verdiensteplig. Die *regsposisie* waarom dit in die verbondsverhouding gaan, word uitdruklik deur God se genade bepaal, op grond van sy *herstellingsdaad*. Die kerkreg se bedieningsfunksie in konteks met die verbond is om uit die (regs)-verhouding van die verbond (bonds)-regte aan te dui: God se reg op die mens en die mens se (toegesegde) reg op God. Die kerkreg kan nie self 'n verbondsverhouding met God daarstel nie, maar indien die kerkreg 'Geesteswerk' is (vanweë sy Woordbedieningsfunksie), kan die kerkreg daartoe meewerk om die verbondsverhouding van God met sy kerk te beveilig.

Kerkreg *in konteks met die koninkryk* dui steeds op God se reg en orde wat vir sy volk bedien moet word. Die koninkryk is nie 'n 'grootheid' naas die kerk nie; trouens, die koninkryk is die regeringsgebied en die regeringsinhoud van God in die kerk. In die sin is die kerk die realisering van die koninkryk. Maar omdat die empiriese kerk ook hipokriete bevat, is die kerk breër as die koninkryk. Soos wat elke regsverhouding gesag as grondslag het, rus die regs karakter van die koninkryk op die gesag van die Koning van die koninkryk. Hy wat oor die gesag beskik, bepaal die reg; en as Regsbepaler bepaal Hy ook die wette waaraan diegene oor wie Hy heers, onderworpe is. Sy reg is egter 'n herstellingsreg wat in liefde bedien en in geloof aanvaar word. Op die wyse is die kerkreg as die bediening van sy reg en orde vir sy kerk nie slegs 'n formele reg nie, maar 'n reg waardeur Christus op die harte van sy onderhoriges aanspraak maak. Hy doen dit deur die werkinge van sy Gees by wyse van die Woordbediening. Vanweë die nou-verwikkelde verhouding tussen koninkryk en kerk, val die reg van die koninkryk (as regeringsgebied en regerings-

inhoud) saam met die reg vir die kerk. Die betekenis hiervan is dat ook in die formele orde wat deur die kerkreg bedien word, 'n aanspraak op die *lewens* van die koninkryksonderdane gemaak word.

Kerkreg *in konteks met die eskatologie* bring die kerkreg voluit in die spanningsveld van 'reeds' en 'nog nie' te staan. Kerkreg het te make met die bediening van God se reg vir sy volk in die kader van die *toegerekende* geregtigheid. Kerkreg se bedieningsfunksie is derhalwe op God se herstelde volk gerig met die 'reeds' van die herstelling sowel as die 'nog nie' van die voleinding van dié herstelling op sy agenda ingeskrif. So gesien is kerkreg wel die bediening van God se reg vir sy kerk waardeur die nuwe lewe van die nuwe mensheid in 'n bepaalde regsorde gereël word, maar terselfdertyd is die kerkreg nog in elke aspek van sy bedieningsfunksie onvoltooid en derhalwe 'n onvolkome wetenskap wat nog onder eensydige beklemtoninge ly.

4.2.3 *Oorsigtelike differensiasie: kerkreg en staatlike reg*

Die kerk het wesenlik met dieselfde reg uit dieselfde oorsprong as die staat te make (kyk 4.2.1.2; Holstein 1928:87,89). Daarom kom die regsordening byvoorbeeld in die Ou Testament oor die hele lewenspektrum ongedifferensieerd as 'n eenheid voor (Pop 1980:422). Calvin het die beskouing gehad dat die kerk en die staat dieselfde reg uit dieselfde oorsprong hanteer, maar wel gedifferensieerd in twee "*ordines*" wat God ingestel het, soos twee oë in die een liggaam (Calvin OC 39:28-oor Jr 32:32). Daarom was die magistrate vir Calvin, sóos die kerkdienaars, dienaars van God. Hulle opdrag is soos die van die kerkdienaars die bediening van God se reg tot sy eer (Calvin IV,xx,6; OC 26:312,315 - oor Dt 5:16). Die differensiasie tussen kerkreg en staatlike reg veronderstel dus nie 'n kategorieverskil of 'n wesensverskil in die reg nie, maar 'n toepassingsverskil.

Kerkreg en staatlike reg vorm nie 'n kontras nie, maar vanweë die verskil in lewensterreine is daar 'n differensiasie in die toepassing van die reg wat deur die bestemmingsfunksie van elkeen van dié terreine respektiewelik bepaal word. Vanweë dieselfde kwalitatiewe reg, uit dieselfde oorsprong, is diefstal byvoorbeeld 'n wederregtelike daad: én in die kerk én in die staat. Maar vanweë twee radikaal verskillende terreine word die reg verskillend toegepas. Die kerk oordeel aan die hand van God se Woord; die staat oordeel aan die hand van gepositiveerde geldende wette. Die kerk pas sensuur met liefde toe. Die staat pas straf met dwang toe (vgl. Barth KD IV/2, 67,4:765-824; Corecco 1983:18).

Die verskil in 'terreine' wat 'n differensiasie in die regsordening van kerk en staat te weeg bring, word bepaal deur die wesensverskil van die kerk en die staat. Deur hierdie wesensverskil word hulle respektiewelike funksieverrigtinge bepaal, by name die geloofsfunksie van die kerk en die juridiese funksie van die staat (Van der Vyver 1972:83). Die staat is 'n skeppingsgegewe en die kerk is 'n herskeppingsgegewe. Die kerk is die liggaam van Christus, dié messiaanse liggaam waarin Góð mense roep, verenig en organiseer (Van Ruler 1973:130).

Dooyeweerd kenskets die staat as "een institutaire publiekrechtelijke gemeenschap van overheid en onderdanen op de historische grondslag van een monopolistiese organisatie van de zwaarmacht op een territorium" (1950:54), teenoor die kerkinstituut as "christelijke confessionele geloofsgemeenschap op de grondslag van de geestelijke macht van de georganiseerde diens des Woords en der sacramenten" (1962:129).

Kerkreg is die *bediening* van God se reg vir die kerk deur die kerkraad (en meerdere kerkrade in geval van meerdere kerke) as geroepe regsbedieningsorgaan ten einde die kerk as die georganiseerde bestaanswyse van

die nuwe, herbore mensheid deur middel van die kerkregering en met behulp van die kerkorde na die eis van God se Woord te orden. Staatlike reg is die reg wat deur die staatsowerheid as die kompetente regsorgaan uit erkende regsbegindsels *gepositiveer* word, ten einde die samelewing van die mens deur middel van wette en bepalinge regsordelik te orden (Van Zyl & Van der Vyver 1982:245,257).

Die kerk is 'n *geloofsgemeenskap* wat met die Woordmag by wyse van geloofs-oorreding werk; die staat is by uitstek 'n *regsinstituut* wat met die swaardmag by wyse van afdwinging werk. Die kerkreg is reëlend deurdat dit op die geloof appelleer; die staatlike reg is ook reëlend maar deurdat dit regsdwingend van aard is. Die kerk moet 'n *geloofsorte* binne die grense van die aanvaarde belydenis op 'n begrensde geografiese area handhaaf; die staat moet 'n *regsorte* binne 'n bepaalde geografiese gebied handhaaf wat die gebied van die kerk omvat (vgl. Van der Vyver 1972:85).

Hiervolgens is die staatlike reg *ius commune* en in die besonder "public territorial law imposing itself with governmental legal authority and maintained with the strong arm" (Dooyeweerd III 1969:435). Die kerkreg daarenteen is *ius specificum* wat nie deur 'n juridiese bestemmingsfunksie gekwalifiseer word nie, maar wel deur die geloofsfunksie (Van Zyl & Van der Vyver 1982:342; Van der Vyver 1972:85). Ware kerkreg is 'n weerspieëling van God se reg vir die herskape mensheid wat in die kerk versamel word, en moet derhalwe die eiesoortigheid van die kerk as die verteenwoordiging van die herskepping op aarde regsordelik tot uitdrukking bring.

Samevattend kan die differensiasie van die reg op die verskillende terreine van kerk en staat so gestel word: Die staatsowerheid orden die staat, kragtens sy funksie, met juridiese wette en bepalinge wat afdwingbaar is; die kerkraad orden die kerk, kragtens sy funksie, met liefde deur die posi-

tiewe reg van God wat in geloof gehoorsaam word.

4.2.4 Peiling

Onder die ongelowige mensheid is dit 'n algemene (natuurlike) verskynsel om die reg in die mens te wil vind, sowel wat sy oorsprong as sy wese betref. Hierdie beskouing kom reeds by die ou *Griekse filosowe* voor. Daarom is dit nie vreemd dat die wortels van die natuurregsleer én die regspositiwisme in hierdie heidense bedding hulle voedingsbodem gehad het nie.

Volgens die *natuurreg* is die regsbeginnels in die natuur veranker, en wel op so 'n wyse dat dit vanself regsgeldend is, sonder menslike positivering. Vanweë die inherente regsvermoë van die mens kan hy deur sy denke die beginsels van die natuurreg onderken. Die *regspositiwisme* is die regsleer waarvolgens die menslike vormingselement in die regsbegrip verabsoluteer word. Die kern van die regs- en die wetsoorsprong is in die 'soewereine wil' van die mens geleë. 'n Kenmerk van die "regspositiwisme is die eensydige siening van die werklikheid, waarvolgens 'n bepaalde werklikheidsaspek telkens verabsoluteer word. 'n Bewys hiervan is die volgende beskouingsgroepeerings:

- (i) Die *utilitarisme* wat die werklikheid vanuit die *nuttigheidsbeginnel* benader.
- (ii) Die *sosiologiese skool* wat die *maatskaplike lewe* as sy invalspoort tot die werklikheid verhef.
- (iii) Die (*ewolusionisties*-) *historiese skool* wat van die *volksgees* uitgaan.
- (iv) Die *kommunistiese regsfilosofie* wat die hoofmomente van die werklikheid tot die *ekonomie* reduceer.

In die positiwisme, met sy verskillende beklemtonings, sowel as in die

natuurregsleer, beskou die mens homself as die oorsprong en bepaler van die reg. Hierteenoor erken die *Skrifgebonde regsbeskouing* God as die enigste oorsprong en setel van die reg. Volgens hierdie beskouing moet die positiewe reg met God se reg korreleer. Die vorming van die reg bestaan uit die positivering van Godgegewe beginsels. Dit beteken dat die reg se wessensaard, sy kerninhoud en sy geldigheid aan God ontleen word, of Hy deur die mense erken word of nie.

Voor die sondeval was daar geen uiterlike regsorde nodig nie. Die reg het wel gegeld, maar as 'n innerlike, volkome harmonieuse orde tussen God en mens en tussen mens en mens. Hieruit blyk dat die reg reeds voor die sondeval as 'n skeppingsgegewe gegeld het.

Die wet wat deur God gegee is, hoort eweseer tot die skeppingsorde. Voor die sondeval het die wet op 'n nie-geskrewe, nie-formele, innerlike (ingeskape) wyse gegeld, want daar was geen kwaad wat daardeur bedwing moes word nie. Die wet kan in drieërlei verskyningsvorme onderskei word:

- (i) *Die religieuse wet*, oftewel God se positiewe wet, soos wat dit in die dekalogg verbesonder is en in die liefdesgebot saamgevat is.
- (ii) *Die kosmiese struktuurwet* waardeur die vaste struktuur van God se skepping beheers word.
- (iii) *Die modale wet* waardeur die funksies van stof, plant, dier, mens (as individue en in 'n groepsverband) georden word. Die modale wette word onderskei in natuurwette en beginsels. Laasgenoemde word deur die mens tot norme gepositiveer. 'n Natuurwet bepaal wat *is* en 'n norm bepaal wat *behoort te wees*. Natuurwette geld vanself, norme geld slegs as dit deur die mens tot geldende wette gepositiveer word.

Na die sondeval is die mens se regskennis verduister, maar sy regsbesef het hy behou. Vanweë die verduistering deur die sonde interpreteer die

mens sy regsbesef verkeerd, vandaar die bestaan van afgode, valse gods-dienste en verdraaide regsbeskouings. Maar vanweë die mens se regsbesef is dit ook vir ongelowiges moontlik om juridiese beginsels in die modale wet te herken en tot norme te positiver waar in God se reg herkenbaar is. Die keersy is ewe waar, naamlik dat die mensheid wat homself as die be-paler van die reg beskou, onreg in die naam van reg kan positiver en afdwing.

Maar waar die mens se positiewe reg in die lig van God se Woord beoefen word, kan God se wil daarin herken word. Wesenlik word die reg, in watter verband ook al, bepaal deur dit wat vir God *goed* is en met sy *wil* ooreen-kom.

Wat vir God goed is, trek saam in sy herstellende en vergeldende regshandeling op Golgota. Daar maak God die *on-reg* weer *reg*. Hierdie *herstellings-daad* vorm die basis van al God se regshandeling met en vir sy volk.

Hierin setel die gesagsbegrip van die nuwe regsorde wat God in Christus tot stand bring: vanweë die herstelling (in prinsipe) van die Vader-kind-verhouding moet die kind in alle lewensaspekte die Vader gehoorsaam deur te doen wat *goed* is in sy oog ooreenkomstig sy *wil*.

Die norm, as die regulatiewe behorenses vir die mens se geregtigheds-handeling, is die liefdesgebod. Hierdie norm bring die reg in die kader van verhoudinge te staan. Vanweë die herstellende God-mens-verhouding in Christus, word die reg deur die Vader-kind-verhouding (as 'n bepaalde gesagsverhouding) gekwalifiseer.

Die kerntipering van die eiesoortigheid van die reg as 'n ingeskape werk-likheidsaspek wat juis in die lig van God se Woord in sy ware betekenis en funksionering onderken kan word, sentreer rondom dié moontlike kernom-

skrywings: *ampsgebondenheid*, *ampsbediening* en *vergelding*. In hierdie studie word *herstelling*, uit 'n teologiese hoek, aan die hand gedoen as die kern waardeur die reg as 'n skeppingsgegewe, vanuit die herskepping omskrywe kan word, soos wat dit op die voleinding gerig is.

Só gesien behoort daar geen spanning tussen reg en kerk te wees nie.

Die spanning tussen reg en kerk, wat byvoorbeeld 'n aansienlike deel van die protestantse kerkreggeskiedenis in Duitsland beslaan, moet egter gewyt word aan 'n onnoukeurige beskouing van die kerk se plek as die herskeppingsamelewingsverband in die wêreld, 'n onjuiste kerkbegrip en 'n ontoereikende regsbegrip.

Binne hierdie kader stel Rudolph Sohm reg en kerk as twee onversoenbare pole teenoor mekaar. Volgens Sohm is die reg wêreldlik, formeel en afdwingbaar; daarenteen beskou hy die kerk as geestelik, 'n liefdesgemeenskap wat onder geestelike gesag staan.

Benewens die beskouing van Sohm is daar ook die beskouing waarvolgens reg en kerk as twee groothede langs mekaar wel raakvlakke tussenin het. Die uitgangspunt in hierdie beskouing is die skeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk. Hiervolgens is die onsigbare kerk die ware, eintlike kerk wat deur die Woord gedra word. Maar die onsigbare kerk word in die sigbare kerk gehuisves, wat as die uiterlike vorm deur die genootskaplike wilsuiving van die lidmate daargestel word. Die staatlike reg, waaronder die kerkreg sorteer, reguleer derhalwe die kerklike regsorde, terwyl die eintlike kerk deur die Woord gereguleer word.

In die soektog na 'n versoening tussen reg en kerk is dit veral Johannes Heckel, Erik Wolf en Hans Dombois wat, onder baie ander, sterk na vore getree het. Heckel vind die versoening tussen reg en kerk in sy teologie

van kerkreg as 'n 'liefdesreg', Wolf sien dié versoening in kerkreg as 'belydende reg' en Dombois soek die versoening in die kerkreg as 'genade-reg'.

Skrifgebonde beskou, is daar geen tweespalt tussen kerk en reg nie.

Kerk en reg hoort in der waarheid bymekaar, omdat die kerk juis God se nuwe regsorde, vanweë die herstelling in Jesus Christus, onder die mensheid is. Juis in die kerk kan die menslike reg met God se reg korreleer.

Trouens, God openbaar juis sy reg en orde vir die kerk, by wyse van Skrifbeginsels, in die Heilige Skrif. Hierdie Skrifbeginsels bestaan uit God se regs- en geregtigheidshandeling, sy wet en sy besondere voorskrifte vir sy kerk. Die kerk positiver nie hierdie Skrifbeginsels (God se positiewe reg) nie, maar *bedien* dit deur middel van die kerkreg. Die kerkreg kan dus nooit los van die kerk staan nie. Vanweë die *herstelling* in Christus hoort die kerkreg as 'n *liefdesreg* én 'n *geloofsreg*, maar ook as 'n *herstellingsreg* by die wese van die kerk.

As 'n formele reg is kerkreg nie formeel afdwingbaar nie. Kerkreg word met *liefde* bedien en in *geloof* gehoorsaam. Dit maak kerkreg én wyer as die institusionele gestalte van die kerk én ruimer as die formele aspek van sy funksionering. Die kerkreg maak aanspraak op die *harte* van mense, nie slegs op hulle *handeling* nie. Daarom is die kerkregnorm die liefdesgebod. Alle kerkregtelike handeling is deur die liefdesgebod aan die Woord toetsbaar. Op dié wyse word die volstrekke heerskappy van Christus in die lig gestel.

Só gesien is kerkreg én menslike én goddelike reg. Vanweë die werking van die Heilige Gees in die kerkreg as Woordbediening, mag die menslike en die goddelike aspek in die kerkreg nie van mekaar geskei word nie. Dit is immers goddelike reg wat vir die kerk bedien word, hoewel in menslike vorme

en op 'n menslike wyse.

As kernomskrywing van die kerkreg word die begrip *herstellingsbediening* aan die hand gedoen, waardeur die kerkreg vanuit sy eiesoortige wese begryp kan word. Hiervolgens is die kerkreg *die wetenskap waardeur God se reg en orde vir sy kerk, soos geopenbaar in sy Woord, in die kerk bedien word deur dit na te vors, te verklaar en toepaslik vir die kerkregering te maak.*

Uit die *kontekste* waarbinne die kerkreg fungeer, word die omskrywing van die kerkreg duideliker aan die lig gebring. Hier word gekonsentreer op die verbonds-, koninkryks- en die eskatologiese konteks.

In konteks met die *verbond* blyk die besondere bedieningsfunksie van die kerkreg as 'n bediening van God se reg aan herstelde mense. So vorm Christus die hart van die kerkreg. 'In Christus' word 'n forensiese regsverhouding gerealiseer wat deur die kerkreg regsordelik in die organisasie van die kerk tot uitdrukking gebring moet word. Die verbond behels 'n *herstellingsverhouding* waarin die regsposisie van die herstelde mens begrepe word.

Uit dié regsverhouding van die verbond moet die kerkreg die (bonds)-regte poneer: God se reg op die mens se lewe en die herbore mens se reg in Christus op God as sy Vader. Maar die kerkreg moet ook op die mens se (bonds)-verpligtinge dui. Die gebeur veral deur die kerkregering waar praktiese situasies kerkregtelike beantwoording eis.

In konteks met die *koninkryk* blyk die heerskappy van Christus in die kerk, ook by wyse van die formele, regsordelike bepalinge wat uit die Woord bedien moet word. Soos wat elke regsverhouding gesag as grondslag het, rus die regs-karakter van die koninkryk op die gesag van die Koning van die Koninkryk. Hy wat oor die gesag beskik, bepaal die reg; en as Regsbepaler bepaal Hy ook die wette waaraan diegene oor wie Hy heers, onderworpe is. Kerk-

reg is niks anders as 'n bediening van sy bepalinge vir sy kerk en die daargestelling van 'n regsorde vir die kerk waarin sy reg en orde weerspieël moet word nie.

In konteks met die *eskatologie* is die kerkreg op God se herstelde volk gerig met die 'reeds' van die herstelling sowel as die 'nog nie' van die voleinding van dié herstelling op sy agenda ingeskryf. In elke aspek van sy bedieningsfunksie moet die kerkreg derhalwe terdeë rekening hou met die belang van sy taak om 'n regsorde vir die herskape mensheid in hierdie bedeling uit die Skrif te poneer, maar hy moet eweseer rekening hou met sy eie onvoltooidheid en met die voorlopige karakter van sy bedieningsterrein.

Uit sy kontekste blyk die kerkreg se taak in hoofsaak dít, naamlik om die Woordbediening waaromheen 'kerkwees' uitkristaliseer, te beveilig; en om 'kerkwees' in die georganiseerde samelewingsgestalte daarvan ooreenkomstig die herskepping in Christus te laat fungeer.

Die ondersoek na die aard en wese van die kerkreg in die lig van God se reg vir sy kerk het deurgaans op die eiesoortigheid van die kerkreg gewys. Hoewel die staatlike reg nie 'n 'ander reg' is nie, word die differensiasie tussen kerkreg in staatlike reg vanweë die eiesoortige regsterreine bepaal. Die staat is 'n skeppingsgegewe en die kerk is 'n herskeppingsgegewe. Die staat se bestemmingsfunksie is die juridiese en die van die kerk is die geloof. Die kerk is die liggaam van Christus in die wêreld, dié messiaanse liggaam waarin God mense roep, verenig en organiseer. Kerkreg vervul 'n bedieningsfunksie waarin God se reg vir die kerk bedien word; die staatlike reg vervul 'n positiveringsfunksie waarin die herkenbare natuurwette en juridiese beginsels wat kragtens die skeppingsorde gegee is, in die lig van God se Woord tot wette gepositiveer moet word. Die staat

beskik oor die swaardmag; die kerkreg hanteer die Woordmag.

Die kerkreg staan onder die teken van die eskatologie, dit bly nóg 'n onvoltooide wetenskap, steeds bekwel deur menslike eensydighede; maar die kerkreg staan in die hart van die geskiedenis van die kerk op aarde, en die kerkreg staan digby die raadsale van God: ónder sy heerskappy juis om sy heerskappy vir die kerk, tot ware kerkwees in die wêreld, te bedien.

4.3 KERKORDE IN DIE LIG VAN GOD SE ORDE VIR SY KERK

4.3.1 *Inleiding*

In hierdie hoofstuk word nie op die detail van die kerkorde in sy wese, sy samestelling, sy aard en sy funksionering gekonsentreer nie, omdat ek dié aspekte van die kerkorde reeds nagevors en gepubliseer het (kyk Smit 1844a). Die beteken egter nie dat oorvleueling wat noodsaaklike aspekte betref, nie hier sal voorkom nie.

Hier moet die lyne met betrekking tot God se orde vir sy kerk uit die ondersoek in belang van die kerkorde saamgetrek word. Die vraagstukke waarop hier ingegaan moet word, is die plek en die funksie van die kerkorde met betrekking tot God se orde vir sy kerk, en met betrekking tot die kerk, die gesagsetel wat kerk en kerkorde betref, die kerkorde in sy diensknegewaad, die kerkorde se beveiligingsfunksie en 'n basis vir die wyse waarop die kerkorde hanteer moet word.

Die uitgangspunt in hierdie ondersoek na die kerkorde in die lig van God se orde vir sy kerk, word deur die voorafgaande deel van studie bepaal. Hiervolgens is die kerkorde die konkrete saamgestelde resultaat, die 'toepaslik maak', van die kerkregtelike navorsing en verklaring van God se reg en orde vir sy kerk. Hierdie visie op die kerkorde verselfstandig die kerkorde nie tot 'n tipe kerkregtelik geöriënteerde belydenis óf tot 'n bundel reglemente wat deur die kerk 'gepositiveer' is, óf tot 'n juridiese kontrak tussen kerke nie (vgl. 3.4.4). Trouens, die totale afhanklikheid van die kerkorde aan die gesag van die Skrif as 'n ordereëling in diens van die kerkregering, word juis deur die agtergrond van hierdie uitgangspunt beklemtoon. Die feit dat die kerkorde nie 'n gepositiveerde wet is nie, maar dat die beheersende, hooflyne daarvan die resultaat van Woordbediening is (kyk 4.2.1.6.2),¹⁾ stel dit in 'n blywende onderhorige samehang met die Woord.

4.3.2 Orde en kerk

4.3.2.1 God se orde ...

God se orde vir sy kerk het 'n tweevoudige karakter: Enersyds het Hy die orde vir die kerk deur middel van bepalinge en voorskrifte met die oog op 'n bepaalde lewenswyse gegee. Andersyds kom die kerk as die herstelde gemeenskap deur die aanvaarding van die voorgeskrewe lewenswyse te voorskyn en is só die beliggaming van die nuwe orde, oftewel die *verus ordo*. Dit beteken: (i) God het 'n bepaalde orde aan sy kerk voorgeskryf en (ii) die kerk fungeer self ook as die nuwe (ware) orde (kyk 3.4.4). Vervolgens word op dié twee fasette van God se orde ingegaan.

4.3.2.1.1. ... as normatiewe voorskrif

God se orde as voorskrif vir sy kerk word wel formeel deur sy verordeninge bepaal, maar dit is méér as 'n bloot uitwendige orde waaraan op 'n formele wyse voldoen moet word. Trouens, sy orde is 'n lewenswet wat op die *hart* van die mens appelleer. Die orde wat Hy vir sy kerk voorskryf, is nie 'n statiese struktuur nie maar 'n opdrag wat met dinamiese kontinuïteit gelaai is, waarin 'n bepaalde lewenswyse verteenwoordig word. Hierdie lewenswyse is God se verbondsgemeenskap met die mens waaraan die mens op 'n dankbare, gehoorsame wyse moet beantwoord. Hoewel die orde normatief is, omdat dit die Here se voorskrifte vir die kerk behels, is dit nie die orde wat gedien moet word nie, maar deur die orde moet God gedien word (kyk 3.4.4).

Die liefdesmotief lê ten grondslag aan God se orde vir sy kerk. Dit is 'n orde wat vir die herskape mensheid, vanweë die herstelling in en deur Jesus Christus, gerealiseer het (kyk 4.2.1.4.3 en 4.2.1.6.7). Derhalwe fundeer die orde op die verbondsverhouding van die Here met sy kerk. In die verbondsverhouding gee die Here aan sy kerk wat Hy eis, in die besonder die hartsgesteldheid om die orde wat Hy bepaal te onderhou. Sy verbonds-

gawes en sy verbondseis word prakties in die orde waardeur die gedrag van sy kerk gereël word, sigbaar gemaak. Maar die Here se orde vir sy kerk bring ook sy koninkryksdomein tot 'n sigbare gestalte. Deur sy orde begrens Hy die kerk waarbinne die koninkryk gerealiseer word (kyk 3.4.4). Tree 'n mens uit dié lewensorde, tree jy tegelykertyd uit die verbond wat God met sy volk aangegaan het (kyk 3.4.2.2.2) en derhalwe uit die koninkryksfeer waarbinne God sy volk met sy Woord en Gees regeer (vgl. HK, Son.48). Die orde van God vir sy kerk, waarvan "die pad van die lewe" reeds 'n Ou Testamentiese aanduiding is, behels so 'n innige verbondenheid aan Hom dat sy volk as't ware in Hom leef (kyk 3.4.2.2.4).

Die orde word volkome deur Christus bepaal. Barth (KD IV/2, 67,4:768) stel dit dat "Jesus Christus als Haupt dieses seines Leibes das primär handelnde Subjek ist". Dit beskou hy as die "Grundrecht" van die gemeente waarin die orde vir die gemeente én waarin die gemeente as orde gekonstitueer is. Die orde is 'n geloofsorde wat nie in die eerste plek deur menslike tradisie bepaal word nie, maar juis deur Christus (kyk 3.4.3.2.3).

Die orde is vanweë die herstelling in Christus aan die vrede gesubordineer. Vanweë die vrede met God in en deur Jesus Christus realiseer dié orde. Só dui die orde op die beveiliging van die kerk se lewenswyse waarin 'n volkome lewensherstel sigbaar moet word (kyk 3.4.3.2.2.,iv).

Die orde het ook die betekenisaspek van normatiewe *opbou*. In 'n sekere sin moet die kerk al hoe meer word wat Hy is. En dit word hy deur homself voortdurend aan die orde as die voorskrif vir sy lewensgedrag te toets en daarmee te konformeer, ook omdat die orde die Woordverkondiging (wat die bestaansgrond van die kerk is) beveilig (kyk 3.4.4).

Die orde vir sy kerk openbaar God in sy geregtigheidshandeling met sy volk, in sy bepalinge en voorskrifte, óók deur die praktyk en die voorbeelde van

die apostels se kerkinrigting en in sy wet soos verbesonder in die dekalooë en saamgetrek in die liefdesgebod (kyk 4.2.1.3.2; 4.2.1.4.2; 4.2.1.4.3; 4.2.1.5.5; 4.2.1.6.5, veral aantekening 14 - soos saamgevat in 4.2.1.6.6).

Deur die orde neem die herstelde mens weer die plek in waarop hy deur God "neergesit" is (Pop 1978:337; kyk 3.4.3.2.2, iv; 3.4.3.2.3, iii). Indien dié orde verbrokkel, sal dit 'n teken daarvan wees dat die geloof gekwyn het (kyk 3.4.3.2.3).

4.3.2.1.2 ... as kerk

Ooreenkomstig die nuwe lewenswyse volgens God se orde, beliggaam die kerk die nuwe orde en is die kerk 'n nuwe regsgemeenskap wat deur sy bepalinge gekonstitueer is. Só is die kerk dan as nuwe orde of *verus ordo* enersyds God se verbondsgemeenskap waarin sy herstelde verhouding met sy volk tot uitdrukking kom, en andersyds is dit 'n realisering van sy koninkryk waardeur sy heerskappy in die harte van die herskape mensheid tot uiting kom (kyk 3.2.3; 4.2.1.4.2; 4.2.1.4.3; 4.2.2.2; 4.2.2.3).

Die kerk as God se nuwe (ware) orde in die wêreld is die uitdruklike vrug van die herskepping waarin die herstel in en deur Christus verteenwoordig word (vgl. Kol 1 :18-23). Daarom is die kerk in 'n sekere sin 'n vreemde verskyning in die wêreld, onaanvaarbaar vir die wêreld omdat dit 'n orde is wat teen die natuurlike patroon van die (ongelowige) wêreld ingaan (kyk 4.2.1.4.3; vgl. Spoelstra 1978b:27v.).

Maar God se nuwe orde in die wêreld is as vrug terselfdertyd ook téken van die herskepping én die spitspunt van die herskepping. In dié orde word die oorwinning oor Satan en die vernietiging van die kwaad reeds in beginsel verteenwoordig. Omdat dié orde 'n historiese verskyning is, staan dit in die eskatologiese spanning van 'reeds' en 'nog nie'. Die herskepping

is reeds daar, die nuwe orde is 'n sigbare historiese feit; maar nog nie voltooid nie. Die eskaton word deur die "in beginsel" - begrip gedra. Daarom slaan die wêreldgelykvormigheid tog ook nog in God se nuwe orde deur (kyk 4.2.1.6.7; 4.2.2.4).

As God se nuwe orde in die wêreld is die kerk die sout van die aarde en die lig in die donkerte (Mt 5:13-15). Die kerk is in sy ganse bestaan op aarde 'n lewende verkondiging aan die wêreld: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom!" (Mt 3:2). Deurdat Christus self sy volk aan Hom onderdanig maak, deur sy Woord en Gees, dien die kerk as die nuwe orde om die kwaad te bedwing en Satan openlik teë te gaan (vgl. Calvyn I,vi,vii; Milner 1970:4). Die nuwe orde bestaan nie in menslike statute of vanweë menslike reglemente nie: dit bestaan in die harte van mense wat deur die geloof in Christus nuut geword het (kyk 4.2.1.6.5; 4.2.1.6.8). Só is die nuwe orde die realisering van God se koninkryk wat gekom het (kyk 4.2.2.3).

Waar God se Woord en Gees werk, kom orde tot stand. Hierdie orde word vanselfsprekend in die kerkinstituering en wel óók in die kerkorganisasie verteenwoordig. So verteenwoordig die versameling van Christus, sy kerk, in prinsipe die herstel van orde in die wêreld (vgl. Milner 1970:44). Derhalwe is die orde van die kerk wesenlik anders as die orde van enige gewone menslike samelewingsverband soos wat dit in institute, verenigings, stigtings of klubs tot uitdrukking kom (kyk 4.2.1.5.5; vgl. Spoelstra 1978b:22). As vanuit die mens oor die kerk nagedink word, en nie vanuit God nie, dan is die kerk niks meer as 'n instituut, 'n natuurlike gemeenskap wat bloot volgens die wetmatigheide en reëls van enige ander menslike vereniging bestaan (bv. Brunner 1939:194,318). Maar as die kerk as 'n produk van die herskepping gesien word (kyk 4.2.1.5.5; vgl. Kuyper III 1909:227), moet die kerk verstaan word as die " ... *ordinem et eam politiae formam quam ipse*

praescripsit ..." (Calvyn IV,vi,9).²⁾

4.3.2.2 Die kerkorde

4.3.2.2.1 Noodsaaklike onderskeid

Daar moet 'n duidelike onderskeid tussen die kerkorde en God se orde vir sy kerk gemaak word. Die kerkorde is niks meer as die vrug van kerkregtelike navorsing en verklaring van God se orde vir sy kerk nie. Nader omskryf is die kerkorde die kerkregtelike bediening³⁾ van die voorskrifte en orde-reëlins in die Skrif wat as die Here se opdrag aan sy kerk erken moet word.

So gesien is daar 'n besonder noue band tussen kerkorde en die kerk as die besondere beliggaming van God se orde. Op hierdie noue band fundeer die volgende kontoere wat in en om die kerkorde getrek word.

4.3.2.2.2 Karakter

Formeel gesien, kan 'n verskeidenheid van kensketsende formuleringe oor die karakter van die kerkorde aangebied word (kyk Smit 1984a:83v):

Bouwman (I 1970:327): "Het karakter van de kerkenordening is dus dat zij de regelen aangeeft, welke op grond van het Woord Gods, in overeenstemming met die belijdenis der kerk, voor de goede orde in die kerk noodig zijn".

Jansen (1923:2): "De kerkenordening bevat de *algemeene regelen* voor de goede orde van het kerkelijk leven en moet dan ook van kerkelijk besluiten (decreten) en gewoonten wel onderscheiden worden ... geldig voor alle kerken, die tot het kerkverband behooren."

Monsma (1967:19v): "And it is for the maintenance of good order in the church of Christ, and for the promotion of its true welfare, that 'offices, assemblies, supervision of doctrine, sacraments and ceremonies, and Christian discipline' were instituted by the Reformed churches ... At the same time it should be remembered

that it is not the purpose of the Church Order to force the churches to walk its beaten path ... The Church Order means to be regulatory ... moral in character, not judicial ... not a legalistic set of laws".

Nauta (1971:9): "Een kerkorde bedoelt de algemene richtlijnen te bieden, waarnaar men zich binnen de kerk behoort te gedragen. In haar is samengebracht een verzameling van systematisch gerangschikte bepalingen, welke door de in de kerk als bevoegd optredende instantie zijn vasgesteld en onder woorden gebracht om te worden onderhouden door allen in haar midden, gewone leden zowel als ambtsdragers. Als de bedoelde instantie zal gewoonlijk de synoden optreden".

Van Staden (1973:21) "n Kerkorde is dié, onderskeie van kerklike besluite en gewoontes, op die Woord van God gegronde, en met die Belydenis van die Kerk ooreenstemmende, algemeen kerklik aangenome en in getal beperkte, geldige en bindende reëls, of riglyne vir die goeie orde van die kerklike lewe van alle kerke in die bepaalde kerkverband".

In die Tussenkerklike Kommissie (1981:183) stel Van der Linde: "Die kerkorde (dit wil sê die voorskrifte vir die gedrag van die kerk) moet dus alleen die wet van Christus vir sy kerk tot uitdrukking laat kom. Dit moet 'n weergawe wees van wat Hy in sy Woord as nodig vir die gedrag in die huisgesin van God neergelê het sodat sy heerskappy daarin verwerklik word".

Genoeg wat die visie op die formele kerkorde betref. Die vraag is: Wat is die verhouding tussen die kerkorde en die kerk as orde?

Die kerkorde is die bediening (om nie te sê 'positivering' nie) van die formele opdrag van God (Skrifbepalings en voorskrifte) waarvolgens die kerk kerk moet wees, met ander woorde waarvolgens die kerk as orde homself moet wees en moet word (vgl. Van der Linde 1983:7). Deur die kerkorde moet die kerk voor die Skrifopdrag met betrekking tot sy bestaan en sy roepingsvervulling te staan kom. Tussen kerk en kerkorde kan daar dus geen teen-

strydigheid wees nie (vgl. Plathow 1982:218).

Die kerk as orde, die kerkorde, die Christelike leer en die kerklike lewe is met mekaar verweef (Plathow 1982:295). Die kerk staan as die realisering van God se nuwe orde in die wêreld onder die eskatologie en is sodoende 'n draer van die eskaton (kyk 4.2.2.4). Hiertoë bied die kerkorde vir die kerk die Skrifvoorskrifte vir die gedrag van die kerk as realisering van die koninkryk en draer van die eskaton: "Das bedeutet, dass die Kirche und ihre Ordnungen mit dem anbrechenden und angebrochenen Reich Gottes (Mk 1:15; 4:3vv; Lk 17:21; usw.) unter dem Anspruch des endzeitlichen Gerichtswortes Gottes stehen" (Plathow 1982:218).

Die kerkorde as die weergawe van die Skrifbepalings en -voorskrifte vir die kerk as die realisering van die koninkryk van die hemele op aarde, kan as 'n bepaalde wyse van Woordverkondiging nie van die werkinge van die Heilige Gees geskei word nie: "So gibt der heilige Geist die Ordnungen in der Gemeinde, Ordnungen der Liebe um des Friedens willen; Geist und Ordnung, Geist-kirche und Rechtskirche lassen sich nicht trennen" (Plathow 1982:220).

Daarom kan Bucer alle kerkordelike arbeid op die "ordnung des Heiligen Geistes" betrek (Van't Spijker 1972:26v). Op dieselfde gronde oordeel Milner (1970:192; vgl. p. 4vv): "The Church (order) must always be understood, therefore, as existing in the movement from the believer to the Word which occurs in the leading of the Spirit through ordained means". Ook Calvyn verklaar dat daar én spesifieke kerkordelike aanwysings én die *generales regulas* in die Skrif is (vgl. Plomp 1967:15v) waardeur die Heilige Gees in die kerkordening (én dus in die kerkorde) meespreek, daarom sê hy uitdruklik dat: "... eas demum humanas constitutiones me probare, quae et Dei auctoritate fundatae, et ex Scriptura desumptae, adeoque prorsus divinae sint" (Calvyn IV,x,30).⁴⁾

Hieruit blyk dat die kerkorde wat op die Heilige Skrif gegrond is en die bepalinge en voorskrifte van die Skrif vir die kerk se kerkwees in die wêreld weergee, 'n vrug van die Heilige Gees se werk is (vgl. Van't Spijker 1972:26v; Geiger 1954:31). So gesien moet die kerkorde niks anders as " ... sowohl geordnete Verkündigung als auch verkündigende Ordnung ..." wees nie (Wehrhahn 1956:15).

Dié beredenering staaf weer eens dat die kerkorde nie 'n selfstandige grootheid is nie. Die kerkorde is nie gelyk aan die Skrif nie en dit is ook nie gelyk aan die kerk nie. Die kerkorde kom wel uit die Skrif en is op die kerk as God se nuwe orde in die wêreld gerig, sodat die kerk hom met behulp van die kerkorde altyd op die Skrifbeginsels vir sy bestaan en voortbestaan (met ander woorde vir sy roepingsvervulling) kan afstem, én sodat die kerkregering met behulp van die kerkorde in die lig van die Skrif uitgevoer kan word.

4.3.2.2.3 Funksie

Die kerkorde bestaan in afhanklikheid en in samehange. Dit is op die Woord⁵⁾ gegrond en dit rus op die belydenis.⁶⁾ Sonder die Woord en sonder die belydenis as sy ontstaansgrond en sy verwysingsgrond kan die kerkorde geen hulpmiddel vir die kerk wees om homself en sy handeling aan God se orde-as-voorskrif in die kerk te toets nie. Sonder die Woord en die belydenis as sy fundamentele lewensbedding word die kerkorde 'n menslike reglementebundel of 'n juridiese kontrak tussen kerke. Die hele bestaan, die sin van die kerkorde sentreer om die Woord en die belydenis: "Nur und allein darin hat sie ihre Bedeutung, dass sie Mittel für die Wortverkündigung, Sakramentsverwaltung und Schlüsselgewalt ist, diese mitemöglichst und von diesen in Dienst genommen wird" (Plathow 1982:160; vgl. Fiedler 1934:32 en Bonhoeffer 1959:270).

Deur die kerkorde waarin die Skrifbeginsels vir die kerk se kerkwees en sy roepingsvervulling verklaar en weergegee word, word die kerk in sy regsordelike lewe op die vrede met God afgestem (vgl. 3.4.3.2.2.iv; 3.4.3.2.3,v) vanweë die herstelling in Jesus Christus (kyk 4.2.1.4.3. en 4.2.1.6.7).

Deur die kerkregering moet die kerk *opgebou* én *begrens* word met behulp van die kerkorde (vgl. Pop 1978:337). Die kerkorde is 'n hulpmiddel waardeur die herskape mensheid as die georganiseerde kerk tot vervulling van hulle gehoorsaamheid aan Hom mag kom (vgl. Du Plooy 1982:37).

Die kerkorde het ook 'n pastorale funksie (vgl. Heystek 1983:122vv,149). Die herskape mensheid moet tot één liggaam saamgevoeg word, waarin elkeen sy plek inneem. So word aan elkeen, in die georganiseerde gestalte van die kerk deur die Heilige Gees 'n regmatige plek voor die heilige aangesig van God gegee. En elkeen wat tot die herstelde mensheid toebehoort, moet in dié plek behou word. Kerkordelik word dit gereël deur die dienswerk, die Woord- en sakramentsbediening, die handhawing van die regte leer en die tugtoepassing (vgl. Van't Spijker 1972:12v). Afgestem op dié gevarieerde funksie is die kerkorde in werklikheid een Bybelse orde in verskeie artikels. Die kerkorde moet in die regsordelike (én die pastorale) lewe van die kerk deur die kerkregering daartoe bydra dat God verheerlik word, dat die ryk van Jesus Christus bevorder word en dat sy kerk óók pastoraal opgebou en van alle ergernisse en wanorde gesuiwer word, sodat die kerk tot sy volle plêroma (wasdom) kan groei (vgl. Nauta 1971:9v).

Die hoofaspek waarin die funksie van die kerkorde saamtrek, is *die beveiliging van die Woordverkondiging*. Die kerkorde moet daar wees om die prediking ongehinderd te laat deurgaen. Daarom word met behulp van die kerkorde die roeping van die kerkdienaars (bevestiging en bediening) gereël, die kerklike vergaderings en *hoe wát* daar aan kerklike beslissing onder-

hewig gestel word, die kerklike leer, sakramentsbediening en ander kerklike seremonies, en die kerklike tugtoepassing. Al hierdie elemente is niks anders as bepaalde presiseringe van die Woordbediening nie.

Die funksie om die Woordbediening te beveilig, bring mee dat die kerkorde daartoe meewerk dat die kerk in die *waarheid* sal leef, en nie in 'n *eie wetlikheid* nie. Die kerkorde het ten doel om alle regsordelike aspekte in die kerklike lewe van bloot menslike beslegting af te wentel na die Woord toe. Dit beteken dat die kerkorde nie die eindpunt in kerklike beslegtings-prosedure is nie. Maar deur die kerkorde moet steeds op die Woord geappelleer word. Die Woord is die eindpunt van alle kerklike beslegtinge. Die kerkorde het derhalwe die taak om die waarheid te beveilig. Sou die waarheid in die kerk verlore gaan, en daar sou steeds kerkdienaars wees, dan fungeer hulle slegs in naam - want die dienste setel in die waarheid. Sonder die fondament van die waarheid stort die gebou inmekaar. Maar die kerkorde moet die waarheid nie slegs vir die kerk beveilig nie, maar ook vir die wêreld. Deurdat die kerk-as-orde op die grondslag van die waarheid bly staan, ook vanweë die gedrag van kerklidmate (1 Tm 3:15), soos wat dit kerkordelik gereël word, kan die ongelowige wêreld hom nie verontskuldig dat hy die waarheid nie gehad het nie - dit was in sy midde maar hy het dit verwerp!

Die beveiliging van die Woordbediening bring mee dat die kerkorde binne die ordening van die kerk en die bepaling van prosedures sterk situasiegeërig is. Dit beteken egter nie dat die kerkorde in kasuïstiek opgaan nie.

Maar dit beteken wel dat elke lewensituasie in die kerk na die Woord herleibaar is, en dat die Woord oor die hele spektrum van die mens se lewe besleg.

Samevattend stel ek dié perspektief: die kerkorde is nie in die eerste plek bediening van die heerskappy van Christus nie. (Dit is die dienaars in die eerste plek deur middel van die hele breë spektrum van die Woordverkondig-

ing en die kerkregering.) Die kerkorde is in die eerste plek die konkrete *beveiliging* van dié bediening.

4.3.2.2.4 Gesag

Indien die kerk bloot as 'n gewone samelewingsverband, kragtens die skeppingsorde, gesien sou word, sou dit beteken dat Brunner (1939:318) volkome ge-lyk het dat die kerk as sigbare instituut onder die 'natuurlike gemeenskappe' hoort. Die konsekwensie van hierdie standpunt is dat die kerkorde, volgens die reëls van alle natuurlike gemeenskappe, dan 'n reglement met kontraktuele gesag vir die saamdoen van die kerke en vir die ordening van die kerklike lewe sou wees. Volgens die regspositiwistiese standpunt sou die kerkorde dan gesag hê *omdat* 'n kompetente regsorgaan dit vasgestel het. Sy gesag sou die kerkorde dan aan sy positieverder, naamlik die sinode, as die kompetente regsorgaan, ontleen het (kyk 4.2.1.2.2.2).

Maar nou is die kerk dié herskeppingsamelewingsverband wat op die *herstelling* in en deur Christus gefundeer is (kyk 4.2.1.5.5). Die kerk is self orde (kyk 4.3.2.1.2) en die *kerkorde* wat 'n toepaslike weergawe en 'n heenwysing na God se norm (sy orde as voorskrif vir die kerk) is (kyk 4.3.2.2.1), word nie deur die kerkraad as 'n selfstandige, gesagdraende wet (statuut) gepositiveer nie. Die kerkorde, as die vrug van die kerkreg se taak om God se reg en orde vir die kerk na te vors, te verklaar en toepaslik vir die kerkregering te maak, is 'n heenwysing na die Woord. As geordende verkondiging is die kerkorde ook verkondigende orde (Wehrhahn 1956:15). Ten diepste wys die kerkorde op Jesus Christus, die Koning van die kerk.

Die kerk kan nie as kerk bestaan as Christus nie as Hoof daarvan erken word en die regering daarvan nie ooreenkomstig sy Woord ingerig is nie. As Orde-

gewer van die kerk is Christus ook meer as die organiese Hoof van sy liggaam: Hy is ook die volstrekte Gesagshoof van sy liggaam (1 Kor 11:3; Kol 2:10). As Gesagshoof en Ordegewer van sy kerk is Hy lewens-één met sy kerk, nie meganies nie, maar op 'n organiese wyse (vgl. Van der Walt 1976: 45,47). Dat die kerk deur die Heilige Gees ook lewens-één met Hom as Ordegewer en Gesagshoof is, beteken dat die kerk nie alleen aan Hom behoort nie, maar dat die kerk hoegenaamd nie selfstandig sonder Hom kan bestaan nie. Hy is die oorsprong, doel en groei van die kerk (Ef 4:15; Kol 2:12-19; 3:1). Derhalwe kan die kerk nie kerk wees buite om die orde wat Hy as gedrag vir sy kerk bestem het nie (vgl. Du Plooy 1982:19v). Die orde-as-voorskrif in die Skrif moet met die kerk-as-orde in die wêreld korreleer. As hulpmiddel tot dié korrelasie, en derhalwe as 'n rigtingpyler na die gesag van Christus, dien die kerkorde.

Christus is die een en enigste Gesagsdraer in sy kerk. Hy delegeer nie sy gesag nie, maar bedien dit deur sy Woord en Gees. Die feit dat Christus van mense gebruik maak vir die regering van sy kerk, beteken nie dat Hy sy gesag aan hulle oordra nie (Van der Linde 1983:10). Deur hulle oefen Hy sý gesag uit: "Wat Christus beveelt, heeft absoluut gezag, maar de opzieners der gemeente hebben uit zichzelf niets te zeggen, maar alleen als bedienaars des Woords" (Bouwman 1970:2). Die nadruk moenie op 'ampsdraers' geplaas word nie: die gesag setel nie in die 'amp' nie. Die nadruk moet op 'Woordbedienaars' geplaas word: die gesag setel in die Woord (vgl. by Van der Linde (1983:10) die teenstelling tussen "*ampshoogheid*" en "*diensheerlikheid*".⁷⁾

Dat die gesag nie in 'n orgaan of 'n struktuur setel nie, blyk daaruit dat dit *onmiddellik* deur God die Heilige Gees met en deur die Woord in die gelowige uitgeoefen word, sowel as *middellik* deur sy organe wat sy Woord

bedien: in alle gevalle bly dit Christus se gesag wat in die kerk bedien word (Spoelstra 1978a:10). Christus se gesag is die enigste gesag in die handhawing van sy orde vir die kerk soos weerspieël in die kerkorde: "Om vas te stel of 'n handeling in die kerk toelaatbaar is, moet oorweeg word of dit die oppergesag van Christus erken of in gedrang bring. Wanneer die gesag van Christus in gedrang kom, dan word selfs 'n formele handeling ontoelaatbaar" (Van der Walt 1976:37).

Die vraag na kerkordelike gesag was vir die leiersfigure in en direk na die reformasie 'n vraag na Skrifgesag. Vir Bucer het dit byvoorbeeld beteken dat die kerkorde vanweë sy verankertheid in die Skrif geheel en al Skrifgesag bedien (Van't Spijker 1972:27v), Vir Calvyn gaan dit in die kerkregering eweseer geheel en al om Christus wat met sy eie gesag deur sy Woord en Gees regeer. Daarvoor gebruik Hy die herders en opsieners, of ouderlinge. Omdat die kerk orde is, is die kerk daar waar die orde van Woordbediening, sakramentsbediening en tug sigbaar word. Calvyn handhaaf drieërlei vorme van gesag in die kerk: *potestas regiminis* (om te reël), *potestas docenda* (om te leer) en *potestas gubernatio* (om te regeer). Die gesag is geheel en al Woordgesag. Daarom aanvaar Calvyn slegs die kerkordelike bepalings wat "op God se gesag gefundeer en aan die Skrif ontleen is" (IV,ii,4; IV,iii,1,2,7,8,14; IV, vii,23; IV, viii, 1-4,7-8).

In die geskiedenis van die Gereformeerde teologie is met betrekking tot die Skrifgesag van vroeg af onderskei tussen *normatiewe* en *historiese* gesag (Heyns 1977:162). Op dieselfde wyse kan onderskei word met betrekking tot die Skrifgesag wat deur die kerkorde aan die orde gestel word. Deur die kerkorde fungeer die Skrifgesag vir die kerklike lewe enersyds op 'n *normatiewe* wyse deur middel van die bepalings wat direk of indirek kerkregtelik uit die Skrif af te lei is (vgl. NGB, art.30). In hierdie opsig

is die kerkorde gewetensbindend, en wel omdat die gewetensbinding van die Skrif daardeur spreek (byvoorbeeld die feit dat daar Woordbedienaars, ouderlinge en diakens moet wees; dat kerke met mekaar moet vergader; dat die leer, sakramente en ander seremonies gehandhaaf moet word; dat die tug toegepas moet word). Andersyds fungeer die Skrifgesag op 'n *historiese* wyse deur middel van praktiese, organisatoriese reëlins wat bepaal word deur plek - (waaronder kulturele-) en tydsomstandighede (byvoorbeeld die reëlins wat getref word vir die eksaminering van voornemende predikante, of die wyse van verkiesing van kerkdienaars, implementeer die Skrifbeginsels van die eis tot Woordbediening asook die roeping tot die bediening op 'n histories-praktiese wyse). Ten opsigte van die reëling van die *modus quo*, wat praktiese sake betref waarvan die Skrif hoogstens die *quod* bepaal, is die kerkorde nie gewetensbindend nie.

Hieruit blyk dat die kerkorde nie gesag in homself naas die Skrif het nie. Dit is die Skrif se gesag, dit wil sê die gesag van die Gesagdraer, Jesus Christus, wat deur die kerkorde in die kerkregering spreek. Hier vind geen gesagsoordrag plaas nie. Die gesag van die Heilige Skrif word nie die gesag van die kerkorde nie. Die kerkorde en die Heilige Skrif kom dus nie naas mekaar te staan nie. In die Skrif spreek God deur middel van mense wat Hy deur die inspirasie van die Heilige Gees as Bybelskrywers gebruik het; in die kerkorde spreek mense in gehoorsaamheid aan die Skrif deur die werking van die Heilige Gees. Die kerkorde as vrug van die kerkregtelike arbeid bly derhalwe in die eerste plek mensewoord en daarom moet dit vir die diens van die kerkregering kwalitatief sowel as kwantitatief aan God se Woord toetsbaar bly (Smit 1984a:81-83).

4.3.2.2.5 Noodsaaklikheid

Sonder God se orde vir die kerk kan die kerk nie as kerk bestaan nie.

Die kerk bestaan immers slegs *deur* sy Ordegewer en *op grond* van sy ordening. Die kerk-as-orde moet vanselfsprekend aan die orde wat God as voorskrif (norm) vir die kerk daarstel, beantwoord. Daarsonder is die kerk nie kerk nie (vgl. 3.4.2.2; 3.4.3.2; 3.4.4).

Om die noodsaaklikheid, al dan nie, van die kerkorde te beoordeel, moet die kerkorde as die kerkregtelike weergawe van God se orde-as-voorskrif (norm) in verhouding met die kerk-as-orde besien word. Die uitgangspunt is gestel: God-se-orde-vir-sy-kerk is as voorskrif (norm) vir die kerk-as-God-se-orde wesensnoodsaaklik.⁸⁾ Daarsonder kan die kerk nie bestaan nie. Die vraag is nou: In watter mate kan die kerk aan God-se-orde-vir-sy-kerk beantwoord sonder die hulp van die kerkorde?

Indien die kerkorde sy bestaansreg buite-om die Skrif gehad het, indien die kerkorde die resultaat van menslike regspositiwisme was, dan sou Sohm se uitspraak as antwoord aangebied kon word, naamlik dat die regsordening met die wese van die kerk in stryd is (kyk 4.2.1.5.2). En daarmee sou die belang van die kerkorde vir die kerk geheel en al afgeskryf kon word. Indien dit die waarheid sou wees dat die kerkorde 'n juridiese kontrak tussen die kerke is, dan sou die kollegialisme dit volkome gelyk gehad het dat die kerk 'n gewone menslike vereniging is (kyk 2.5). En dan sou die kerkorde as heenwysing na die Skrif nie ter sake vir die kerk gewees het nie. Saamgevat: indien die kerkorde dus puur mense-oorleg was, sou dit van nul en gener waarde gewees het vir die kerk wat kragtens sy wese aan God se gestelde orde moet beantwoord nie.

Omdat die kerk-as-orde nie 'n statiese 'struktuur', 'n klaar gevormde en voltooide 'toestand' is nie, maar met beweging en dinamiese kontinuïteit gelaai is (kyk 3.4.2.2.4 en 3.4.4), moet hy sy eie voortbestaan en fungering, met ander woorde sy roepingsvervulling, voortdurend aan God se orde

as-voorskrif toets. Trouens, daar moet 'n voortdurende korrelasie tussen die kerk en God se orde vir die kerk wees, sodat die kerk aan sy roeping as orde van God kan beantwoord (kyk 4.3.2.1.1 en 4.3.2.1.2). En hiertoe is die kerkorde as die toepaslike verklaring en weergawe van God se orde-as-voorskrif vir die kerk 'n onontbeerlike hulpmiddel. Deur die kerkorde moet die kerk hom voortdurend in sy bestaan en in al sy handeling aan die Skrif toets: "Waar eenmaal het ecclesiologisch docetisme geleid heef tot minachting van de kerkorde; bedreigt *ontbinding* het kerkelijke leven!" (Hovius 1962:37).

Calvyn (IV,i,5) het myns insiens ook die noodsaaklikheid van die kerkorde vir die kerk beklemtoon in sy standpunt: "*Nobis vero quod ex Paulo citavimus tenendum est, ecclesiam non aliter aedificari quam externa praedicatione, nec alio vinculo inter se retineri sanctos, nisi dum uno consensu discendo et proficiendo ordinem ecclesiae a Deo praescriptum colunt.*"⁹⁾ Omdat hy 'n oog vir die regulatief-sigbare gestalte van die kerk gehad het, en omdat hy eskatologies gedink het en sodoende die 'nog nie'-aspek van die kerk gerealiseer het, is die kerkorde vir hom 'n noodsaaklike faktor vir die bestaan, die groei en die opbou van die kerk as 'n historiese werklikheid (vgl. Calvyn IV,x,1,27; IV,vi,9; IV,iii,1,14; ensovoort).

Calvyn (IV,x,27) ag byvoorbeeld 'n vaste vorm van regeringsinrigting, en derhalwe die kerkorde as die kerkregtelike verklaring en weergawe van God se orde vir sy kerk, noodsaaklik vir die gemeenskaplike vrede, die welstand van die kerk en die eendrag waarsonder die kerk "geheel en al nie kan bestaan nie". Sulke "wette" beskou hy as die senuwees van die kerk wat die kerk van misvorming en verstrooiing bewaar.

Al het die kerke nie deur die kerkorde ontstaan nie, en al is die kerkorde op sigself geen voorwaarde vir die saligheid nie, moet die noodsaaklikheid van

die kerkorde herlei word uit die noodsaaklikheid van God se orde vir die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die kerk. Want die kerkorde is immers niks anders as die verklaring en weergawe dáárvan vir die kerk nie.

4.3.2.2.6 Meer as één kerkorde?

Die vraag wat hier gestel word, is of daar slegs een kerkorde kan wees en of daar meer kerkordes onder die beskikking van die een Ordegewer moontlik is. Die antwoord op die vraag sal bepaal word deur 'n mens se kerkbegrip en jou Skrifbeskouing.

Die kerkbegrip wat uit hierdie studie spreek, kom kortliks op die volgende neer: Die kerk is die deur God verordineerde liggaam van Christus in die wêreld (vgl. 3.2.3). Waar God se Woord en Gees werk, kom die kerk as nuwe, ware orde tot stand (vgl. Milner 1970:40), dit wil sê as die herskeppingsamelewingsverband (vgl. Kuyper 1909:227). Derhalwe is die orde van die kerk wesenlik anders as die orde van enige gewone samelewingsverband, instituut of struktuur (vgl. 4.2.1.5.5). As daar nie vanuit die mens nie, maar vanuit die Skrif oor die kerk nagedink word, moet die kerk verstaan word vanuit " ... *eum ordinem et eam politiae formam quam ipse praescripsit*" (Calvyn IV,vi,9).¹⁰⁾ Hierdie "orde en regeringsinrigting" wat die Ordegewer, Jesus Christus, "self voorgeskryf het" is die eksplisiete en indirek afleibare beginsels in die Heilige Skrif met betrekking tot die dienste, die kerklike samekomste (waar onder die vergaderinge) die kerklike leer en die kerklike toesig daaroor, die sakramente, kerklike seremonies en die tugtoepassing, sowel as die voorbeeld van die apostoliese kerkinrigting (kyk 4.2.1.6.5, veral aantekening 14). Daarom stel Calvyn ter inleiding van sy uiteensetting van hierdie sake: " *Iam de ordine dicendum est, quo ecclesiam suam gubernari voluit Dominus*"¹¹⁾ (IV,iii,i). God self het één orde vir sy kerk vasgestel en wil erken word as synde teenwoordig in hierdie orde (Kuyper 1898:5).¹²⁾

Omdat die Skrif egter nie 'n wetboek is waaruit elke individuele reël vir die kerk in duidelik geformuleerde definisies afgelees kan word nie, maar God se Openbaring is waaruit die beginsels van die kerkorde deur middel van die kerkreg opgediep moet word én toepaslik met die oog op tyd en pleksomstandighede geformuleer moet word, *kan daar in die praktyk verskillende formuleringe van die kerkorde wees.* Sodra 'n mens die toepassing van God se orde vir sy kerk in die kerkorde deur "afleiding" en "nadere reëling" vanweë tyd en pleksomstandighede erken (Van der Linde 1965:31), gee jy toe dat daar gedifferensieerde formuleringe van die één 'Skriforde' kan wees. *Kerkordes mag dus in differensiëring van mekaar verskil, maar nie in kontrastering nie.* Kerkordes wat wel kontrasterend van mekaar verskil, bring daarmee nie die *perspicuitas* van die Heilige Skrif in die geding nie, maar bring die deur die sonde verduisterde interpretasievermoë van die mens tot uitdrukking (Smit 1984b:43).

Die vraag was: Meer as één kerkorde? Die antwoord is: "Prinsipieel moet daar *een* kerkorde wees, vanweë die een Ordegewer se één, onverdeelde orde vir sy kerk; prakties móét daar *verskeie* (nie *verskillende* nie) kerkordes wees waardeur die een Ordegewer vanweë 'n verskeidenheid van plek-, tyd- en kulturele omstandighede gedien moet word. Want in die kerkorde gaan dit om die één orde van God vir sy kerk, toegespits op 'n verskeidenheid konkrete omstandighede.

4.3.2.3 Samevatting

God se orde vir sy kerk word in hierdie studie onderskei in (i) sy orde as normatiewe voorskrif en (ii) die kerk as sy orde. Die kerk as orde is in sy bestaan en voortbestaan (sy fungering as roepingsvervulling) voortdurend toetsbaar aan God se orde-as-voorskrif.

Daar word 'n duidelike onderskeid tussen God se tweevoudige orde soos geopen-

baar in sy Woord, en die kerkorde gemaak. Die kerkorde is niks meer as die vrug van kerkregtelike navorsing en verklaring van God se orde vir sy kerk nie. Nader omskryf is die kerkorde die kerkregtelike 'bediening' van die voorskrifte en ordereelings in die Skrif wat as die Here se opdrag aan sy kerk erken moet word.

Die kerkorde, as die weergawe van die Skrifbepalings en -voorskrifte vir die kerk, is in bepaalde wyse van *Woordverkondiging* en kan sodoende nie van die werkinge van die Heilige Gees geskei word nie.

Die funksie van die kerkorde in sy afhanklikheid aan en samehang met die Woord en die belydenis is om vir die kerkregering 'n hulp te wees in die *opbouing* en *begrensing* van die kerk. Die kerkorde het sodoende ook 'n *pastorale* funksie waardeur elkeen wat tot die herstelde mensheid toebehoort, in sy plek voor die heilige aangesig van God kerklik versorg en behou moet word. Die hoofaspek waarin die funksie van die kerkorde saamtrek, is egter die *beveiliging* van die Woordverkondiging. Synde self Woordbediening moet die kerkorde daartoe dien dat die Woordbediening in al sy aspekte ongehinderd deurgaan. Sodoende moet die kerkorde daartoe meewerk dat die kerk in die *waarheid* sal leef, en nie in 'n *eie wetlikheid* nie. Die kerkorde moet derhalwe alle regsordelike aspekte in die kerklike lewe as 't ware voor God se Woord neerlê vir beslegting. So gesien is die kerkorde in die eerste plek nie bediening van die heerskappy van Christus nie, maar dit is in die eerste plek die konkrete *beveiliging* van dié bediening.

Die kerkorde het geen selfstandige gesag naas die Skrif nie. Maar omdat die kerkorde in sy essensie 'n heenwysing na die Skrif is, is dit die Skrifgesag wat deur die kerkorde 'aan die orde' gestel word. In die Skrif spreek God deur middel van mense wat Hy as Bybelskrywers gebruik het; in die kerkorde spreek mense in gehoorsaamheid aan die Skrif deur die werking van die Heilige Gees.

Die noodsaaklikheid van die kerkorde moet herlei word uit die noodsaaklikheid van God se orde vir die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die kerk. Omdat daar voortdurend 'n korrelasie tussen die kerk en God se orde vir die kerk moet wees, sodat die kerk aan sy roeping as orde van God kan beantwoord, is die kerkorde noodsaaklik vir die kerk in sy roepingsvervulling. Deur die kerkorde moet die kerk hom voortdurend in sy bestaan en in al sy handeling aan die Skrif toets.

Die vraag na meer as een kerkorde word beantwoord uit die één, onverdeelde orde van die Ordegewer vir sy kerk in 'n verskeidenheid van plek-, tyd- en kultuuumstandighede. Dit beteken dat daar prinsipieël *een* kerkorde moet wees, maar prakties moet daar *verskeie* kerkordes wees waardeur die één Ordegewer uit 'n verskeidenheid van omstandighede gedien moet word.

4.3.3. *Die kerkorde in diens ...*

4.3.3.1 ... van die Ordegewer

Uit die ondersoek dusver het dit reeds duidelik geword dat die kerkorde nie net 'n prakties-tegniese reëling is waarvolgens op die eenvoudigste wyse die 'doeltreffendste' regeringsmetode vir die kerk daargestel word nie. Met ander woorde, die kerkorde is nie 'n aardse steierwerk rondom die geestelike bouwerk van die kerk waardeur laasgenoemde opgebou moet word nie. Nee, die kerkorde is essensieel Skrifveranker. Dit beteken dat die kerkorde geheel en al in diens van die Ordegewer, Jesus Christus, staan.

In die kerkregering is Christus reël die enigste Regeerder. Hy is die volstreckte Gesagshoof (Van der Walt 1976:47vv). Die feit dat Hy lewens-één met die kerk is, en die kerk lewens-één met Hom (kyk 4.3.2.1.3) bring mee dat die kerk nie selfstandig sonder Hom kan bestaan nie. Trouens, die kerk bestaan *in Christus*. Deur sy Gees regeer Hy die kerk met sy Woord (Jh 15:26;

16:7,13). Christus en die Heilige Gees spreek tot die kerk deur één Woord. Daarom is daar geen geopenbaarde, op sigself staande kerkwet buite die Woord om nie (Van der Walt 1976:51). In die regering van die kerk spreek Christus en die Heilige Gees deur die Woord. In die Woord word die wil van God bekend gemaak en word sy orde vir sy kerk in sy geregtigheidshandelinge, in sy wet en voorskrifte en in sy apostels se arbeid normatief geopenbaar.

In die kerkorde word God se wil met betrekking tot die kerklike regsorde aan die orde gestel. Deur die kerkorde word die kerkregering derhalwe nie op menslike oorleg toegewys nie, maar op God se wil afgestem en derhalwe onder sy gesag geplaas. Só kan die kerk sy roeping as God se nuwe en ware orde in die wêreld uitvoer, want waar sy gesag eerbiedig word, dáár kom die kerk tot stand (Van der Walt 1976:53).

Die bestaan van die kerkorde word geregverdig deurdat die kerkorde eerstens, kwalitatief en kwantitatief, in diens van die Ordegewer staan.

4.3.3.2 ... van God se orde

Nie die kerkorde nie, maar die lewende verkondiging van die Woord is die enigste konstituerende element van die kerk. Hierdie insig is een van die kruispunte waarop die weë van die protestantse kerke en die van die Roomse kerk skei (vgl. 2.2.2). Reeds Luther het in sy stryd om 'n regverdige God te vind, onder die juk van die Roomse hiërargie tot die insig gekom dat die kerk vir sy ontstaan en sy voortbestaan nie afhanklik is van die *Corpus Iuris Canonici* waarin die apostoliese suksessie en die leeronfeilbaarheid van die pous bepaal is nie (Mörsdorf 1964:27; Erler 1983:28). Soos niemand deur baie eeue voor hom nie, het Luther teruggegryp na die Woord van God (kyk 2.3.2). Waar die lewende Woord verkondig word, dáár kom God se orde (die kerk) tot stand (vgl. Wehrhahn 1956:14; Van't

Spijker 1983:117,176; Hermann 1960:342, 367v; Exalto 1983:186-188). Hiermee het Luther (en die ander reformatore) egter nie ontken dat die opdrag tot kerklike orde en die beginsels vir die kerklike orde terdeë in die Heilige Skrif gegee is nie. Dit sou ook die algemeen geldende standpunt onder Gereformeerde teoloë word (vgl. Sillevius Smitt 1910:114; Bronkhorst 1947:276; Van Itterzon 1974:52; Pont 1981:9; Nauta 1971:16).

Hoewel die benaming 'kerkorde' nie in die Skrif voorkom nie, trek die bepalinge en voorskrifte van God se orde vir sy kerk, wat as die essensiële lyne vir die kerklike organisasie geld, saam in die samevattende ordereëling wat in 1 Korintiërs 14:40 as opdrag aan die kerk gegee word: "πάντα δὲ εὐσχημονως καὶ κατὰ τάξιν γινέσθω" (vgl. ook Kol 2:5; kyk 3.4.3.2.2 en 3.4.3.2.3). Die antwoord van die kerk op hierdie opdrag is die kerkorde waarin die beginsels en die bepalinge van die Skrif vir die kerkorganisasie en die kerkregering verwoord en gesistematiseer word (kyk 4.3.2.2; vgl. Spoelstra 1966:11).

Die bepalinge en voorskrifte in die Skrif waarin God se orde vir sy kerk beliggaam word, is omvangryk, om byvoorbeeld net op enkeles te dui: die algemene vereistes wat aan die dienaars gestel word (o.a. 1 Tm 3; 5:19); die onderhoud van die dienaars (o.a. Mt 10:10; Gl 6:6; 1 Kor 9:6-14; Flp 4:15; 2 Ts 3:9); die predikantsdiens (o.a. 1 Tm 3:2vv; Tt 1:6vv; 1 Tm 5:17); die ouderlingsdiens (o.a. Hd 20:17,28; Tt 1:5,7; 1 Tm 3:1vv); die diakensdiens (o.a. Hd 6; Flp 1:1; 1 Tm 3); kerklike vergaderinge (o.a. Hd 15); tugtoepassing (o.a. Mt 18:17vv) - die lys kan eindeloos word, daarom word hiermee volstaan.

Vir die daarstelling van noodsaaklike reëlins vir die kerk as organisasie voer Calvyn juis op grond van 1 Korintiërs 14:40 'n kragtige pleidooi met die motivering dat "die kerke nie van hulle senuwees beroof word en

heeltemal misvorm en verstrooi word" nie (IV,x,27). Op die spoor van Calvyn is daar onder Gereformeerde kerkregskrywers algemene instemming daarmee dat daar ook praktiese reëlins, wat nie noodwendig direk uit die Woord afgelei hoef te word nie, gerig op bepaalde plek- en tydsomstandighede (*circumstantiae* teenoor *essentialia*) in die kerkorde opgeneem moet word en wat die kerkorde derhalwe veranderbaar maak (o.a. Praamsma 1946:8; Hovius 1962: 11,25). Waar hierdie reëlins pertinent met die gees en strekking van die Heilige Skrif ooreenkom, is ook hierdie reëlins vir Calvyn in die Skrif-opdrag tot kerkordevorming gewortel en derhalwe asof uit die mond van Christus self (IV,x,30). Nogtans moet sulke noodsaaklike praktiese reëlins tot die minimum beperk word (IV,x,32). Ook die kerklike belydenis open die deur vir kerkordelike bepalinge wat nie noodwendig in die Skrif voorkom nie, maar wat met die strekking en die gees van die Skrif ooreenkom (NGB, art. 32).

Hieruit blyk dat die kerkorde analoog met die direkte ordebepalinge en met die beginsels vir ordebepalinge in die Skrif moet wees, hoewel die kerkorde duidelik nie 'n sinoniem daarvan is nie. Ook Bucer handhaaf 'n duidelike onderskeid tussen die Gees-geïnspireerde orde as God se orde vir sy kerk en die menslik gevormde kerkorde as die verklaring en weergawe van God se orde vir sy kerk (vgl. Van't Spijker 1972:27v). Die noodsaaklike onderskeid tussen kerkorde en God se orde vir sy kerk stel eersgenoemde steeds onder die volstrekke gesag van laasgenoemde (vgl. Bouwman 1970:326v).

Vir die kerk wat hom slegs aan die Woord van God onderhorig hou, is sy kerkorde in God se orde vir die kerk veranker en tegelyk 'n verklaring en 'n weergawe daarvan. Dit hou in dat die kerkorde aan die een kant nie soos die *Codex Iuris Canonici* gehanteer mag word asof die goddelike reg daarin gefikseer is nie; en aan die ander kant mag die Bybel ook nie gehanteer word

as 'n tydlose wetboek, weer eens soos die genoemde *Codex Iuris Canonici*, nie (vgl. Trimp 1982:108).

Die presisering van die *ius divinum* teenoor die *ius humanum*, op die wyse van die Rooms katolisisme (kyk 2.2.2), is irrelevant vir 'n kerk wat slegs aan die Woord van God gehoorsaam wil wees. Beide Luther en Calvyn, asook Bucer, het geen behoefte gehad om die kerkreg en die kerkorde as *ius divinum* teenoor die *ius humanum* te kategoriseer nie. Hulle het die dienswerk in die kerk nie as 'n selfstandige grootheid teenoor die reg van God gestel nie; nee, die dienste is vir hulle volkome ondergeskik aan die Woord (vgl. Trimp 1982: 105-107) en word derhalwe daardeur bepaal en beheers. Hierdie siening beteken nie 'n ontkenning daarvan dat daar met betrekking tot die kerkorde onderskeidend rekening gehou moet word met die weergawe van God se orde (die Skrifbeginsels en -voorskrifte) vir die kerk en die bepalinge wat die kerk in opdrag van die Skrif (1 Kor 14:40; NGB, art. 32) mag daarstel nie. Eersgenoemde is gewetensbindend en laasgenoemde nie (kyk 4.3.2.2.4). Die direkte en afleibare goddelike bepalinge is onveranderbaar (Praamsma 1946:8). Maar die menslike bepalinge móét selfs na die eis van plek- en tydsomstandighede veranderbaar wees om in elke nuwe situasie opnuut gehoorsaam te wees aan die opdrag van die Here - juis omdat die kerkorde in die dinamiese gang van die storie geponeer word. Noordsaaklike veranderinge aan die kerkorde is vir Voetius deel van die *aedificatio ecclesiae*. Voetius het volgens Plomp (1978:146) nie 'n vir eens en altyd afgeslote kerkorde-ontwerp gehuldig nie. Die menslike bepalinge, oftewel die regulatiewe bepalinge in die kerkorde is egter nie op 'n afsonderlike 'amps'- of kerkgesag gegrond nie, maar moet gesien word in volkome afhanklikheid aan God se orde vir sy kerk. Ook in hierdie bepalinge wat vanuit die Skrifopdrag op plek- en tydsomstandighede in die dinamiese loop van die storie gerig is, moet in elke onderdeel die gloeiende kern van die heil van die Here gevoel

en besef word (Van Ruler 1972:125). Die kerkorde bly derhalwe geheel en al in diens van God se orde vir sy kerk, wat die enigste grond vir sy bestaan is.

4.3.3.3 ... van die vrede

Omdat God vrede wil, dáárom skeep Hy orde (vgl. Grosheide 1957:378 oor 1 Kor 14:40). Vanweë die vrede moet daar dus orde wees: orde is 'n vrug van die vrede met God (kyk 3.4.3.2.2, iv en 3.4.3.2.3, v). Om gestalte aan dié orde te gee, moet daar in die eerste plek dienste wees wat die vrede van die evangelie kan bedien. Daarom begin die kerkorde met sy verklaring en weergawe van God se orde vir sy kerk nie by die leer van die kerk, òf by die vergaderinge van die kerk nie, maar by die *dienste*, die verkondiging van die Woord, waardeur die kerk as God se nuwe orde in die wêreld gekonstitueer word.

Die vrede met God het vanselfsprekend alles met Christus te make. Sonder Hom kan daar geen vrede met God wees nie. Die vrede met God is daar vanweë die totale lewensherstel (Lk 2:14) as gevolg van die herstelde verhouding met God (Rm 5:1; kyk 4.2.1.4.3; vgl. Ridderbos 1960:219). Vrede is dus die allesbeheersende gevolg van die versoeningsdaad deur Jesus Christus (vgl. Ridderbos 1971:198). En die versoening is nie slegs 'n aanmaning om die vyandige gesindheid teenoor God te laat vaar nie. Nee, dit is 'n radikale, allesveranderende daad van Christus waardeur Hy wie aan Hom behoort letterlik teen wil en dank weer die plek laat inneem waarop hulle deur God "neergesit" is (vgl. Pop 1978:337). Vrede, as dié gevolg van die versoening, is voluit eskatologies bepaald (vgl. Vine s.j : 851): dit is 'n aanduiding van die allesomvattende eskatologiese heilsgawe, naamlik die komende toestand (en verhoudinge) van shālôm waarna die Ou Testament hunker (vgl. Ps 29:11; 35:27; 37:11,37; 72:7; 85:11; 119:165) waarin God weer die onbeperk erkende heerskappy sal hê (vgl. Ridderbos 1955:249).

Aan dié vrede, in dié eskatologiese konteks, is die kerkorde diensbaar. Deur die kerkorde moet die kerkregering op die herstelde verhouding met God afgestem word; anders gestel: juis deur die kerkorde moet die kerkregering aan bande gelê word om nie 'n juridies bepaalde eie wetlikheid in die kerk in te voer wat 'n dwingelandy in die kerk ten gevolg sal hê nie (vgl. Rutgers 1890:39,41). Die kerklike orde is nie 'n sisteem nie en die kerkorde is nie die bron waaruit die kerkreg bedryf moet word nie. Daar mag geen waas van wetlikheid om die kerkorde sweef nie. Die kerkorde is immers die rigtingpyler na God se orde vir sy kerk toe, waaraan die kerk homself en sy handelinge voortdurend moet toets *ter onderhouding van die vrede met God* (vgl. Trimp 1982:105v).

Derhalwe moet die kerkorde in diens van die vrede met God onderhou word: sodat die kerk nie 'n mensgemaakte struktuur word nie; sodat die kerk se organisasie nie in botsing met sy wese, as die nuwe en ware orde van God, kom nie; sodat die vertikale verhouding en die horisontale verhoudinge reg onderhou word; sodat die kerk se uiterlike gelaat in ooreenstemming met sy innerlike doel bly (vgl. Calvin IV,x,27).

4.3.3.4 Samevatting

Die kerkorde in diens van die Ordegewer behels dat die kerkregering nie op menslike oorleg toegewys word nie, maar dat dit op God se wil afgestem en derhalwe onder sy gesag geplaas word. Só kan die kerk met behulp van dié diens van die kerkorde sy roeping as God se nuwe en ware orde in die wêreld uitvoer, want waar sy gesag eerbiedig word, dáár kom die kerk tot stand.

Die kerkorde in diens van God se orde stel die vereiste, naamlik dat die kerkorde in analogie met die direkte ordebepalinge sowel as die beginsels vir ordebepalinge in die Skrif moet wees. Ook in die bepalings van die kerkorde

wat bloot regulatief van aard is, maar noodsaaklik vir die kerklewe moet in elke onderdeel die gloeiende kern van die heil van die Here gevoel en besef word.

Die kerkorde in diens van die vrede stem die kerkregering op die herstelde verhouding met God af. Trouens, vanweë die kerkorde se diensbaarheid aan die vrede met God word die kerkregering juis deur die kerkorde weerhou om 'n eie wetlikheid in die kerk in te voer en 'n menslike dwingelandy te stig.

In een sin: Die relevansie van die kerkorde lê in sy diensbaarheid aan die Ordegewer, aan God se orde vir die kerk en aan die vrede met God en met mekaar.

4.3.4 *Sleutels vir die hantering van die kerkorde*

4.3.4.1 Omlysting

Ons betree nou die grys gebied buite die sfeer van die serebrale logika en blote feite-evaluering: die gebied tussen die kerkorde en die kerklike praktyk. Dit is die gebied waar die toepassing van die kerkorde reeds in die oorweging van 'n saak sy beslag in die mens se hart vind: nie slegs in die *beoordeling* van feite nie, maar in die *wyse* waarop die feite in konteks met al die moontlike samehangende aspekte geïnterpreteer en beoordeel word.

Die kerklike lewe, nader bepaal: die hele Christelike lewe, word midde in die wêreld volvoer. In hierdie wêreld moet Christus se heerskappy oor sy volk sigbaar word. Derhalwe moet God se orde in hierdie wêreld intak gehou word as die houer van die brandende fakkel van God se genade wat in die wêreld nag brandend moet bly. Daarom is die kerkorde op die diversiteit van praktiese situasies afgestem (vgl. Trimp 1982:206; vgl. Van Ruler V 1972:124). Die kerkorde is 'n apparaat vir die hede: die hede in perspek-

tief met én die heilsgeskiedenis én die eskatologiese voleinding van die heilsgeskiedenis. Vanuit die *casus*: (situasie) moet rigting gekry word, sonder om die kerkorde in kasuïstiek te laat opgaan; met ander woorde, sonder om die kerkorde onder die heerskappy van alle moontlik denkbare praktiese situasies te stel. In hierdie grys gebied moet twee begrippe hand aan hand loop: die Hebreeuse *chok^emāh* en die Romeinse *aequitas*. Beide begrippe moet in die lig van die Skrif besien word (vgl. Hubbard 1962: 1334).

4.3.4.2 Chok^emāh

Chok^emāh, dit wil sê *wysheid*, is nie 'n aangeleerde kwaliteit nie, maar 'n gawe van die Heilige Gees waarom daar gebid moet word (Jk 1:5). In die wysheid gaan dit om insig in die menslike karakter, insig in menslike verhoudinge, en dieper gesien, om insig in die samehang van die menslike daad en dit wat deur God beskik is (Van Peursen 1961:626). Maar om die binneste pit te probeer blootlê: wysheid is *insig* in God se genade.

Die begronding van wysheid lê "in die vrees van die Here" (Ps 111:10; Spr 1:7; 9:10). Hierdie uitdrukking het niks met angs te make nie, maar met die dien van die Here met diepe geloofsontsag en -eerbied (vgl. genoemde tekste in Die Bybel 1983-Vertaling). Geloofsontsag en -eerbied is nie slegs aan die kultiese aspek van die Gods-*diens* gekoppel nie, dit hou in die eerste plek verband met die dien van die Here in die praktiese geloofsuitlewing van die daaglikse doen en late (Ps 111:10).

Wysheid is ook 'n eskatologiese seën (Jes 33:6; 11:2) van die Heilige Gees. Deur wysheid begryp 'n mens die verlossing, die voleinding en die mededoë van die Here, maar sonder wysheid leef 'n mens verby die sin van die dinge (Fohrer 1979:485,487vv). Wysheid grens die mens af van die kwaad, dit bring jou in die kader van wat *goed* en *reg* is (Job 28:28). Deur wysheid besef 'n

mens dat God die eintlike *regarder* en *regbeheerster* is, en dat Hy die enigste *regter* is (Dt 32:29). In hierdie konteks is dit ook die wysheid waardeur die regspraak in nederigheid moet geskied (Ps 37:30; Spr 10:31; 11:2).

Waar die kerkorde die beantwoording van die kerk aan die gestelde norme van Christus reël, moet Hy in die toepassing daarvan op die voorgrond te staan kom. Hy is die beliggaming van die wysheid van God (1 Kor 1:24; Kol 2:3; Op 5:12; vgl. Spr 8). "Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing" (1 Kor 1:30).

Sonder volhardende gebede en sonder deurtastende Skrifondersoek, buite die konteks van 'n gehoorsame, diensbare lewe aan die Here waar "die verborgenhede van die geloof" bepeins word (vgl. FBOD:146), word die hantering van die kerkorde die toepassing van kontraktereg. Die hantering van die kerkorde met 'menslike wysheid' loop gevolglik uit op spitsvondigheid, brein-gimnastiek en dwaasheid voor die Here (vgl. 1 Kor 1:18vv; Kol 2:23; Job 37:24; Spr 3:7). Sonder wysheid raak die reg in die kerk van die Here verlore.

4.3.4.3 *Aequitas*

Plomp 1978:139-152) het die ontstaan van die begrip *aequitas* (billikheid) in die Romeinse reg, en die uitbouing daarvan in die teorie van die regs- en wetstoepassing van die *Codex Iuris Canonici* deur die kanonieke reg¹³⁾ tekenend aangetoon. In die kanonieke reg speel die *aequitas* so 'n groot rol, dat volgens die *aequitas praeter legem* 'n regstoepassing gemaak kon word vir 'n situasie waarvoor daar geen wet voorkom nie. Dan moet volgens die *aequitas* gehandel word wat bo die wet uitgaan. En in die naam van die *aequitas contra legem* kan 'n wet selfs ter syde (buite werking) gestel word vir hierdie vorm van *aequitas* het die kanoniste hulle steun by Aristoteles gevind (Plomp 1978:144).

Ook Luther en Calvyn het met die *aequitas*-begrip rekening gehou. Luther

was, verstaanbaar omdat hy die slagoffer van Roomse rigorisme was, wars teen alle wetlike rigorisme (bv WA 6:353). Hy het die *aequitas* as die tempe- raar beskou wat die *rigorem legum* moes terugdring (Luther WA 14:686). Ewen- eens was die *aequitas* vir Calvin nie 'n vreemde en nie 'n onaanvaarbare begrip nie. Teen die einde van die Institusie stel hy dat in alle wette twee dinge onderskei moet word; die *legis constitutio* (die vasgelegde gestalte) en die *aequitas* waarop die *constitutio* steun (IV,xx,9 en 16). Vir Calvin is die *aequitas* in die natuurwet en in die gewete gegee (Plomp 1978:145). Die *aedificatio ecclesiae* is vir Calvin wat die kerklike 'wette' betref, merk Plomp (1978:146) op, identies met die *aequitas*. Calvin, in wie se teologie die 'geregtigheid van God' die blywende substraat vorm, ag die *aequitas* van soveel belang dat hy dit feitlik sinoniem met regverdigheid ag (vgl. III,vii,3). Billikheid (*aequitas*) vrywaar die mens van selfsug omdat dit hom oproep om ook met sy naaste en die gemeenskap rekening te hou (Van Wyk 1984:29).

Ook Voetius was die gedagte van *aequitas* toegeneë. Daarom het hy gewaarsku teen 'n alte starre en rigiede toepassing van kerkordelike bepalings. Daar moet gewaak word dat sulke bepalings nie gelyk gestel word met goddelike wette, en selfs hoër geag word nie. Want dan sou die hoogste reg die hoog- ste onreg word (Plomp 1978:147).

Ten diepste lê die betekenis van *aequitas*, in 'n skriftuurlike konnotasie, in God se geregtigheid: Hy is *vir* sy kerk *teen* die kwaad (ook *in* sy kerk). Sy regspraak moet altyd in terme van sy verbond verstaan word (kyk 3.3.2.2. 3.5 en 3.3.2.2.5): Hy spreek die aangeklaagde vry indien die aangeklaagde sy kind is vir wie Christus reeds die straf gedra het. Sy *billikheid* is geleë in 'n regsverhouding waarin die vonnis die uitspraak as't ware voor- afgegaan het. Vanweë 'n voltrekte vonnis kan daar nou vryspraak wees: dít

is billikheid, Gód se billikheid (vgl. Holwerda 1953:53-68). Kerklike uitsprake moet *billik* wees. Die lidmaat moet nooit los van die kerk gesien word nie, en die kerk moet nooit los van die lidmaat gesien word nie. Die billikheid eis 'n beregting waarin die een nie ten koste van die ander begunstig mag word nie. Die kerkregering (waarin die hantering van die kerkorde betrokke is) se hoogste doel lê in die opbouing van die kerk (*aedificatio ecclesiae*) tot eer van God.

4.3.4.4 *Aedificatio*

Die hantering van die kerkorde hou in dat die rigting vanuit die *casus* met wysheid en billikheid *na God toe* bepaal sal word. Altyd na God toe, want dit is sy eer wat op die spel is. Hierdie rigting beteken vir die kerk: *aedificatio* (Grieks gesê: οἰκοδομή).

So 'n hantering van die kerkorde bring die kerkorde uit die rak van die wetboeke in ooreenstemming met sy doel tereg. Om aan dié doel te beantwoord, het Plomp (1978:140,146) gelyk dat die wysheid en die billikheid in *buitengewone* omstandighede selfs die opheffing van 'n kerkordelike bepaling te weeg kan bring, mits dit natuurlik om die regulatiewe aspek (*circumstantialia*) van die kerkorde gaan.

In die grys gebied tussen die kerkorde en die kerklike praktyk, vóórdat daar met feite-evaluering begin word, begin die toepassing van die kerkorde reeds in *die gebed* om wysheid en billikheid. In dié gebed lê die eintlike sleutel wat die geheim ontsluit waardeur kerkregtelike handeling verhef word bo menslike vindingrykheid, blote debateerkuns en wetlike vaardighede. In alle kerkordelike handeling word 'n geloofsfunksie vervul, nie 'n juristiese funksie nie (vgl. Kamphuis 1966:8). Wie in die interpretasie van die kerkorde 'n bydrae moet maak, én wie in die kerklike regspraak betrokke raak, moet eerstens deurdronge wees van die wete dat dit om die *aedificatio*

van die liggaam van Christus gaan. Daar moet geluister word na die stem van die goeie Herder, want "het diepste geheim van het kerk-zijn (is) niet anders dan het zijn uit de waarheid en het luisteren naar de stem van de Koning" (Van't Spijker 1974:38). In die kerk mag dit nie om kerklike juristery gaan nie, maar om die geestelike bestuurswyse wat die Here ons in sy Woord geleer het (NGB, art.30).

Die toepassing van die kerkorde in die gesindheid en met die gawe van die *chokemāh* en die *aequitas* is 'n sigbare *aedificatio* van die kerk deur die Gees van God waardeur konstitutief uitdrukking aan die ware gestalte van die kerk gegee word as die nuwe, verlore mensheid in Christus, en waardeur funksioneel uitdrukking gegee word aan die betekenis van die koms van die koninkryk van God op aarde. Alle kerkordelike arbeid, só gesien, is 'n wyse van Woordverkondiging (Plomp 1967:9,12,14,15), en ten diepste is dit derhalwe "Ordnung des Heiligen Geistes" (Geiger 1954:31; Van't Spijker 1972: 26v).

4.3.4.5 Samevatting

Die sleutel vir die hantering van die kerkorde word nie gevind in verstandelike vernuf of in menslike orredingsvermoë nie, maar in *chokemāh* (wysheid) en in *aequitas* (billikheid). Wysheid as insig in God se genade is nie 'n aangeleerde kwaliteit nie, maar 'n gawe van die Heilige Gees waarom daar gebed moet word. Billikheid moet in 'n skriftuurlike konnotasie in verband met God se geregtigheid gesien word.

Die hantering van die kerkorde hou in dat die rigting vanuit die *casus* met wysheid en billikheid *na God toe* bepaal sal word. Hierdie rigting beteken vir die kerk *aedificatio* (opbouing). Voordat daar met feite-evaluering begin word, begin die toepassing van die kerkorde reeds in *die gebed* om wys-

heid en billikheid. In dié gebed lê die eintlike sleutel waardeur kerkregtelike handelingte verhef word bo menslike vindingrykheid, blote debateerkuns en wetlike vaardighede. In alle kerkordelike handelingte word nie 'n juristiese funksie vervul nie, maar 'n geloofsfunksie wat die eer van God in die opbouing van die gemeente as hoogste doel het.

4.3.5 *Kort kontras: kerkorde en wet*

4.3.5.1 Oriëntering

Met die kerkorde kan nie op dieselfde wyse as met 'n staatswet (statuut) omgegaan word nie, omdat die kerklike regsuitoefening wesenlik van die staatlike regsuitoefening te onderskei is (Roeleveld 1972:45). Die kerkorde eis vrye gehoorsaamheid uit liefde; die wet dwing nakoming deur strafmaatreëls af. Die kerkorde wys van homself af weg: deur die kerkorde word gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif gereël. Die wet wys na homself: deur die wet word gehoorsaamheid aan die wet as sodanig afgedwing. Die toepassing van die kerkorde word bepaal deur faktore soos geloof, bekering, berou, sowel as omstandighede en motiewe. Die toepassing van die wet vra nie bekering nie en eis nie berou nie, maar eis vergelding vir die harmonisering van belange.

4.3.5.2 Wetsuitleg en wetstoepassing

Daar is verskeie teorieë oor wetsuitleg en wetstoepassing (Du Plessis 1980b:25-27):

- (i) *Die engere teorieë* kom neer op *letterknegtery*. Hiervolgens mag die wetsuitlegger onder geen omstandighede van die letterlike betekenis van die woorde (*ipsissima verba*) van 'n wet afwyk nie. Volgens hierdie beskouing lê die betekenis van 'n wet of wetsbepaling dus geheel en al in die taalkundige betekenis van die woorde wat gebruik word.

- (ii) *Die ruimer, kontekstuele teorie* poog om aan die eis van funksionaliteit by wetsuitleg en sy gevolge te voldoen. Om dié oogmerk te bereik, word die wet in 'n bepaalde, ruimer konteks geplaas en die letterlike betekenis van die woorde dienooreenkomstig aangepas.
- (iii) *Die vrye of judisiële benadering* lê die verantwoordelikheid op die wetsuitleggers (dit wil sê die regsprekers) wat, na die eis van omstandighede, die betekenis van 'n wet interpretatief bereken.
- (iv) *Die bedoelingsteorie* is 'n bepaalde teorie onder die noemer "Die vrye of judisiële benadering" waarop hier by name gewys moet word. Vandag is hierdie teorie volgens Du Plessis (1980b:36), nog die gangbaarste juridiese uitlegteorie in Suid-Afrika. Volgens hierdie teorie gee die ideë 'agter' die woord of die sin aan daardie woord of sin betekenis. Die kritiek op hierdie teorie is egter dat woorde nie altyd die spreker se bedoeling weergee nie en tog is sulke 'gebrekkige' woorde nie betekenisloos nie. Teen hierdie teorie verklaar Wiechers (weergegee deur Du Plessis 1980b:38) dat dit by die uitleg van 'n wet nie om 'n soeke na die bedoeling van die wetgewer gaan nie maar om die aanwending van reëls ter vasstelling van die betekenis van 'n wet.
- (v) Du Plessis ontwikkel 'n *normatief-kontekstuele transponeringsteorie* (1980b:39vv): Hierdie teorie kom daarop neer dat die bedoeling van die wetgewer kontekstueel geïnterpreteer moet word teen die agtergrond van *wat 'n wet is* binne die kader van sy *samehangsre-lasies*.

Maar wat is 'n wet? Du Plessis (1980b:35) doen aan die hand: "*'n Wet (of statuut) is 'n geskrewe, deur 'n kompetente orgaan gepositiveerde norm(-kompleks) en is as sodanig 'n onderdeel van 'n normatiewe orde van beskerming waarbinne subjekte met 'n status amptelik geborg word*". Hiervolgens moet die volgende wesenskenmerke van 'n wet onderskei word (Du Plessis 1980b:40):

- (i) 'n Wet word deur 'n kompetente orgaan (in 'n menslike samelewings-instelling) gepositiveer.
- (ii) 'n Wet is 'n onderdeel van 'n normatiewe orde van beskerming.

(iii) 'n Wet borg subjekte met 'n status amptelik .

Wette fungeer in 'n wye veld van *samehangsrelasies*. Du Plessis (1980b:35) dui op enkeles:

- (i) 'n Wet geld naas en in samehang met 'n veelheid ander wette wat deur die hoëre eenheid van die regsorde omvat word (samehang tussen wet a, ander wette én die geheel van die regsorde).
- (ii) 'n Wet geld slegs binne 'n bepaalde gebied of ten aansien van bepaalde persone (samehang tussen wet a en territoriale of persoonale "ruimte").
- (iii) 'n Wet beliggaam die wil van 'n wetgewer (samehang tussen wet a en die psigiese ingesteldheid of bedoeling van die wetgewer).
- (iv) 'n Wet reflekteer 'n bepaalde logika (samehang tussen wet a, die algemene gangbare juridiese- en wetgewerslogika).
- (v) 'n Wet het 'n bepaalde historiese plek in 'n regsorde (samehang tussen wet a en die geskiedenis van die regsorde).
- (vi) 'n Wet stel regssubjekte op 'n bepaalde wyse verantwoordelik teenoor mekaar (samehang tussen wet a en die etiese pligselement in die onderlinge verkeer tussen statusdraers).

Volgens die *normatief-kontekstuele transponeringsteorie* van Du Plessis moet die volgende by wetsuitleg en wetstoepassing in ag geneem word (Du Plessis 1980b:42v; 1981b:215-217):

- (i) dat 'n wet in sy geheel gesien word;
- (ii) in aanmerking geneem word dat taal die grondliggende betekenismedium is en dat die interpretasie van woorde volgens hulle gewone betekenis verdiskonteer word;
- (iii) dat wette regsrag het en derhalwe nie na die goëddunke van die wetsuitlegger geïnterpreteer word deur byvoorbeeld woorde of sinne by 'n wet in te lees nie en dat algemene woorde algemeen verstaan moet word ten einde 'skuiwergate' in die toepassing van die wet

te vermy. Indien die wet egter niks sinvol is ten opsigte van 'n bepaalde konkrete situasie sê nie, kan die wetsuitlegger met behulp van woordwysigende uitleg die wet 'iets laat sê';

- (iv) geen woorde of sinsnedes in 'n wet word onnodig gebruik nie en derhalwe moet die woorde wat daar staan geïnterpreteer word.

Uit die teorieë van wetsuitleg en -toepassing blyk dat 'n wet 'n selfstandige regsdraende entiteit is. 'n Wet het op sigself regskrag wat deur wetsinterpretasie van toepassing gemaak word. Die wet se gesag setel in homself *vanweë* die owerheid wat as die kompetente regsorgaan sy bedoeling in die wet vasgelê het. Alle wetsuitleg en -toepassing het ten doel om die *bedoeling* van die owerheid korrek weer te gee en in die praktyk te laat geld.

4.3.5.3 Kerkordetoepassing

Omdat die kerkorde nie 'n 'wet' is nie en sy 'regsgeldigheid' derhalwe nie in homself geponeer is deur 'n menslike outoriteit soos in die geval van 'n wet nie (kyk 4.3.5.2) maar omdat die kerkorde as 'n heenwyser (of 'n rigtingpyler) van homself af weg wys na die eintlike "wet" (God se Woord), kan die kerkorde nie as 'n bundel statute hanteer word nie. Die kerkorde is nie 'n wetboek met 'n aantal statute op welke oortreding allerlei strafmaatreëls in werking gestel word nie, maar 'n ordereëling ter toepassing van die beginsels wat God se Woord direk gee en indirek deur die kerkreg af te lei is met die allesbeheersende uitgangspunt dat Christus die Hoof van sy kerk is en dat alleen sy bevelle gewetensbindend is (Hovius 1962:14). Dit beteken dat dit in die kerklike regsuitoefening nooit om oortredinge van die kerkorde gaan nie- soos wat dit in die wêreldlike regsuitoefening wel om oortredinge van die staatswette gaan. Die kerkorde bevat die *quod* (die Skrifbeginsels) en is sodoende die beginseldraende *modus quo* waardeur die kerk op Skrifgronde opgebou moet word. 'n Oortreding van die kerkorde is dus slegs 'n oortreding in soverre dit 'n oortreding van die Heilige Skrif is,

terwyl 'n oortreding van 'n wet (in die lig van 4.3. 5.2) op sigself 'n oortreding is (Smit 1984a:101).

Dit beteken nie dat die kerkorde geen 'regskrag' het nie. Dit beteken wel dat die kerkorde se regskrag nie in homself, vanweë die kerkraad saam met die kerkrade in sinode setel nie, maar in die *Woord van God*. Derhalwe moet die kerkorde nie as 'n selfstandige regsdraende entiteit toegepas word nie, maar dit moet in sy afhanklikheid en samehang met die Skrif toegepas word. Dit is waar die *chokmah* en die *aecuitas* ter sprake kom (kyk 4.3.4).

Perspektief: Pienaar het aan die hand van ter sake hofuitsprake (1982: 242vv) aangetoon dat die geregshoue in Suid-Afrika die regsposisie van kerke, op die beginsel van die Engelse kerkreg, op dieselfde grondslag as "dié van jokkieklubs, sportverenigings en sosiale verenigings" hanteer (Pienaar 1982:244v). Hy stel die indringende vraag of dit billik is dat die Suid-Afrikaanse regspraak sonder meer op die standpunt staan dat alle kerke vrywillige verenigings is sonder om op die wese van elke kerk en die optrede van sodanige kerk in die regsverkeer te let. Hy merk dit as inkorrek in die Suid-Afrikaanse regspraak aan om kerke in Suid-Afrika as vrywillige verenigings wat op kontrak berus, te tipeer (Pienaar 1982: 245).

Volgens hierdie benadering van die Suid-Afrikaanse houe word 'n kerklike saak wat buite die grense van die interne verbandsreg van die kerk aan die algemene regspraak vir toetsing en beslegting voorgelê word, gewoonlik aan die *wetlike* toepassing van die betrokke kerk se kerkorde gemeet. Die besondere beskouing van die aard, die fungering en die toepassing van die kerkorde word nie onderskeidend in ag geneem nie.

Om in hierdie verband reg te laat geskied sou die Suid-Afrikaanse houe

hulle sekerlik moet berouwe van die beskoning waarvolgens die kerkorde in die Gereformeerde kerke nie as 'n wetboek hanteer word nie, maar as 'n *heenkomsing* na die Skrif. Die vraag wat dan in die geding kom, is nie of die betrokke party *wetlik* volgens die kerkorde gehandel het nie, maar of die betrokke party die kerkorde met *opregtheid* en *billikheid* in die lig van die Skrifbeginsels ten opsigte van die spesifieke situasie toegepas het.

4.3.5.4 Samevatting

Die kerkorde mag nie op dieselfde wyse as 'n staatswet hanteer word nie. 'n Wet (statuut) het regsrag in homself en dwing derhalwe nakoming deur strafmaatreëls af. Uit die teorieë van wetsuitleg en -toepassing blyk dat die wetuitlegger hom ten doel stel om die *bedoeling* van die wetgewer korrek weer te gee en in die praktyk te laat geld.

Hierteenoor is die kerkorde geen wet nie. Die kerkorde bevat die *quod* (die Skrifbeginsels) en sodoende die beginseldraende *modus quo* waardeur die kerk op Skrifgronde opgebou moet word. 'n Oortreding van die kerkorde is dus slegs 'n oortreding in soverre dit 'n oortreding van die Heilige Skrif is, terwyl 'n oortreding van 'n wet op sigself 'n oortreding is.

Dit beteken nie dat die kerkorde geen 'regsrag' het nie. Die kerkorde se regsrag setel in die Woord van God waarvan die kerkorde 'n verklaring en 'n weergawe van die regsordelike beginsels vir die kerk bied. Derhalwe moet die kerkorde nie as 'n selfstandige regsdraende entiteit toegepas word nie, maar dit moet in sy afhanklikheid en samehang met die Skrif toegepas word.

Om in hierdie verband reg te laat geskied sou die Suid-Afrikaanse howe

hulle sekerlik moet vergewis van dié beskouing, waarvolgens die kerkorde in die Gereformeerde kerke nie as 'n wetboek hanteer word nie.

4.3.6 Oorsigtelik: 'n sekondêre funksie

Die Bybel mag nie toegemaak word waar die kerkorde geopen word nie. Trouens, wáár die kerkorde ter hand genceem word, moet die Bybel geopen word. Die kerkorde is geen *Codex Iuris Canonici* nie. Die kerkorde is afhanklik van die Skrif. In werklikheid wil die kerkorde vir die doel van die kerkorganisasie en die kerkregering niks anders wees as die kerklike weg na die Heilige Skrif toe nie.

Die kerkorde skep nie die kerklike dienste ('ampste') nie, maar gee dit weer. Die kerkorde konstitueer nie die kerklike vergaderings nie, maar gee ordelike beslag daaraan. Die kerkorde stel nie die Woordverkondiging en die sakramentsbediening daar nie, maar beveilig en handhaaf dit. Die kerkorde beveel nie die kerklike tug nie, maar sistematiseer dié Skrifopdrag tot kerklike prosedure. Die kerkorde skep nie die kerkinstituut nie, maar handhaaf die Skrifbeginsels (w.o. diensinstelling, Woord- en sakramentsbediening en tugtoepassing) en gee dit weer, waarvolgens die kerk se sigbare gestalte in die wêreld 'vorm' kry (Smit 1984b:43v).

Die kerkorde stel die kerkinstituut voor sy skriftuurlike infrastruktuur ter wille van sy gehoorsaamheid, ordelikheid, doeltreffendheid, kontinuiteit en regsekerheid (vgl. Trimp 1982:206). Maar die kerkorde stel die kerk ook voor die waarheid van sy bestaan en sy roeping tot kerkwees in die wêreld. Die kerkorde herinner die kerk daaraan dat hy die draer en die beskermer van die waarheid is (1 Tm 3:15), en hy beveilig 'n kerklike ruimte vir die kerk waarbinne die kerk die beskermer en draer van die waarheid op 'n kerklike wyse in die wêreld kan wees.

Die kerkorde stel die kerk voor die eis dat hy in die vryheid van die waarheid sal leef en nie in die benepenheid van 'n eie wetlikheid nie. Die kerkorde staan in diens van die geestelike wasdaom van die kerk: dit is die beveiliging en bekragtiging van die *aedificatio* van die liggaam van Christus, juis omdat dit daargestel is om die kenmerke van die ware kerk in die kerkwees te vergestalt. Die kerkorde is bedoel as 'n middel om te sorg dat die kerk ware kerk bly, dit wil sê dat die kerk as die herskape mensheid bly leef by die leer van genade alleen, geloof alleen en die Skrif alleen. So gesien dien die kerkorde in sy wydste betekenis tot beskerming van die drie sola's van die reformasie: *sola gratia*, *sola fidei*, *sola scriptura* (Van't Spijker 1984b:1,3).

Daarom moet van die kerkorde nie 'n afsonderlike stel reëls gemaak word, los van die Heilige Skrif nie. Die kerkorde is die kerk se visie op 'n normatiewe beeld van sy eie gelaat uit die Heilige Skrif. Die kerkorde stel die kerk voor sy historiese afgrensing van die wêreld, maar dit stel die kerk óók voor sy eskatologiese oorwinning oor die wêreld (Smit 1984b:44).

Waar die kerkorde se lewensnoodsaaklike basis die Heilige Skrif is, is die belydenis, die kerkreg en die kerkordelike storie die onmisbare kontekste waarbinne die kerkorde figureer. Bondig geformuleer:

Die kerkorde word deur die Heilige Skrif *gefundeer* en daarin via die belydenis *genormmeer*; die kerkorde word deur die kerkreg *geformeer* en *geprogrammeer*; die kerkorde word deur sy geskiedenis *gesitueer*.

Buite-om dié kontekste word die kerkorde 'n reglementebundel en die hantering daarvan beoefening van puur positiewe reg. Verhef bokant sy *diensfunksie* verval die kerkorde se bestaansreg. Maar in sy diensknegsgestalte het die kerkorde 'n noodsaaklike plek: vóór die aangesig van die Koning van die kerk tot sy diens in die opbou van sy kerk.

Die eie glorie van die kerkorde is sy sekondêre funksie.

4.3.7 *Peiling*

Dit is noodsaaklik om 'n onderskeid in God se orde vir sy kerk te maak:

(i) sy orde as normatiewe voorskrif en (ii) die kerk as sy orde. Verder moet daar ook 'n duidelike onderskeid tussen God se tweevoudige orde soos geopenbaar in sy Woord en die kerkorde gemaak word. Die kerkorde is die kerkregtelike 'bediening' van die voorskrifte en ordereëlins in die Skrif wat as die Here se opdrag aan die kerk gegee word. So gesien is die kerkorde die vrug van kerkregtelike navorsing en verklaring van God se orde vir sy kerk.

Die kerkorde is in 'n sekere sin self Woordverkondiging met die doel om die Woordverkondiging in sy wye spektrum te beveilig. Daarom is die kerkorde 'n hulpmiddel vir die kerkregering in die opbouing en begrensing van die kerk. As sodanig het die kerkorde 'n pastorale funksie om as 'n hulpmiddel daartoe te dien dat elkeen wat aan God behoort sy plek by Hom behou. Maar die kerkorde is geen selfstandige regsdraer met eie gesag nie. Die kerkorde mag daarom ook nie soos 'n wet toegepas word nie. Die kerkorde wys, in teenstelling met 'n wet, weg van homself na die eintlike wet wat slegs in hom verklarend saamgevat, gesistematiseer en weergegee word, naamlik die Woord van God. Omdat die Woord egter nie 'n blote 'wetboek' is nie, is die kerkorde noodsaaklik vir die kerk. Daar sal vanselfsprekend inhoudelike differensiasie in kerkordes voorkom. Maar dié differensiasie behoort kerkordes nie teen mekaar te kontrasteer nie, omdat dit 'n differensiasie in praktiese regulatiewe aangeleenthede behoort te wees en nie wat die prinsipiële inhoud betref nie.

Die diensfunksie van die kerkorde ontplooi in diens van die Ordegewer,

in diens van God se orde en in diens van die vrede. Hierdie diensfunksie gee aan die kerkorde sy relevansie vir die kerk.

Die hantering van die kerkorde moet met wysheid en billikheid geskied. Om wysheid en billikheid moet daar gebed word. Daarom lê die sleutel vir die hantering van die kerkorde ten diepste in die gebed. Hier buite-om ver- val die toepassing van die kerkorde op sy minste tot rigorisme en regle- mentisme waardeur die geloofslewe gekortwiek word, en op sy ergste tot mens- like juristery waardeur die geloof gedoof word. Die kerkorde moet met wysheid en billikheid hanteer word, sodat God vereer word en dít in die op- bouing van die gemeente sy neerslag vind.

Die kerkorde se funksie is derhalwe 'n sekondêre funksie. Die kerkorde skenk nie die genade nie, bewerk nie die geloof nie en stel nie die Skrif daar nie. Maar die beveiliging van die drie sola's van die reformasie word deur die kerkorde verwesenlik. *Alleen die genade, alleen die geloof, alleen die Skrif*, is die drie wagwoorde waaromheen die funksie van die kerkorde vol- trek word. Só help die kerkorde om die kerk op te bou. Tot eer van God. En in sy diens.

4.4 BALANS

4.4.1 *Inleiding*

Om tot 'n logiese voltooiing van die studie te kom, word die lyne uit die Afdeling 'Aktueel-Funksioneel: kerkreg en kerkorde', wat op sy beurt weer logies uit die voorafgaande afdelings vloei, hier saamgeknoop.

Die bepaling van die juiste verhouding kerkreg en kerkorde is noodsaaklik vir die regte hantering van die kerkorde, maar dit is veral noodsaaklik vir die hele institusionele gestalte van die nuwe mensheid. Die verhouding kerkreg en kerkorde bepaal in 'n groot mate of die kerkreg ooreenkomstig God se Woord en op gesag daarvan uitgevoer word en of dit volgens menslike besluit op gesag van die meerderheidstem in die kerklike vergaderings uitgevoer word.

Indien daar nie behoorlik tussen kerkreg en kerkorde onderskei sou word, en die twee komponente in die juiste verhouding tot mekaar besien sou word nie, bly dit 'n wesenlike gevaar dat die kerkregtelike praktyk in 'n regspositiwistiese rigting kan opgaan. Dit kan daartoe lei dat van menslike beskuite goddelike reg gemaak word.

Om die sirkel te voltooi, word die lyne uit die eerste afdeling, 'Ekumenies-Prinsipieel' hier aan die knooppunt tussen kerkreg en kerkorde gebind. Die onderskeie kerkregeringsbeskouings word dan getoets aan die juiste siening van die verhouding, kerkreg en kerkorde. Daarna kan die eindkonklusies in die 'Besluit' aangebied word.

4.4.2 *Die verhouding kerkreg en kerkorde*

Indien die kerkorde die bron sou wees waaruit kerkreg afgelei moet word, sou die kerkorde daarmee verselfstandig word tot 'n selfstandige regsdra-

ende entiteit. Prakties sou die kerkorde dan gelyk aan 'n wet (statuut) gestel word (vgl. 4.3.5.2). Daarmee word die kerkvergaderings tot wetgewer in die kerk van die Here verhef. Só 'n beskouing kom geheel en al op die *regspositiwisme* neer (vgl. 4.2.1.2.2.2): die bevoegde regsorgaan poneer 'n aantal regsreëls vir die kerk in die kerkorde; die kerkorde word 'n wet; en 'die reg' word uit die wet afgelei en daardeur genormeer. Op die wyse word die kerkvergaderings die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk van die Here.

Indien die kerkorde aan die ander kant prinsipieel van die kerkreg geskei word, byvoorbeeld in die siening dat die kerkorde nie 'n weergawe van sekere Skrifbeginsels is nie, dán word die kerkorde ook losgemaak van die Skrif. Dit beteken dat die kerkorde eweneens 'n stel menslike reëls vir die kerk word en dat dit soos 'n kontraktuele ooreenkoms tussen kerke wat mekaar in die kerkregering behulpzaam wil wees, fungeer. Daarmee word die essensiële bepalings in 'n kerkorde gedevalueer tot 'n praktiese utiliteitsooreenkoms: die kerkorde word 'n 'kerkkontrak' wat eweneens op regspositiwisme gebasseer is (vgl. Smit 1984a:71).

Kerkreg en kerkorde moet onderskei word, sonder om dit geheel en al te skei. As wetenskap is kerkreg die dissipline wat die beginsels vir die instituering, die organisasie en die regering van die kerk navors, verklaar en toepaslik vir die kerkregering maak (kyk 4.2.1.6.10). Hierdie "toepaslik maak vir die kerkregering" het die kerkorde as vrug (kyk 4.3.2.2.1). Die kerk moet as die gemeenskap van herstelde mense, dit wil sê as 'n herstelde regsgemeenskap, só saamgestel, ingerig en regeer word as wat dit vir God goed en reg is. In die kerk as 'n herstelde regsgemeenskap moet die herstelde verhouding van God se volk met Hom en met mekaar sigbaar tot uiting kom. Daarvoor is dit noodsaaklik dat die kerkreg Skrif-

navorsing moet wees wat deur die kerkregering met behulp van die kerkorde toegepas en gehandhaaf word. Dit beteken dat die kerkreg die Skrifnorm vir die kerkorde stel (kyk Smit (1984a:71)).

Omdat die bediening van Skrifbeginsels nie van die Skrifbeginsels self geskei kan word nie, is die kerkorde die beginseldraende *modus quo* waardeur God se reg in die kerk beoefen word. As *modus quo* (die metode) bevat die kerkorde dus noodwendig die *quod* (die inhoud, die beginsels) wat daardeur aan die orde gestel word. Die kerkorde is dus nie 'n blote 'handleiding' of 'metodiek' wat deur die kerke regspositiwisties bepaal word nie, maar dit is die weergawe van die Skrifbeginsels vir die kerkinstituering, kerkorganisasie en kerkregering in 'n konkrete gesistematiseerde styl as vrug van die kerkreg (vgl. Van der Linde 1978b:66). Weer eens moet benadruk word dat die kerkorde nie die reg van God en die heerskappy van Christus oor sy kerk *is* nie (kyk 4.3.2.2), maar dat die kerkorde niks minder is nie as die kerkregtelike ontwerp waardeur dié reg en dié heerskappy beveilig word. Derhalwe is die kerkorde die *modus quo* waarin die *quod* van God se orde vir sy kerk vervat word.

4.4.3 *Dié verhouding in die kerkregeringstelsels*

4.4.3.1 Die Roomse kerkregeringstelsel

In die Roomse kerkregering word die kerkreg geheel en al uit die 'kerkorde' afgelei. Die *Codex Iuris Canonici* word met God se reg vir sy kerk vereenselwig, daarom het die *Codex* 'n selfstandige bestaansreg naas die Skrif, op die keper beskou selfs bó die Skrif (kyk 2.2.2). Die *Codex*, as beliggaming van die goddelike reg, rus op die leer van die pous se onfeilbaarheid. Die pous is die werklike bepaler van die 'goddelike reg', soos wat dit in die *Codex* geformuleer is (kyk 2.2.3).

Omdat die 'kerkorde' in die Roomse kerkregering losgemaak word van die Skrif, word hierdie kerkregering 'n monargie buite-om die Skrif. Die negering van die Woord van God as die enigste bron en norm vir die kerkreg bring mee dat die Woord (as bron en norm vir die kerkreg) met die *Codex* vervang word. Derhalwe word die *Codex* met wetlike, ja, met goddelike gesag bekleed (kyk 2.2.4).

Die gevolg van die verheffing van die *Codex* tot normatiewe bron vir die kerkreg is dat daar 'n outoritêre beskikking oor die kerk van die Here buite-om die Woord ingevoer is. Kerkreg word sodoende 'n juridiese sisteem wat deur 'n menslike outoriteit, as kerklike monarg vir die kerk van die Here bepaal word (kyk 2.8.1).

Die verheffing van die 'kerkorde' as bron vir die kerkreg het in die Roomse kerkregering die basis vir 'n menslike dwingelandy ingevoer wat vreemd aan God se Woord is.

4.4.3.2. Die Lutherse kerkregeringstelsel

Vanweë Luther se twee-ryke-leer as die binneste pit van 'n verskeidenheid faktore (kyk 2.3.4, veral aantekening 3 en 4) het hy die kerkreg en die kerkorde hoofsaaklik aan die staatsowerheid oorgelaat. In die Lutherse beskouing is dié gedagte tot en met Sohm (rondom die eeu-wenteling) sonder beduidende teësprak gehandhaaf. In dié tydvak is alle kerkordelike arbeid onder die gesag van die staatsowerheid uitgevoer. Kerkreg is as 'n onderdeel van die staatlike reg beoefen en 'kerkorde' was in feite die regspositiwistiese staatsbepalinge (statute) vir die kerk wat sy institusionele en regsordelike sy betref (kyk 2.3.5).

Na Sohm is daar vanaf die eerste helfte van hierdie eeu op teologiese gebied geworstel om kerk en reg met mekaar te versoen (kyk 4.2.1.5.4).

Die oplossings wat 'n hele aantal teoloë aan die hand doen, kom oor die algemeen weer daarop neer dat die kerkreg regspositiwisties vanuit die mens geponeer moet word (kyk 4.2.1.5.4 en 4.2.1.5.6).

Omdat die kerkreg en die kerkorde in die Lutherse beskouing aanvanklik losgemaak is van die Woord van God, het die kerkreg as 'reg' onder die juridiese vakke te berde gekom, die kerkregering is onder die staatsowerheid gesorteer en die kerkorde het 'n 'wet' geword. Sodoende is van die kerkorde die bron vir die kerkreg gemaak met 'n gevolglike regspositiwistiese kerkregering (kyk 2.3.4; 2.3.5; 2.3.6 en 2.8.2).

4.4.3.3 Die Erastiaanse kerkregeringstelsel

Erastus het die kerkreg en die kerkorde volkome aan die staat oorgegee. Vir hom was die staatsowerheid die setel van alle aardse gesag. Die gevolg hiervan is dat die kerkorde in die Erastiaanse kerkregeringstelsel deur die staat as 'n kerkwet ingestel en toegepas word (kyk 2.4.3 en 2.4.4). Derhalwe word die kerkorde ook hier as die bron en norm vir die kerkreg bepaal. Die gevolg is eweneens 'n regspositiwistiese kerkregering waarin die regsorde van die kerk deur die regerende staatsowerheid bepaal word (kyk 2.4.5 en 2.8.2).

4.4.3.4 Die Kollegialistiese kerkregeringstelsel

In die kollegialisme fungeer die 'hoogste gesagsliggaam' van die kerk as die wetgewer. Die kerkorde word op 'n regspositiwistiese wyse geponeer deur uitdrukking aan die meerderheidswil te gee. Omdat die gesag uit die 'outonome wil' van 'vrye individue' aan die Sinode oorgedra word, bepaal die Sinode die kerkorde as 'n 'kerkwet' en sien toe dat dit uitgevoer word. Die Sinode het die beslissende gesag oor alle kerklike sake en hy voer dit by wyse van bepalinge, reglemente en sinodale uitsprake uit.

Die kerkverband word 'n oorkoepelende 'kerkgenootskap' wat wetlik aan die kerkorde onderhewig is (kyk 2.5.3 en 2.5.4).

In die kollegialisme word die kerkreg eweneens uit die kerkorde (as die 'kerkwet' bedryf). Dié kerkregering word derhalwe ook regspositiwisties vanuit 'n sinodokrasie bepaal (kyk 2.8.3).

4.4.3.5 Die Kongregasionalistiese kerkregeringstelsel

In die kongregasionalisme word die soewereiniteit van die gemeente beklemtoon. Die outonomie van die gemeente hou in dat geen meerdere vergadering, of enige ander instansie, besluite kan neem wat vir die gemeente bindend is nie (kyk 2.6.3). Ten diepste lê die grondslag vir die gemeentesoewereiniteit, sóos met betrekking tot die kollegialisme, in die vrye wil van die mens. Waar die 'gesags-oordrag' van die 'vrye individu' in die kollegialisme 'n sinodokrasie ten gevolg het (kyk 2.5.3 en 2.5.4), het dit in die kongregasionalisme, vanweë 'n onderbeklemtoonde beoefening van 'kerkverband', 'n dominokrasie ten gevolg (kyk 2.6.3).

Omdat die 'congregation' volkome alle gesag oor homself het (kyk 2.6.4), bepaal hyself die reg en die orde wat vir hom kragtens die Woord van God moet geld. Die gevolg hiervan is dat elke gemeente prinsipieel sy eie kerkorde kan bepaal. In die praktyk dien veral die *Cambridge Platform* as die bron waaruit die kerkreg gevorm moet word (kyk 2.6.2). Omdat kerkreg en kerkorde geskei word, met die gevolg dat die kerkreg merendeels uit die kerkorde afgelei word (vgl. 2.6.3; 2.6.4; 2.6.5), is daar eweneens onmiskenbare sprake van regspositiwisme in die kongregasionalistiese kerkregeringstelsel.

4.4.3.6 Die Presbiteriale kerkregeringstelsel

Hierdie kerkregeringstelsel is gebasseer op Calvin se kerkregeringbeskou-

ing (kyk 2.7). Die uitgangspunt in sy denke oor die kerk is die Hoofskap van Jesus Christus. Hy is die volstreekte Regeerder van die kerk (kyk 2.7.2 en 2.7.3). Die regering voer Hy deur die Woordverkondiging uit, by monde van sy dienaars wat Hy daarvoor bekwaam en daartoe roep (kyk 2.7.4). Omdat die kerk geheel en al aan Hom behoort, mag daar geen gewetensbindende 'wette' wat op menslike goëddunke berus, in die kerk ingevoer word nie.

Kerkorde kan in dié beskouing nie as 'n selfstandige regsdraende entiteit naas die Woord van God beskou word nie (kyk 2.7.3). Derhalwe is die kerkorde ook geen wet nie. Die kerkorde is die weerklank van die Skrifbeginsels vir die instituering, organisasie en regering van die kerk. Sodoende word die kerkreg in hierdie beskouing nie van die kerkorde herlei nie. Die kerkreg is die Skrifnavorsing en verklaring waardeur die kerkorde tot stand kom. Via die kerkreg word die kerkorde in die Skrif gefundeër. Derhalwe is die kerkreg die sekondêre bron vir die kerkorde. Die Woord van God bly die hoogste en enigste gesagsbasis vir die kerkorde wat as 'n hulpmiddel tot die ordening van die kerk van die Here (kyk 4.3.2.2.4) daargestel moet word.

4.4.4 *Samevatting*

Indien die kerkorde verhef word tot die bron waaruit kerkreg beoefen word, word die kerkregering niks anders as regspositiwisme nie. Die reg vir die kerk word dan bepaal uit die 'wet' (die kerkorde) wat deur die mens self geponeer is. Die 'hoogste gesagsliggaam' van die kerk word die kerk se wetgewer en derhalwe die bepaler van die reg en die orde vir die kerk.

In die Roomse kerkregeringstelsel setel die hoogste gesag van die kerk op aarde in die kerkmonarg, naamlik die pous. In die Lutherse en die Erastiaanse kerkregeringstelsel setel die gesag oor die kerk in die staats-

owerheid. In die kollegialistiese kerkregeringstelsel setel die gesag oor die kerk in die sinode. In die kongregasionalistiese kerkregeringstelsel setel die gesag in die 'congregation', die gemeente. In die presbiteriale kerkregeringstelsel word God as die enigste Gesagsvoerder in sy kerk erken, en in dié kerkregeringstelsel word getrag om praktiese uitvoering aan die uitgangspunt te gee deur die juiste verhouding tussen kerkreg en kerkorde te handhaaf (kyk 2.8).

In die Roomse-, die Lutherse-, die Erastiaanse-, die kollegialistiese- en die kongregasionalistiese stelsels fungeer die kerkregering op sterkte van 'n 'kerkorde' wat as wet vir die kerk geponeer is. Op die keper beskou, is dit die grootste gemene deler van die genoemde kerkregeringstelsels, naamlik dat die kerkorde die bron vir die kerkreg is en dat die kerkregering derhalwe op grond van die kerkorde-as-'wet' 'n regspositiwistiese bedryf word. Met hierdie beskouing van die verhouding kerkreg en kerkorde word wesenlik nie gevra wat die Here in sy Woord vir sy kerk met betrekking tot die kerkregering verorden nie, maar wat die kerkorde as as wet vir die kerk bepaal.

Hierteenoor stel die presbiteriale kerkregeringstelsel die kerkorde in afhanklikheid van en in samehang met die Skrif. Deur die kerkreg word die kerkorde deur navorsing van die Skrif vir die kerkregering daargestel. Sodoende word die kerkorde deur die kerkreg (via die belydenis) in die Skrif gefundeer en genormeer. Dit maak 'n kerkregering moontlik waarin die kerk die stem van sy Koning kan herken en onder sy heerskappy kan buig. Hiermee word geensins gesê dat hierdie stelsel die volmaakte een is wat nie ook deur die sonde vertroebel word nie. Maar hiermee word wel gesê dat hierdie nie 'n regspositiwistiese kerkregeringstelsel is wat uit 'n menslik geponeerde 'kerkwet' afgelei word en waardeur die kerkregering aan menslike beslissing uitgelewer word nie.

Hoewel 'n Skrifgebonde kerkregeringstelsel nie 'n waarborg vir die geloof is nie, is dit wel 'n beveiliging vir die Woordverkondiging en 'n gevolglike gehoorsame kerklike lewe waarin getrag word om God te verheerlik - op die wyse waarop Hy dit verorden het.

A A N T E K E N I N G E

Aantekeninge by 4.1: VERKENNING

1. Die wetenskappe kan ook nie in 'n soort fakulteite-geometrie dusdanig geïsoleer word dat 'n bepaalde onderwerp (wat bv. vir meer as een wetenskap van vakwetenskaplike belang is) slegs op die wyse van een bepaalde wetenskap benader word nie (Van Ruler 1973:127). In elk geval is dit onhoudbaar dat die kerkreg en die regsfilosofie, wat beide die reg as navorsingsgebied het, in gekompartementeerde kokonne langs mekaar bestaan sonder om hoegenaamd kennis van mekaar se navorsingsresultate te neem: "Daar bestaan 'n samehang tussen die onderskeie dele van die menslike kennis - van die wetenskap. Hierdie samehang moet bestudeer word ..." en as die wonderlike samehang van God se werke in besonderhede blootgelê word (Van der Linde 1980/81:5). Dit kan inhou dat 'n bepaalde onderwerp op die wyse van meer as een wetenskap blootgelê móét word om die wese daarvan in sy samehange, sy omvang en sy kern te peil.

Waar in die ondersoek van navorsingsgegewens in die regsfilosofie, by name die wysbegeerte van die wetsidee gebruik gemaak sal word, sal dié vakterminologie ook plek-plek deurslaan as die gevolg van 'n gebrek aan teologiese alternatiewe.

Aantekeninge by 4.2: KERKREG IN DIE LIG VAN GOD SE REG VIR SY KERK

By 4.2.1.2.1

1. Die *regsidee* het met die reg soos wat dit behoort te wees te make, in onderskeid met die *regsbegrip* wat 'n beeld van die reg bied soos wat dit is (Van Zyl & Van der Vyver 1982:110).

2. (i) πρῶτον
- (ii) φῦσικόν
- (iii) κοινόν
- (iv) ἀγαθόν
- (v) ἄγρᾱφον

3. Die standpunt dat die kerklike ordening sonder meer bindend is, al sou dit in stryd met God se Woord wees, rus ten diepste op die uitgangspunt dat die reg bepaal word, én setel, in die bevoegde regsorgaan van die kerk. Indien dié "geldende, bindende reëls", wat strydig met die Woord is, nie eers weer deur die bevoegde regsorgaan gewysig of herroep word nie blý hulle klaarblyklik op sterkte van die regstigter regsgeldig (o'B.Geldenhuys 1951: 20v). M.i. setel die reg nie in die bevoegde regsorgaan (die kerkraad) nie, maar in God se Woord. Die regsorgaan is verantwoordelik vir die bediening (positivering) van die reg, maar omdat die kerkraad as regsorgaan niks anders as 'n (be)dienaar van God se Woord is nie, mag kerkrade saam in sinode niks in die kerkorde opneem waaroor daar nie sekerheid is dat dit met die Woord ooreenkom nie. Die norm (die kerkorde) mag nie met die wese (die reg) stry nie. Indien dit vanweë die verduistering deur die sonde tog gebeur dat 'n strydige bepaling in die kerk ingevoer word, is dié bepaling *skynreg* wat in die naam van reg opereer (Van Zyl & Van der Vyver 1982:245,283). Die 'regs'geldigheid van dié bepaling is slegs formeel; dit heers oor die handeling van mense, maar nie oor hulle harte nie. Immers, as dit die Woord is wat in die kerk regeer. (In dié betekenis lees ek Voetius PE IV:178; IV:217v; Rutgers 1894:20).

By 4.2.1.3.3

4. " ... en tog is die krag van verstand of die gevoel van deug nie so volkome in die mensdom uitgewis dat daar nie enkele vonkies van die beginsels van wat reg en eerbaar is in hulle oorgebly het nie. Dit is soos afval van 'n pragtige huis of soos planke wat opdrifsels van 'n skipbreuk is. Sekere reëls van geregtigheid en billikheid het so in die mens se hart inge-graveer en daarin ingebore gebly dat dit aan elkeen voorsê wat wettig (geoorloof) en wat onwettig (ongeoorloof) is, wat hy mag doen en wat hy moet ontwyk ..."

5. " ... dat hulle in 'n mate (nie niks nie) die reël van geregtigheid het ... So het hulle dan 'n wet, want hoewel hulle nie die geskrewe wet van Moses het nie, is hulle nogtans nie geheel en al sonder kennis van wat goed en reg is nie".

6. "Buitendien moet 'n mens nie daaruit verstaan dat in die mense 'n volkome kennis van die wet is nie, maar dat slegs ('n bietjie) saad van die geregtigheid in hulle aard afgedruk is" Vgl. hierby DLR III en IV, 4: "Daar het wel ná die val in die mens nog enkele straaltjies van die lig van die natuur oorgebly waardeur hy enige kennis behou van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betaamlik en onbetaamlik is, terwyl hy ook enigsins 'n strewe openbaar na deug en uiterlike tug."

By 4.2.1.4.2

7. "Gerech is, was auch gut (agathos) ist" (Meurer 1972:41). Die *iustitia Dei* val volkome met die *bonitas Dei* saam (Van't Spijker 1972:15).

By 4.2.1.4.4

8. Die *sinkern* is die spil waarom alles in die wetskring draai. Trouens, "die sinkern moet sy stempel afdruk op elke faset van die wetskring; en alles wat nie die stempel van die sinkern in hom omdra nie, het geen plek in die betrokke wetskring nie" (Van Zyl & Van der Vyver 1982:101).

9. Selfs Sohm, wat uit dié beskouingshoek opereer waar die reg as 'n bloot wêreldlike (menslike) bedryf gesien word en waar die dwangaspek oor die algemeen as die hartaar van die reg beskou word (kyk 4.2.1.2), handhaaf die standpunt dat "... das Recht nicht begrifflich den Zwang fordert ..." en dat "... das Wesen der rechtlichen Befugnis nicht ist, dass sie Zwangsweise durchgesetzt werde" (1892:2,23).

Ej 4.2.1.5.2

10. Om één voorbeeld, waarin baie ander saamtrek, aan te toon: Erler (1983:1) konstrueer die ontwikkeling van 'n "Liebesordnung" na 'n "Rechtsordnung" in die historiese ontwikkeling van die vroeë kerk as liefdesgemeenskap na die gevestigde kerk as regsinstituut. Sy uitgangspunt is die onversoenlikheid tussen liefde en reg en derhalwe tussen liefdesgemeenskap en regsgemeenskap.

By 4.2.1.5.4

11. "Ware geregtigheid kan nie bestaan behalwe in 'n staat waarvan Christus die grondlegger en die heerser is nie".

By 4.2.1.5.5

12. Die "vorm" van die kerk is egter nie *bepalend* vir die wese daarvan, soos wat Hoedemaker (1904:9) beweer nie. Daar moet toegegee word dat 'n verkeerde 'kerkvorm' die wese van die kerk kan beïnvloed. Maar die vorm word deur die wese bepaal.

By 4.2.1.6

13. Omdat hierdie deel van die studie hoofsaaklik die ontplooiing van 'n eie beskouing in die lig van die voorafgaande dele is, en derhalwe die ondersoek uit die konsekwensies dusver in 'n nuwe rigting voer, is dit

plek-plek noodwendig meer 'n *geïnterpreteerde* as 'n *gedokumenteerde* aanbieding. (Dieselfde geld vir 4.3).

By 4.2.1.6.5

14. Nie slegs direkte voorskrifte nie, maar ook die praktyk van die apostoliese kerke in die Skrif en die voorbeelde van die apostels se kerkinrigting is deur die Heilige Gees verorden en derhalwe normatief geldend vir die kerk (Voetius PE III:865; IV:119,129,832).

Aantekeninge by 4.3: KERKORDE IN DIE LIG VAN GOD SE ORDE VIR SY KERK

By 4.3.1

1. Benewens die Skrif en belydenisgenormeerdeheid van die kerkorde, is die faktor dat die kerkorde op die *utilitas ecclesiarum* gerig is ten volle in berekening gebring by die sinodes in die sestiende eeu wat die daarstelling van die Dordtse Kerkorde voorafgegaan het (Pont 1981:110). Daar moet dus duidelik tussen die *essentialia* (beginselsake) en die *circumstantiae* (middelmattige sake) in die kerkorde onderskei word (Jonker (1965:11). Die *essentialia* is die beginsels vir kerkorganisasie en kerkregering wat direk (en indirek) uit die Skrif af te lei is. Die *circumstantiae* is die sake waaroor die kerk in die lig van die Skrif reëlings tref. Lg. moet min wees (Calvyn IV,x,32). Die "beheersende hooflyne" van die kerkorde, m.a.w. die uitdruklike kerkordenende voorskrifte in die Heilige Skrif, sowel as die praktyk van die apostoliese kerke en voorbeelde van die apostels se kerkinrigting in die Skrif (Voetius PE III:865; IV:119,129,832), vorm in die lig van die *generales regulas* wat die Here in sy Woord gegee het die inhoud aan voorskrifte wat sowel die *ordo* as die *decorum* van die kerkorganisasie betref (Calvyn IV,x,30).

By 4.3.2.1.2

2 " ... orde en die gestalte van die regeringsinrigting wat Hyself voorgeskryf het ..."

By 4.3.2.2 1

3. Die uitdrukkings "kerkregtelike bediening" en "bediening van die kerkreg" word in hierdie studie deurgaans as 'n gewysigde maar 'n toepaslike ekwivalent aangebied van wat in die juridiese wetenskappe as die "positivering van die positiewe reg" bekend staan (kyk 4.2.1.6.2).

By 4.3.2.2.2

4. " ... dat ek slegs die menslike insettinge goedkeur wat op God se gesag gegrond en uit die Skrif geneem is, en dus geheel en al goddelik is".

By 4.3.2.2.3

5. Dit beteken eksplisiet nie dat daar 'n komplette kerkorde in die Heilige Skrif dikteer word nie. Sillevius Smitt (1910:114), Bronkhorst (1947:276), Van Itterzon (1974:52), Pont (1981:9), Van der Walt (1976:161), Bouwman (1970:324,325) en ander Gereformeerde kerkregtelikes (vgl. Nauta 1971:16) oordeel dat die Heilige Skrif wel die beginsels voldoende vir 'n komplette skriftuurlike kerkorde gee. Vir Calvyn (IV,X,8,10-15) is die *Ordinatio Dei* die absolute en onvervreembare fondament van die kerkorde. God openbaar hoe Hy gedien wil wees. Die Skrif is nie 'n wetboek waaruit elke indiuiduele reël vir die kerk in duidelik geformuleerde definisies afgelees kan word nie, maar dit bevat ook die openbaring van God se reg en orde vir sy kerk. Sodoende is die Skrif die grond waaruit die beginsels van die kerkorde opgediep moet word. Van der Linde (1965:31) stel dat hierdie beginsels in die kerkorde deur "afleiding" en "nadere reëling" toegepas

moet word na die eis van plek en tydsomstandighede. Daarom moet die Kerkorde in die eerste plek vanuit die Skrif verstaan en toegepas word en in die tweede plek vanuit sy historiese kader.

6. In NGB, art.27-32 kom die 'grondplan' van die kerkorde voor, deurdat die hoofmomente van wat in 'n kerkorde nodig is (vgl. die Dordtse Kerkorde) daaruit afgelei kan word (Tussenkerklike Kommissie 1981:181). Soos wat die belydenis 'n antwoord op die Woord is, so is die kerkorde 'n bevestiging van dié antwoord. Die belydenis antwoord op die vraag "wie is Jesus van Nasa-ret?" in duidelike Skriftermen: "Hy is die Christus, die Seun van die lewende God" (Mt 16:16). Die kerkorde bevestig hierdie antwoord deur te beklemtoon dat dit slegs Hy is wat heerskappy in en oor sy kerk voer, deur sy Woord en Gees (vgl. Hovius 1962:24). Die belydenisvorming van die kerk roep vanself na ordevorming: die ordening van die kerklike lewe waarvolgens die kerk in gehoorsaamheid onder die heerskappy van Jesus Christus in ooreenstemming met sy belydenis kan leef. Dit hou in dat die kerkorde én sy norm in die belydenis vind en dat die belydenis sy praktiese konkretisering in die kerkorde het (Hovius 1962:24; Smit 1984a:68).

By 4.3.2.2.4

7. Ook by die toekenning van die sleutelmag (Mt 16:19) is daar nie sprake van 'afgeleide' of 'gedelegeerde' gesag nie, maar slegs van die bediening van die Woordgesag in die kerkdienaars se hantering van die sleutels van die koninkryk (Smit 1984a:81).

By 4.3.2.2.5

8. Die noodsaaklikheid van God se orde vir sy kerk is voldoende aangetoon (kyk hoofstuk 3.4, veral soos wat dit saamgetrek is in 3.4.4). Bykomend kan die standpunt van Ridderbos ook nog gestel word: "Hij (Paulus) eist deze orde, waar ze ontbreekt, hij prijst haar waar ze aanwezig is, Kol 2:5, en hij wil dat de gemeente zich daaraan onderwerpt, 1 Kor 16:16; Ef 5:21" (1965:197). Die apostel beperk hom nie tot die gee van bepaalde adviese wat hy wel ter oorweging aanbied in bv. 1 Kor 7:6 nie ("κατὰ συγγνώμην, οὐ κατ' ἐπιταγήν": "by wyse van advies, nie by wyse van bevel nie"); maar sy voorskrifte dra uitdruklik die karakter van *bevele*, *opdragte* (παραγγελία; παραγγέλλειν - bv. in 1 Ts 4:2; 1 Tm 1:18, vgl. v.5; 1 Kor 7:10; 11:17; 1 Ts 4:11; 2 Ts 3:4,6,10,12; 1 Tm 1:3; 4:11; 5:7; 6:13, 17) en ook van *verordeninge* (διατάσσειν, διατάσσεσθαι - bv. in 1 Kor 7:17; 11:34; 16:1; Tt 1:5). Orde in die kerk op apostoliese gesag (d.w.s. God se orde vir sy kerk) is 'n *bevel* en 'n *verordening* (Ridderbos 1965:197).

9. "Maar ons moet vashou wat ons uit Paulus aangehaal het, dat die kerk op geen ander wyse gebou word as deur die uiterlike prediking nie, en dat die heiliges deur geen ander band onderling verbonde is as wanneer hulle eendragtig lerend en vordering makend die orde van die kerk onderhou wat deur God voorgeskryf is nie".

By 4.3.2.2.6

10. " ... die orde en die regeringsinrigting wat Hyself voorgeskryf het".

11. "Nou moet ons spreek oor die orde waardeur die Here wil dat sy kerk regeer word".

12. Hiermee word natuurlik nie gesê dat die laaste woord gesprek is oor die vraagstuk of daar slegs een kerkregeringsvorm, of meer, in die Skrif aan te tref is nie (vgl. Pont 1985:169; Plomp 1967b). Wat hier wél gesê word, is dat God één orde vir sy hele kerk gegee het, en dat die presbiteriale kerkregeringstelsel die suiwerste vertolking daarvan is (kyk 2.8.5 en 2.9).

By 4.3.4.3

13. Hoewel die kanonieke reg as God se reg vir sy kerk in hierdie studie deurgaans afgewys word (kyk 2.2.2, 2.8.1 en 2.9), beteken dit nie dat daaruit geen lering geneem kan word nie, hier bv. t.o.v. die *aequitas*-begrip in die toepassing van die kanonieke reg.

5. BESLUIT

Omdat die konklusies uit die een afdeling in die ander verwerk is en in die laaste afdeling (*Aktueel-Funksioneel*) as 'n geheel tot 'n sintese gebring is, word slegs die eindkonklusies hier ter afronding van die studie aangebied. Met eindkonklusies word hier bedoel die direkte beantwoording van die probleemstelling en die vrae wat ter aanvang rondom die probleemstelling uitgekristalliseer het (kyk 1.2). Hier word anders as in die probleemstelling, sentrifugaal van die middelpunt na die periferie beweeg.

Eerstens die kernkonklusies

- * God is self die Bepaler en die Bedienaar van die reg en die orde vir sy kerk.
- * *God se reg is dit wat ooreenkomstig sy wil goed in sy oog is. Dit is reg: die norm wat Hy vir die mens se verhoudinge en gedrag, trouens, vir die mens se hele lewenswyse, stel. God se geregtigheid is die realisering van sy reg in sy handeling met en vir die mens. Sy geregtigheid is altyd reg, dit kom volkome met sy wil ooreen.*
- * God se orde vir sy kerk is tweevoudig: *Eensyds is dit die orde wat Hy deur middel van bepalinge en voorskrifte met die oog op 'n bepaalde lewenswyse gegee het by wyse waarvan die herstelde mensheid in gehoorsaamheid tot Hom moet lewe. Andersyds kom die kerk as die herstelde gemeenskap deur die aanvaarding van die voorgeskrewe lewenswyse te voorskyn en is só die beliggaming van die nuwe orde, oftewel die verus ordo.*
- * Kerkreg is nie God se reg vir sy kerk nie. Die skriftuurlike kerkreg kan egter nie geheel en al van God se reg vir sy kerk geskei word nie,

omdat dit die navorsing, die verklaring en die toepassing maak van God se reg en orde vir die kerkregering is.

- * Só gesien is kerkreg nie bloot menslike aktiwiteit nie; en verder gevat is kerkreg *nie* die vergestaltung van die meerderheidswil in die kerk nie. Omdat die skriftuurlike kerkreg 'n wetenskaplik-gehoorsame navolging, verklaring en sistematisering van die Woord insake God se reg en orde vir sy kerk is, moet die kerkreg die 'bediening' van God se reg en orde vir sy kerk wees. Só kan kerkreg kerklike regspositiwisme geheel en al ontkom.
- * Kerkreg is 'n 'bedienings'-wetenskap. Dit het nie die mag om wette te positiver, soos die staatlike reg nie. Kerkreg moet van die standpunt uitgaan dat die reg nie deur die mens (die kerk) bepaal word nie, maar dat die reg deur God bepaal en in sy Woord gegee (bedien) word. Maar omdat die Woord nie 'n tydlose wetboek is of 'n juridies-uitgewerkte regsorde vir sy kerk aanbied nie, is dit die funksie van die kerkreg om God se reg en orde vir sy kerk na te vors, te verklaar en gesistematiseer weer te gee. Kerkreg *skep* dus nie 'n regsorde nie, maar *bedien* 'n regsorde. Daarteen *skep* die staatsowerheid deur die staatlike regsordening 'n regsorde wat hy deur die staatlike regstoepassing handhaaf en afdwing.
- * Die kerkorde is nie God se orde vir sy kerk nie. Die kerkorde is as vrug van die kerkregbeoefening in essensie die gesistematiseerde verklaring en weergawe van God se orde vir sy kerk. (In die kerkorde is daar ook kerklike regulatiewe ordereëlings vir die kerk wat met die bedoeling van die Skrif moet ooreenkom, wat egter praktiese aangeleenthede raak en derhalwe nie gewetensbindend is nie.) As die wyse (*modus quo*) waarop die kerk in ooreenstemming met God se wil moet leef,

bevat die kerkorde vanselfsprekend ook 'n neerslag van die Skrifbeginsels (die *quod*) op grond waarvan die kerk ooreenkomstig God se wil kerk moet wees. Wesenlik is die kerkorde vir die kerkregering die beginseldraende rigtingpyler (*riglyn*) na die Skrif toe.

* Omdat die kerkorde nie deur die kerkreg 'gepositiveer' is nie, is dit nie 'n kerkwet nie. Die kerkorde is nie 'n selfstandige regsdraende entiteit wat met eie gesag soos 'n wet (statuut) fungeer nie. Trouens, die kerkorde wys nie soos 'n wet op homself nie, maar wys weg van homself na die Woord van God toe. Die kerkorde is dus nie 'n wet op welke oortreding allerlei strafmaatreëls in werking gestel word nie. In die kerklike regsuitoefening gaan dit nooit om oortredinge van die kerkorde nie maar om oortredinge van die Woord van God. Daarenteen gaan dit in die staatlike regsuitoefening wel om oortredinge van die staatswette.

* Die kerkorde moet in die lig van bogenoemde nie rigoristies toegepas en formalisties deurgedryf word nie. Die kerkorde moet met *wysheid* en *billikheid* as 'n rigtingpyler na God se Woord vir elke situasie wat mag voorkom, gehanteer word. Daar moet steeds in ag geneem word dat die kerkorde wesenlik niks minder is as die *beveiliging* van die Woordverkondiging nie. Daarom is die kerkorde óók die beveiliging van die drie *sola*'s van die reformatie. Só dien die kerkorde tot die *opbouing* van die kerk van die Here waarvoor Hy alleen die regeeringsmag beskik.

* Indien die kerkorde die bron vir die kerkreg sou wees, sou die kerkorde as 'n selfstandige regsdraende entiteit veronderstel word waaruit die reg afgelei moet word. Sodoende sou die samesteller van die kerkorde (die kerkvergadering) die regsbepaler en die ordebepaler vir

die kerk word. Dit sou die kerkregering tot 'n bedryf van menslike regspositiwisme vervorm waarin Christus se heerskappy oor sy kerk verdring sou word. Die juiste verhouding van kerkreg en kerkorde lê daarin dat die kerkorde die vrug van die kerkregtelike arbeid is. Deur die kerkreg word die beginsels vir die kerkinstituering, die kerkorganisasie en die kerkregering uit die Skrif herlei - waardeur die kerkorde tot stand kom. Die verhouding kerkreg en kerkorde, só gesien, stel die moontlikheid daar dat die Skrifbeginsels in die kerkregering kan fungeer en dat Christus se heerskappy in sy kerk ook op dié wyse tot vergestaltung kan kom. Dit is geen absolute waarborg teen menslike heerskappy in die kerk van die Here nie, maar dit dien tot beveiliging van Christus se heerskappy in sy kerk. Die omvattende verhouding kerkorde en Heilige Skrif, kerkorde en belydenis, kerkorde en kerkreg, kerkorde en geskiedenis, kan soos volg saamgevat word: *Die kerkorde word deur die Heilige Skrif gefundeer en daarin via die belydenis genormeer; die kerkorde word deur die kerkreg geformeer en geprogrammeer; die kerkorde word deur sy geskiedenis gesitueer.*

Tweedens die periferiese konklusies

- * 'n Kerkregering waarin God nie ook in die praktyk as die Bepaler en die Bedienaar van sy reg en orde vir sy kerk erken word nie, word onontkombaar 'n bedryf van menslike regspositiwisme. Uiteindelik is dit die mens wat òf deur 'n menslike outokraat in die kerk, òf deur die staatsowerheid, òf deur die meerderheidswil van die kerk, die heerskappy in die kerk van die Here monopoliseer (en dikwels manœuvreer). God het 'n kenbare orde in sy Woord gegee waarvolgens sy kerk regeer moet word. Maar die vraag is nou: Beantwoord die episkopaalse

stelsel òf die Lutherse, òf die Erastiaanse, òf die kollegialistiese, òf die kongregasionalistiese òf die presbiteriale stelsel aan God se regeerinsorde vir sy kerk? Nie die *perspicuitas* van die Skrif kom hier in die gedrang nie, maar die menslike interpretasievermoë, die mens se hermeneuse wat deur die sonde verdonker is. Die norm wat in hierdie studie gestel word vir 'n beoordeling van watter wyse van kerkregering te verantwoord is as die wyse waarop die Here sy kerk wil regeer, is: *die erkenning van God as die enigste Bepaler en Bedienaar van sy reg en orde vir die kerk.* Die kerkregeringstelsel wat ook in die kerkregeringspraktyk gestalte aan dié beginsel gee, het vanselfsprekend die basis geskep op grond waarvan Christus se heerskappy in die kerk vergestalt kan word.

* Die kerkregering kan slegs aan God se reg en orde vir sy kerk beantwoord deur 'n kerkreg waardeur die Skrif eksegeties nagevors word, nie biblisisties nie maar belydenisgebonde, en 'n kerkorde daarstel wat essensieel 'n gesistematiseerde verklaring en weergawe van die Skrifbeginsels vir die kerk se ontstaan, sy bestaan en sy voortbestaan is. So kan verhoed word dat menslike besluite in die kerk as 'goddelike reg' geyk word. Die vraag is nie wat vir die kerkvergadering die beste lyk met die oog op 'n beslissing nie; die vraag is: wat sê die Woord van die Here met betrekking tot die bepaalde situasie? Die kerkregering wat aan die hand van 'n skriftuurlike kerkorde sy leiding in die Skrif vind, en onvoorwaardelik daarvoor buig, is 'n kerkregering waarin die stem van Christus oor sy kudde opklink.

* So 'n kerkregering is egter nog nie 'n waarborg vir die geloof nie. Só 'n kerkregering is egter wel die kragtige en noodsaaklike instrument waardeur die Woordverkondiging in al sy geledinge (as bewerker van

die geloof) beveilig word om ongehinderd te kan deurgaan. Maar juis omdat God die Bepaler en die Bedienaar van die reg en die orde vir sy kerk is, en omdat die Woordverkondiging deur die werking van die Heilige Gees die hartslag van kerkwees is, kan daar selfs nog sprake van Christus se heerskappy wees waar die Woord in waarheid verkondig word ondanks 'n kerkregering waarin menslike regspositiwisme hoogty vier. Die noodsaaklikheid van 'n skriftuurlike kerkregering blyk uit die noodsaaklikheid van die beveiliging van die Woord in die kerk, sodat die ware woordverkondiging nie uiteindelik ook deur menslike heerskappy verdring word nie. Die skriftuurlike kerkregering het aan die hand van 'n skriftuurlike kerkorde in werklikheid die beveiliging van alldrie sola's van die reformasie op sy agenda.

Derdens die slotkonklusie

* Hiermee meen ek dat ek voldoen het aan die doelstelling van hierdie studie, naamlik *om die aard en die betekenis van kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk te bepaal* (kyk 1.5).

Die slotkonklusie is eenvoudig, dit kom uit die hart: Die kerk leef nog in die nag, maar die lamp in sy hand is die lig van 'n nuwe dag wat breek: die dagbreek van God se reg en orde vir sy volk.

Op Hóm wag ons.